



Oor Struikelblokke en Hoekstene

Deur Louwrens Erasmus

© 2018

Shama Ministries 023359

NPO

Hierdie boek is gelisensieer vir eie gebruik. Indien die boek jou gehe[p het in jou verhouding met die HERE, vertel gerus jou vriende daarvan.

My lewe het in 1995 'n drastiese wending geneem na 'n nood operasie vir my blindederms. Toe ek my oë oopmaak na die operasie het die dokter my vertel dt ek baie gelukkig kan wees, aangesien hulle nie net my blindederms kon verwyder het nie, maar ook so 'n meter van my dunderms wat 'n kanker gewas gehad het. Indien hulle dit nie gevind het nie, sou ek heel moontlik binne 'n jaar van kanker gesterf het. Nie die sort van nuus wat jy verwag nie.

So ek lei aan 'n seldsame kanker bekend deesdae as NET kanker maar was vroeër as Carcinoid bekend, en indien die gewas funksioneel was het dit Carcinoid sindroom veroorsaak. Dit is by my die geval en maak dit vir myself onmoontlik om enige beroep te kan beoefen. Dit is nou al sedert 2013 die geval.

Ek glo nie iemand is gereed om op 44 jarige leeftyd te hoor dat jy gaan sterf nie. Dit het my gedwing om seker te maak dat die dag wanneer ek my oë toemaak op hierdie aarde, ek by my verlosser en saligmaker, Jesus sal wees. So al die boeke wat u hier sal vind by www.shama.org.za het ek geskryf in my soeke na dit wat vir my die sekerheid sou gee dat ek saam met Jesus, die Vader en al die gelowiges in die agste dag, die dag sonder begin en einde, sal wees.

Behalwe vir 'n klein pensioen vertrou ons dat daar wel eendag mense donasies sal skenk om ons lewens te vergemaklik, veral nadat my vrou in die tussen tyd haar eie stryd met kanker gehad het. Sy het 'n bilaterale mastektomie ondergaan, en is vandag kanker vry, maar met baie lelike operasie wonde wat dit ook onmoontlik maak om enige kuns borste te kan dra. Oor die afgelope tien jaar het ons darem al twee donasies ontvang al word die artikels en boeke teen 'n tempo van 200+ per maand afgelaai.

Indien u 'n bydrae aan ons wil maak sodat ek die nodige mediese behandeling kan ontvang om my stryd van dertig+ jare te vergemaklik, of om vir herstel werk by haar te kan doen, het ek die nodige besonderhede hieronder aangeheg en kan u dit plaaslik of internasionaal gebruik. Gebruik u foon se kamera om die QR kode te skandeer en dan vir ons 'n bydrae te maak.

My persoonlike blog is louwrense@blogspot.com.

Facebook: <https://www.facebook.com/ShamaMinistries>



<https://buymeacoffee.com/louwrens>

INHOUDSOPGAWE - OOR STRUIKELBLOKKE EN HOEKSTENE

Inhoudsopgawe - Oor Struikelblokke en Hoekstene.....	3
Hoofstuk 1.....	6
Tekste oor struikelblokke.....	7
Maar hoekom is daar struikelblokke?.....	9
Fisiese struikelblokke.....	11
Die gedeelte kom uit hoofstuk 10 van die brief van Barnabas:.....	12
Wat is die betekenis van die hoofstuk?.....	13
Verdere struikelblokke.....	15
Aan Éfese.....	17
Verskuilde struikelblokke: Voorbeeld of skadu? Wat is wat?.....	20
Herstel van die tempel in opdrag van die Roomse keiser.....	26
Hoofstuk 2.....	28
En nou kan ons aanbeweeg na die tydperk tot en met die reformatie.....	28
Die struikelblokke – Eerstens die Jode as nasie.....	29
Jode – Nasie of Kerkgroep?.....	29
Maar hoe nou gemaak met ander mense van ander nasies?.....	33
Die Jode in Handeling.....	39
Inleiding.....	39
Nou die skrifgedeeltes.....	39
Hoofstuk 3.....	48
Nou kan ons kom by die volgende struikelblok, die reformatie.....	48
95 stellings 31 Oktober 1571 Augsburgin Wikipedia, die vrye ensiklopedie.....	48
Die eerste 25 van die 95 stellings in Latyn, wat in 1522 deur Melchior Lotter in Wittenberg gedruk is.....	48
Luther se struikelblokke.....	54
Hoofstuk 4.....	58
Calvyn.....	58
nou kom ons by sy bekende “TULIP” leerstelling, wat ek net vinnig gaan aanraak.....	58
Opsomming.....	60
Calvyn se persoonlike lewe.....	65
Calvin believed that Jewish people were impious, dishonest, lacked common sense, were greedy, and should die without pity.....	66
Hoofstuk 5.....	68
Opsomming oor die Roomse Kerk en die Reformatie beweging.....	68
Calvyn se probleme is daar baie oorgeskryf, maar ek sal dit net in opsomming hier deel.....	73
Miguel Servet, Calvin.....	73
Calvinist Atrocities.....	74

Hoofstuk 6.....	77
Die positiewe van die reformatie.....	77
Die Eerste Muur – Die Gesag Van Die Kerk.....	77
Die Tweede Muur – Die Geleerdes.....	79
Die Derde Muur – Die Interpretasie Van Die Bybel.....	79
Hoofstuk 7.....	82
Die negentiende eeu.....	82
Hoofstuk 8.....	87
En nou kom ons by die Hoeksteen.....	87
Die hoeksteen.....	88
“Rick Warren Partnering With Mosques To Teach That God And Allah Are The Same Rick Warren Partnering With Mosques To Teach That God And Allah Are The Same.....	88
Wie is dan die verkeerde Jesus?.....	93
Wat behels hierdie verbond?.....	94
Stappe van verbond.....	95
Hoofstuk 9.....	100
Petrus as rots van die Kerk.....	100
Maar wat is Petrus se lerings?.....	100
Maar wat het dit beteken dat Jesus moes sterf en toe weer opstaan?.....	103
Samevatting van die gedeelte.....	107
Hoofstuk 10.....	109
Die sewe deugde van die mees suksesvolste Christenne-Gebaseer op die 2de brief van Petrus.....	109
Die antwoorde.....	110
Die deugde.....	111
Hoofstuk 11.....	116
Slotsom.....	116
Die driehoekslering.....	119
Maar wat is ‘n dienskneg leier? Hoe dien God ons?.....	121
Daar is twee fundamentele punte wat handel oor die mense wat Hy lei, en dan vyf dade wat hierdie geloof prakties in aksie laat oorgaan.....	121
Donations / Donasies.....	123
Addendum 1 – CI Scofield.....	124
THE STORY OF SCOFIELD'S LIFE.....	124
The GOSPEL TRUTH.....	124
THE STORY OF SCOFIELD'S LIFE.....	125
CYRUS I. SCHOFIELD IN THE ROLE OF A CONGREGATIONAL MINISTER.....	129
SCOFIELD NOTES ANSWERED by CHARLES GILBERT WESTON.....	136
SCOFIELD'S BASIC ERRORS.....	139
A FINAL WORD.....	149

DANIEL'S 70 WEEKS.....	149
THE REAL ISRAEL: The Teaching of Romans 11 by CHARLES GILBERT WESTON.....	153
ORIGIN OF SCOFIELD HERESIES by EMMA MOORE WESTON.....	160
C.I. Scofield: Father of the Heresy of Christian Zionism By Kevin A. Lehmann on in Christian Theology	167

.....

.....

OOR STRUIKELBLOKKE EN HOEKSTONE

HOOFSTUK 1

Ek het so 'n ruk gelede begin dink oor die onderwerp. Dit was na aanleiding van so 'n paar artikels wat ek geskryf het en ook navorsing wat ek gedoen het oor die vroeë Kerk. Dit het my nogal opgeval hoe die HERE Israel waarsku deur die profete, maar dat die profete self ook gewaarsku word dat hulle ook gestraf sal word indien hulle nie die volk waarsku wanneer hulle deur die HERE aangesê word om die mense te waarsku nie.

En dan natuurlik vind ons ook Jesus se uitsprake oor die twee onderwerpe. Ons lewe so in 'n tydperk waar almal tog net in liefde met alle mense wil lewe, want dit is hoe hulle die Bybel interpreteer. Jy mag niemand op hulle foute wys nie want jy moet eers die balk uit jou eie oog haal voordat jy die splinter in jou broer se oog mag aanraak. Maar is dit werklik wat die boodskap van die Bybel is? Moet ons maar altyd net die ander wang draai, want dit is tog wat die bergpredikasie ons leer?

Ek dink dit is waar die probleem met ons as Christene juis vandaan kom. Ons wil so graag net ons versie hê en dan 'n hele teologiese standpunt daarop bou. Daar was nou onlangs die geval van 'n verslaggewer wat ou foto's gebruik het om sy agenda mee te ondersteun tydens die swart Maandag optogte, en toe hy uitgevang word 'n verskoning aanbied. En daar kry ek dit onmiddellik dat ag ons vergewe jou want Jesus het my vergewe. Nee, hoeveel moorde gaan daar nou as gevolg van sy agenda gepleeg word, want die boodskap is klaar deur al die politieke partye ondersteun en is daar selfs deur Malema verklaar dat ons as blanke mans moet oppas want hulle sal ons nog almal kom dood maak. En Ramaphosa staan nie vêr agter Malema nie. Ek is jammer, maar dit is 'n struikelblok wat deur beide die verslaggewer en die kommentator in my pad as Christen kom lê is, want ek moet nou mos die ander wang draai en maak asof niks gebeur het nie. Word die verslaggewer daarop gewys dat sy daad vir hoeveel plaasmoorde gebruik sal word deur enige van die persone, nee. Ek moet stilbly want dit is mos hoe 'n Christen optree. Miskien die wat in die voorspoed teologie glo, maar nie ek nie. So daar word verwag dat ek nou moet stilbly en niks sê nie. Nee, die persoon het rassehaat tot 'n hoër vlak in die samelewing geneem en hy sal verantwoording daarvoor moet doen, maar ek moet hom tereg wys, sodat hy dit nie weer doen nie. En die boere se lewens sal van hom af geëis word deur die HERE. Lukas 17 gee Jesus juis vir ons die oplossing: ***“Dit is onvermydelik dat die struikelblokke kom, maar wee hom deur wie hulle kom. Dit is beter vir hom as 'n meulsteen aan sy nek gehang en hy in die see gegooi word”***. Maar dit is nie net by ons vandag waar die probleem kop uitsteek nie, die probleem het al by die Kerk in Paulus se dae ook al kop uitgesteek.

“Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie weer onder die juk van diensbaarheid bring nie. Kyk, ek, Paulus, sê vir julle dat as julle jul laat besny, Christus vir julle tot geen nut sal wees nie. En ek betuig dit weer aan elke mens wat hom laat besny, dat hy onder verpligting is om die hele wet te onderhou. Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval. Want óns verwag deur die Gees uit die geloof die geregtigheid waarop ons hoop. Want in Christus Jesus het nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk. Julle het goed geloop: wie het julle verhinder om die waarheid gehoorsaam te wees? Hierdie oortuiging kom nie van Hom wat julle roep nie. 'n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur. Ek vertrou van julle in die Here dat julle nie anders sal dink nie; maar die een wat julle in die war bring, sal die oordeel dra, wie dit ook mag wees. Maar ek, broeders, as ek nog die besnydenis verkondig, waarom word ek nog vervolgt? Dan is die struikelblok van die kruis vernietig! Ag, as die wat julle opstandig maak, hulleself tog maar ook wou vermink! Want julle is tot vryheid geroep, broeders; gebruik net nie julle vryheid as 'n

aanleiding vir die vlees nie, maar dien mekaar deur die liefde. Want die hele wet word vervul in een woord, naamlik: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Maar as julle mekaar byt en opeet, pas op dat julle nie die een deur die ander verteer word nie.” (Gal 5:1-15)

Hier leer ons dat Paulus weer vir die gemeente in Galasië daarop moet wys dat niks wat ek doen my in die Hemel gaan kry nie. Hier sien ons dat iemand weer fisiese besnyding verkondig het aan hulle, en dat Paulus weer moes inspring om te wys dat fisiese besnyding ons weer onder die wet plaas. Dan verloor ons weer ons vryheid wat die kruis vir ons gebring het.

Dan skryf Paulus ook aan Timoteus hoe ons die Skrif moet gebruik: *“Maar jy het my navolger geword in leer, lewenswandel, planne, geloof, lankmoedigheid, liefde, lydsaamheid, vervolginge, lyding, soos my te beurt geval het in Antiochië, in Ikónium, in Listre. Watter vervolginge het ek nie al verdra nie! En die Here het my uit almal verlos. En almal wat ook godvrugtig wil lewe in Christus Jesus, sal vervolgd word. **Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger**, hulle wat verlei en verlei word. Maar bly jy in wat jy geleer het en waarvan jy verseker is, omdat jy weet van wie jy dit geleer het, en dat jy van kleins af die heilige Skrifte ken wat jou wys kan maak tot saligheid deur die geloof in Christus Jesus. **Die hele Skrif is deur God ingegegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.**” (2Ti 3:10-17)* Ek wil net graag dat u weer na die vetgedrukte gedeelte kyk. Paulus sê uitdruklik dat ons die skrif moet gebruik vir teregwysing en weerlegging. Nou as ek nie vir iemand op hulle foute mag wys soos die mense graag wil hê ons as Christene moet optree nie, dan is ek mos ongehoorsaam aan die HERE. Nou ek sal eerder die mense ongehoorsaam aan wees as die HERE. So ek steur my nie aan die struikelblokke wat die “goeie” mense voor my lê nie, want ongelukkig vir hulle is daar ook ‘n skrifgedeelte wat direk na hulle verwys. *“En Hy het vir sy dissipels gesê: **Dit is onvermydelik dat die struikelblokke kom, maar wee hom deur wie hulle kom. Dit is beter vir hom as ‘n meulsteen aan sy nek gehang en hy in die see gegooi word, as dat hy een van hierdie kleintjies sou laat struikel. Pas op vir julleself. En as jou broeder teen jou sondig, bestraf hom; en as hy berou kry, vergewe hom.**”* Luk 17:1-3.

TEKSTE OOR STRUIKELBLOKKE

Ek het so ‘n vinnige soek deur die Bybel gedoen en die volgende verse gevind:

Struikelblokke

*Luk 17:1-4 En Hy het vir sy dissipels gesê: **Dit is onvermydelik dat die struikelblokke kom, maar wee hom deur wie hulle kom. Dit is beter vir hom as ‘n meulsteen aan sy nek gehang en hy in die see gegooi word, as dat hy een van hierdie kleintjies sou laat struikel. Pas op vir julleself. En as jou broeder teen jou sondig, bestraf hom; en as hy berou kry, vergewe hom.*** En as hy sewe maal op ‘n dag teen jou sondig en sewe maal op ‘n dag na jou terugkom en sê: Ek het berou—moet jy hom vergewe.

1Sa 25:31 dan sal daar vir u geen struikelblok en vir my heer geen gewetenswroeging wees dat u sonder oorsaak bloed vergiet het en my heer homself hulp verskaf het nie; en as die HERE goed sal doen aan my heer, moet u aan u dienaars dink. Hier sien ons hoe Dawid sy vrou Abigail kry nadat Nabal gedood is deur die HERE. Hier noem of profeteer sy dat daar geen struikelblok vir Dawid sal wees nie.

Psa 119:165 Die wat u wet liefhet, het groot vrede, en vir hulle is daar geen struikelblok nie.” Die Psalm verklaar weer dat daar geen struikelblok sal wees vir die wat die HERE se wet lief het en Hom vrees nie.

Jes 57:14 En hulle sal sê: Vul op, vul op, berei die weg, verwyder die struikelblok uit die weg van my volk.

Jer 6:21 Daarom, so sê die HERE: Kyk, Ek gooi struikelblokke voor hierdie volk waarom hulle sal struikel, vaders en seuns tesame; die buurman en sy vriend sal omkom.

Jes 57:14 En hulle sal sê: Vul op, vul op, berei die weg, verwyder die struikelblok uit die weg van my volk.

Esg 3:20 En as 'n regverdige hom van sy geregtigheid afkeer en onreg doen, en Ek 'n struikelblok voor hom gooi, dan sal hy sterwe; omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy deur sy sonde sterwe, en aan sy geregtigheid wat hy beoefen het, sal nie gedink word nie; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis.

Esg 7:19 Hul silwer sal hulle op die strate gooi, en hulle goud sal 'n voorwerp van afsku wees; hul silwer en hul goud sal hulle nie kan red in die dag van die grimmigheid van die HERE nie; hul siel sal hulle daarmee nie versadig of hul ingewande daarmee vul nie, want dit was die struikelblok tot hulle ongeregtigheid.

Esg 14:3 Mensekind, hierdie manne het hulle drekgode in hulle hart opgeneem en die struikelblok tot hulle ongeregtigheid voor hulle aangesig neergesit—sou Ek My dan werklik deur hulle laat raadpleeg?

Esg 14:4 Daarom, spreek met hulle en sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Elke man uit die huis van Israel wat sy drekgode in sy hart opneem en die struikelblok tot sy ongeregtigheid voor sy aangesig neersit en na die profeet toe kom—Ek, die HERE, sal hom daarvolgens, volgens die menigte van sy drekgode, antwoord gee;

Esg 14:7 Want elke man uit die huis van Israel en uit die vreemdelinge wat in Israel vertoef, wat hom afsonder en My nie navolg nie en sy drekgode in sy hart opneem en die struikelblok tot sy ongeregtigheid voor sy aangesig neersit en na die profeet toe kom, dat dié My vir hom kan raadpleeg—hom sal Ek, die HERE, self antwoord gee.

Esg 18:30 Daarom sal Ek julle oordeel, o huis van Israel, elkeen volgens sy weë, spreek die Here HERE. Bekeer julle en wend julle af van al julle oortredinge, sodat dit nie 'n struikelblok tot ongeregtigheid vir julle mag wees nie.

Esg 21:15 Ek het die slagbank van die swaard opgestel teen al hulle poorte, dat die hart kan smelt en die struikelblokke baie kan wees. Ag, dit is gemaak tot 'n weerligstraal, dit is glad gemaak om te slag.

Esg 44:12 Omdat hulle hul gedien het voor hulle drekgode en vir die huis van Israel 'n struikelblok tot ongeregtigheid was, daarom het Ek my hand teen hulle opgehef, spreek die Here HERE, sodat hulle hul ongeregtigheid moet dra.

Sef 1:3 Ek sal wegraap mense en diere, Ek sal wegraap die voëls van die hemel en die visse van die see en die struikelblokke saam met die goddelose, ja, Ek sal die mense uitroei van die aardbodem af weg, spreek die HERE.

Mat 13:40-41 Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld: die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

Mat 16:23 Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n

struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.

Mat 18:7 Wee die wêreld weens die struikelblokke! Want dit is noodsaaklik dat daar struikelblokke kom, maar wee die mens deur wie die struikelblok kom.

Luk 17:1 En Hy het vir sy dissipels gesê: Dit is onvermydelik dat die struikelblokke kom, maar wee hom deur wie hulle kom.

Rom 11:9 En Dawid sê: Laat hulle tafel vir hulle wees 'n vangnet en 'n strik en 'n struikelblok en 'n vergelding.

Rom 14:13 Laat ons dan mekaar nie meer oordeel nie, maar besluit dit liever, om nie die broeder 'n hindernis of struikelblok in die weg te lê nie.

1Ko 1:23 maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke;

1Ko 8:9 Maar pas op dat hierdie vryheid van julle nie miskien 'n struikelblok word vir die wat swak is nie.

2Ko 11:29 Wie is swak en ek is nie swak nie? Aan wie word 'n struikelblok in die weg gelê en ek is nie aan die brand nie?

Gal 5:11 Maar ek, broeders, as ek nog die besnydenis verkondig, waarom word ek nog vervolgt? Dan is die struikelblok van die kruis vernietig!

Opn 2:14 Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.

In die eerste paar gedeeltes van die Ou Testament vind ons gedeeltes wat oor algemene riglyne gaan of op spesifieke toestande van toepassing was. Nou wanneer ons by die profete uitkom, vind ons dat die woord baie gebruik word, veral in Esegïël. U. Mag dalk vra: "Maar hoekom?" Eerstens verklaar die profeet dat Israel en die wat in Israel vertoef, so ook die mense wat uit ander nasies hulle by Israel, die Ou Testamentiese Kerk gevoeg het, baie drekgode opgeneem het.

Maar wat is 'n drekgod? 'n Drekgod is 'n afgod wat iemand aanbid in die plek van die ware God, die God wat hemel en aarde gemaak het. So het ons ook baie afgode, by party is die fisiese welstand, ander oor hoe ons lyk, ons mooi lyfie, ons blink motors, ons huis en huisie by die see. Indien enige iets hoër geag word as diens aan die HERE, is dit 'n afgod, en op sy beurt 'n struikelblok.

MAAR HOEKOM IS DAAR STRUIKELBLOKKE?

Terug na die bergpredikasie. Hier van vers 17 af van Mattheus hoofstuk 5, probeer Jesus die mense wys dat wat ek ook al probeer doen, my nie in die hemel gaan kry nie. Daardoor dat Hy al hierdie voorbeelde gebruik want die mens dink mos net die fisiese daad is sonde, maar Jesus wil vir ons bewys dat selfs net ons gedagtes alreeds sondig is, en dat dit dan so goed is asof ons alreeds die sonde in die vlees gepleeg het. En dan natuurlik die gedeelte waarna ek hierbo ook na verwys het wat sê ons moet maar die ander wang ook draai as iemand ons op die een slaan. So dit word gebruik om te sê ons mag nie vergelding doen nie.

Jesus begin die gedeelte van die bergpredikasie met 'n gedeelte wat moeilik is om te begryp, en sluit af met 'n vers wat ek dink meeste mense maar net lees en nie verstaan waaroor dit gaan nie, so ons ignoreer dit maar. Maar, dit is juis die middelpunt van waaroor die bespreking gaan.

“Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul. Want voorwaar Ek sê vir julle, voordat die hemel en die aarde verbygaan, sal nie een jota of een titteltjie van die wet ooit verbygaan totdat alles gebeur het nie. Elkeen dus wat een van die minste van hierdie gebooie breek en die mense só leer, sal die minste genoem word in die koninkryk van die hemele; maar elkeen wat dit doen en leer, hy sal groot genoem word in die koninkryk van die hemele. Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie.” (Mat 5:17-20)

Hier gebruik Jesus die woord waaroor die hele Bybel gaan, en dit is geregtigheid. Moses het vir Israel in Deuteronomium 6 gesê dat hulle geregtigheid uit die onderhouding van die wet afhang: *“En die HERE het ons beveel om al hierdie insettinge te volbring, om die Here onse God te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is. **En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het.**” (Deu 6:24-25)*

En nou kom Jesus en sê dat Hy het gekom om die wet te vervul en nie te ontbind nie. Maar nou moet ons kyk hoe die Fariseërs probeer lewe het, en die Jode van vandag nog steeds probeer om nie op die Sabbatdag, party sê Vrydag/Saterdag en ander weer Saterdag/Sondag, geen werk probeer doen nie. So alles is ten volle outomaties in die huis. Maar kom ons gaan terug na die Fariseërs. Die Fariseërs het selfs tiendes gegee van dit wat nie eers voorgeskryf was nie: *“Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle gee tiendes van kruisement en anys en koljander, en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en die barmhartigheid en die trou. Hierdie dinge behoort julle te doen sonder om die ander na te laat.” (Mat 23:23)*

En dan sê Jesus as ons geregtigheid nie groter as die van die Fariseërs is nie, ons nie in die hemel sal kom nie. So dit beteken nie dat ons nou maar alles kan vermy wat die Fariseërs gedoen het nie, want Jesus sê dat geen iets sal verander van die wet nie. En nou sit ons met 'n groot dilemma. Ons moet beter wees as die Fariseërs, en die wet is nog geldig.

Wat doen ons nou?

Nou kom Paulus en verduidelik vir ons hoe dit moontlik is om so te lewe. *“Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe. Maar die geregtigheid wat uit die geloof is, sê dit: Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring; of: Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode op te bring? Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig: **As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word; want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.** Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie. Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep. Want: Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.” (Rom 10:5-13)*

En dan die laaste vers van die bergpredikasie: *“Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.” (Mat 5:48)*

So hieruit leer ons dat my geregtigheid net kom uit dit wat Jesus kom doen het op aarde. Soos Hy sonder sonde gesterf het, net so sien die Vader my raak wanneer ek my voeg by die wat Hom as hul HERE en verlosser stel. En dit beteken ek moet my lewe verander, glo dat ek die dood verdien maar dat Hy alleen my kan red van die dood, en nagmaal gebruik. En weet jy wanneer Jesus se bloed my skoon gewas het en ek gaan daarna in die doopwater, en is ek uit Egipte, die plek waar die Satan heers, en bevind ek myself onder Sy heerskappy, Dan is die laaste vers van die bergpredikasie wat so moeilik is om te verstaan nie meer moeilik nie, want Jesus het die pad vir my berei en kan ek met

vrymoedigheid na die genadetroon toe gaan om op die regte tyd gehelp te word, soos bespreek word in Hebreërs 4. Dan is ek volmaak, want Jesus is volmaak, en ek besit Sy geregtigheid en dan Sy volmaaktheid.

Johannes beskryf dit ook vir ons: *“Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie. En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liever gehad as die lig; want hulle werke was boos. Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is.”* (Joh 3:17-21) Een aspek wat ek hier moet leer, is dat daar geen skaduwee in die Lig is nie. Ek sal later meer oor die gedeelte uitwys.

So nou kan die HERE kyk hoe ek lewe en sien of ek Hom liefhet of nie. En ons weet dit is waarom die hele wet en profete gaan, ook die gedeelte wat ek vroeër oor die bergpredikasie genoem het uit Mattheus 5. *“Meester, wat is die groot gebod in die wet? En Jesus antwoord hom: Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete.”* (Mat 22:36-40) Ek wil ook net hier noem dat u ook die gedeelte kan lees wat ek geskryf het oor die verbond indien u presies stap vir stap wil weet wat Jesus kom doen het op aarde om die Ou Verbond te vervul, soos ek vroeër aangehaal het uit Matteus 5 waar Jesus gesê het Hy het gekom om te vervul en nie te ontbind nie.

<http://www.shamaministries.org.za/boeke/Die%20Verbond%20van%20Geregtigheid.pdf>

Nou kan ons kyk na al die struikelblokke wat ons kan verwag as Christene. Ek het die gedeelte opgedeel volgens die tipe struikelblok wat aangespreek word, so ek kyk na ons verskillende leerstellings wat deur mense geskryf is, en dan wat die invloed daarvan op die Hoeksteen van die Kerk het. En dan natuurlik ook Jesus se uitspraak oor Petrus wat Hy sal gebruik: *“En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.”* (Mat 16:18) Ongelukkig is ons Kerke maar bang om na Petrus te kyk omdat die Roomse Kerk glo dat die Pous as Petrus funksioneer, so inderwaarheid word die Pous weer Petrus na die vlees en alles wat die Pous kwytraak, is dus woorde van Petrus, en dus word sy woorde net so hoog geag indien nie hoër as die woorde van die Bybel nie. Enige verandering in interpretasie of nuwe dogma wat die Pous aankondig moet gehoorsaam word want dit dra dieselfde gesag as die Bybel en in sekere omstandighede self meer gewig as die Bybel. So het die tien gebooie verander in die Roomse Kerk en is hulle ook besig om die gebed wat Jesus geleer het wat bekend staan as Die Onse Vader, ook tans hersien word sodat dit meer aanvaarbaar vir die mense is.

So ek begin sommer by die eerste struikelblokke, die fisiese struikelblokke.

FISIESE STRUIKELBLOKKE

“Jy mag ‘n dowe nie vloek nie, en voor die blinde geen struikelblok lê nie; maar jy moet jou God vrees. Ek is die HERE.” Lev 19:14

Die is seker die maklikste struikelblok om te beskryf. Ek dink Moses het dit ook goed verwoord sodat ons nie kan sê ons het nie geweet nie. Ek dink daar is ook ander struikelblokke wat ook meer ‘n fisiese struikelblok is as wat dit ‘n geestelike struikelblok is, en dit gaan oor kos. Paulus beskryf dit vir ons in Romeine 14: *“Laat ons dan mekaar nie meer oordeel nie, maar besluit dít liever, om nie die broeder ‘n hindernis of struikelblok in die weg te lê nie. Ek weet en is oortuig in die Here Jesus dat niks op sigself onrein is nie, maar hy wat reken dat iets onrein is, vir hom is dit onrein. Maar as*

jou broeder deur voedsel gegrief word, dan wandel jy nie meer volgens die liefde nie. Moenie deur jou voedsel hom te gronde rig vir wie Christus gesterf het nie. Laat dan van die goeie wat aan julle behoort, nie kwaad gespreek word nie. Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees. Want hy wat Christus hierin dien, is aan God welgevallig en by die mense geag. Laat ons dan najaag wat tot vrede en onderlinge stigting dien. Moenie ter wille van voedsel die werk van God afbreek nie. Alles is wel rein, maar dit is verkeerd vir 'n mens om te eet as dit tot aanstoot is. Dit is goed om geen vleis te eet of wyn te drink of iets te doen waardeur jou broeder aanstoot neem of struikel, of waarin hy swak is nie. Het jy geloof? Behou dit vir jouself voor die aangesig van God. Gelukkig is hy wat homself nie oordeel in wat hy vir geoorloof ag nie. Maar hy wat twyfel as hy eet, is veroordeel, omdat dit nie uit die geloof is nie; en alles wat nie uit die geloof is nie, is sonde.” (Rom 14:13-23)

Hier kan ek net noem dat ek en 'n Kleurling pastoor een aand gepraat oor die spesifieke gedeelte terwyl hy gewag het vir sy vrou wat deel was van 'n kunsskool wat Hettie, my wederhelf, aangebied het. Vir my is dit nie 'n probleem indien iemand 'n glasie wyn drink of dalk 'n bier wanneer hulle wil nie, net terwyl dit binne perke geskiet. Ek het vir jare ook baie aande wyn gedrink saam met aandete, maar met my siekte veroorsaak alkohol baie keer dat ek ernstige gloede kry so ek vermy dit, maar sal tog so nou en dan 'n glasie rooiwyn drink.

Die pastoor het gesê dat hy ook so nou en dan 'n glasie wyn sal drink maar dit mag nie uitkom nie, want indien sy lidmate hoor dat hy 'n glasie wyn elke nou en dan drink, dan sal sy hele gemeente val want ongelukkig is die mense daaraan gewoond dat die laaste druppeltjie syne is en hy alles moet opdrink om by die laaste druppeltjie te kom. So hulle het geen grense nie, en daarom preek hy maar dat almal drank moet vermy, want dit lei gewoonlik tot rusies en selfs gevegte en, gereeld selfs moord aangesien hulle geen waarde aan iemand se lewe ag nie.

Hiermee stem ek heelhartig saam dat dit 'n struikelblok kan wees, en dan moet 'n mens dit vermy.

Een ander gedeelte wat ekself vertaal het kom uit die brief van Barnabas (The Epistle of Barnabas) wat ook in die vroeë Kerk gebruik was maar nie in die Roomse Bybel opgeneem is nie. Dit was maar heel moontlik omrede Barnabas al dood was teen die tyd dat die brief in omloop gekom het, maar is heel moontlik deur Markus geskryf wat Paulus en Barnabas ondersteun het tydens hulle eerste klomp jare terwyl hulle onder die Jode gewerk het, en natuurlik ook was Markus die skrywer van die eerste Evangelie wat ons vandag ken. Mattheus, Lukas en Johannes is na Markus geskryf. En dan is Markus se hele aanslag en al wat hy oor geskryf het net dit wat Jesus gedoen het van Sy doop af tot Sy Hemelvaart. Dit is al wat belangrik was vir Paulus en Barnabas om die eerste Kerke mee te stig. Dit was nie nodig om te weet van Jesus se vroeër lewe en wat Hy gedoen het nie, maar slegs wat Hy tydens Sy bediening op aarde kom doen het. Ek wens dit is al waaroor ons vandag nog kon praat en belewe. Natuurlik tesame met al die profete en dit wat Paulus en Markus ook gebruik het uit die Ou Testament en die profete. Jesus bevestig juis dat ons nie eers al die Nuwe Testament se boeke nodig het nie aangesien ons uit die profete en Moses Jesus kan verkondig. Jesus se woorde in die gelykenis van Lasarus die bedelaar en die ryk jongman is vir ons genoeg bewys daarvan waar Sy woorde as volg is: *“En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur— want ek het vyf broers—om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie. Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister. Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer. Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.” (Luk 16:27-31)*

DIE GEDEELTE KOM UIT HOOFSTUK 10 VAN DIE BRIEF VAN BARNABAS:

Hoofstuk 10 – Geestelike betekenis van die voorskrifte van Moses ten opsigte van verskillende soorte kos. Ek het self die vertaling behartig.

“Nou, waarom het Moses gesê julle mag nie vark eet nie, ook nie ‘n arend, of ‘n valk, of ‘n roofvoël nie, en ook nie enige vis wat nie skubbe het nie. Hy het drie leerstelling vasgestel in sy gedagtes met die voorskrifte. Die HERE het in Deuteronomium die volgende vir hulle gesê. “Maar jy, bly hier by My staan, dat Ek jou kan meedeel al die gebooi en die insettinge en die verordeninge wat jy hulle moet leer, dat hulle dit kan doen in die land wat Ek hulle sal gee om dit in besit te neem.” (Deu 5:31) Is daar nie ‘n bevel dat hulle die goed nie moet eet nie? Daar is, maar Moses het ook ‘n geestelike betekenis daaraan gekoppel. Vir hierdie rede het hy die vark genoem, dat jy jou nie sal voeg by mense wat soos varke leef nie. Wanneer hulle die lewe geniet, vergeet hulle van die HERE, maar wanneer hulle behoefte het, dan soek hulle die HERE. Dit is soortgelyk aan die vark, want wanneer hy geëet het, erken hy nie sy eienaar nie; maar sodra hy honger het skreeu hy totdat hy weer kos ontvang. Hy sê ook dat jy nie die arend, valk of roofvoël eet nie. Dit beteken jy sal jou nie by mense voeg wat nie wil werk vir hulle eie voorsiening nie, maar ander se eiendom op eis in ongeregtheid, en alhoewel hulle ‘n aspek van eenvoudigheid voorstel, is hulle op die uitkyk waar, wat en wie hulle kan plunder. So die voëls sit ledig, vrugteloos, rond, en vind uit hoe hulle die liggame van ander kan verslind, en bewys hulleself so as peste deur al hulle optrede wat geen morele of geestelike waardes ten toon stel nie. En jy sal nie die paling of die pylinkvis of seekat eet nie. Dit beteken jy sal nie jou voeg by mense goddeloos optree deur weg te kruip en op slinkse manier hul prooi te vang nie, soos die visse altyd weggroep en hul prooi op die bodem van die see vang nie. Verder het die HERE ook beveel dat hulle nie die haas sal eet nie, aangesien hy elke jaar net aantel sonder ophou. Verder sal jy nie die hyena eet nie, aangesien die hyena die egbreker en homoseksuele voorstel, aangesien hulle geglo het dat die hyena van geslag kan verander, en die mens wat so optree onaanvaarbaar is. Verder het Moses ook gesê hulle mag nie die wesel eet nie, (weasel in Engels alhoewel dit ook as ‘n mol vertaal kon word of ‘n dier is wat alreeds uitgesterf het), aangesien die dier deur die oor bevrug word en deur die mond geboorte skenk. So dit verwys dat ons ons nie moet meng met mense wat die Woord hoor maar wat met hul mond enige vuilheid voortbring nie. Veral vrouens wat met mooi praatjies mense vang deur heuning om die mond te smeer nie, en dan ongereg dig optree nie. So Moses het drie lerings gegee wat handel oor vleis met ‘n geestelike betekenis. Dawid begryp die betekenis en gee weer die drie beginsels wat daarop gebaseer is deur in die eerste vers van Psalm 1: **“Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sonde en nie sit in die kring van die spotters nie;”**. Die eerste beginsel wat na die visse verwys is “Welgeluksalig is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose”, en so na die vark verwys, “en nie staan op die weg van die sonde en nie”,. Mense wat die naam van die HERE erken en bely, maar wegdraai sodra hulle gevoed is. “nie sit in die kring van die spotters nie;”. Die gedeelte verwys weer na die voëls wat wag vir hul prooi, maar tog verstaan hulle die geestelike betekenis van die Woord.

Maar Moses gaan verder en sê dat ons dat ons elke dier met ‘n gesplete voet mag eet aangesien hulle almal herkou. So hy eet tot hy genoeg het en dan herkou hy alles wat hy geëet het tot sy voordeel. So hulle mediteer op die Woord wat hulle ontvang, spreek die oordele van die HERE uit en gehoorsaam hulle, weet wie hulle voed en verbly hulle in Sy Woord. Maar wat is die betekenis van die gesplete voet? Dat die regverdige nog steeds in hierdie wêreld loop, maar dat hy uitsien na die heilige staat wat nog moet kom. Kyk net hoe goed het Moses gesien en beveel. Maar hoe was dit moontlik vir hulle om al hierdie goed te verstaan en uit te lê? Ons dan wat die gebooi reg verstaan, kan dit verduidelik soos die HERE dit bedoel het. Daaroor is ons ore en ons harte besny, sodat ons die dinge kan verstaan. – Einde van hoofstuk 10.”

WAT IS DIE BETEKENIS VAN DIE HOOFSTUK?

Ek dink die gedeelte maak sommer boekdele by ‘n mens oop indien jy dit in die regte lig sien. Dit is praktiese riglyne van hoekom sekere goed in Moses se tyd verbied was, maar dit was nie net oor die fisiese beskerming wat die HERE Israel mee wou beskerm nie, maar soos hierbo uitgebeeld is daar ook altyd ‘n geestelike waarheid daar agter.

Ons kan sien dat die HERE wou dat die mens so na as moontlik aan die oorsprong van die voeding moes uitkom sodat ons nie net “oorskiet” vleis eet nie. Wat ek hiermee bedoel is dat ons diere eet wat plante eet sodat ons die voeding kan kry wat uit die plante beskikbaar is, en nie iets eet wat alreeds vleis as sy hoofvoedsel bron het nie. So sal ons sien dat meeste diere wat verbied word ander diere eet, terwyl beeste, bokke en ander vee geen verbod op is nie, want hulle eet meestal plantaardige stowwe. Vir myself kyk ek maar na elke dier se kos waarop hy leef, voordat ek ‘n oordeel sal vel. So byvoorbeeld hou ek nogal van vlakvark, hy vreet hoofsaaklik gras, maar sal nie neus optrek vir bessies of ‘n sappige plantwortel of bol of vet erdwurm wat hulle uit die grond grawe nie. So ek sien nie dat sy eetgewoontes vir my ‘n probleem is nie. Nie soos mak varke wat alle gemors sal eet nie.

Ek weet vir baie mense gaan aan oor hoe die Ou Testament en Nuwe Testament as ‘n tipe en anti-tipe gesien word, veral by die Calviniste en die welvaart predikers (Pinkster, Charismatiese en die “name it en claim it” teoloë). Maar hulle hele argument val plat wanneer Paulus skryf “1Kor 10:11 *Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.*”, en dan Hebreërs: “Want as Hy op aarde was, sou Hy selfs geen priester wees nie, omdat daar priesters is wat volgens die wet die gawes offer, **hulle wat ‘n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien**, soos Moses ‘n goddelike bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: **Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is.**” (Heb 8:4-5) En Hebreërs 10 vers 1: “**Want die wet, wat ‘n skaduwee het van die toekomstige weldade, nie die beeld self van die dinge nie, kan nooit deur dieselfde offers wat jaar na jaar gedurig gebring word, die wat toetree, tot volmaaktheid lei nie.**”

So die gedeelte beskryf soos ander gedeeltes dat dit wat hulle gesien en gehoor het voorbeelde was en nie ‘n tipe of antitipe nie. Het u geweet dat wanneer u in die lig van Jesus wandel daar geen skaduwee is nie maar net lig. So die skaduwee gee nie vir ons die antwoord oor hoe dinge daar regtig na uitsien nie, want ons wat in die lig wandel, sien alles soos dit is. En dan moet ons onthou dat Israel is ons voorbeeld van hoe die HERE met ons sal optree. Ons dien nie nou skielik ‘n ander God in die Nuwe Testament nie. Die Israeliete is verwerp oor hul liefdeloosheid, en nou wil ons net konsentreer op die liefde sonder om te verstaan wat die liefde van die HERE werklik beteken. En dit kan ons slegs leer uit die Ou Testament. Ons moet kies om die HERE te dien in alles wat ons doen, dan sal ons gered word. Moses stel dit so pragtig in Deuteronomium 30: “*Maar baie naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart, om dit te doen. Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem. Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie. Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. **Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met ‘n eed beloof het om dit aan hulle te gee.**” (Deu 30:14-20)*

Ek kan onthou as kind hoe ons probeer het om in kerslig of lamplig probeer het om verskillende skadu's te maak deur ons vingers, hande of lywe op sekere maniere te hou, maar dit wat die skadu was, was verseker nie dit wat jy in die lig gesien het nie. En dit is wat ons vandag vind dat teoloë sal sê maar Israel is net ‘n skaduwee terwyl hulle ons voorbeeld is. Weet u hoe groot verskil in betekenis daar is tussen ‘n voorbeeld en ‘n skaduwee? Jy kan nie eers die twee woorde vergelyk nie. Maar in teologie glo ons mos almal. Veral as jy hom of haar op ‘n preekstoel of verhoog sit. Dan het jy nie eers ‘n Bybel nodig nie. Deesdae gee ons mos sommer die verdwaling wat ons gebruik vir mense om te sien op die grootskerm. So wie gaan jou bevraagteken.

En dit is hoekom mense so maklik mislei word, want ons wil nie die Ou Testament as 'n voorbeeld sien nie, want dan tuimel ons hele teologiese standpunte ineen. Dink maar net aan Esegïël 18: *“Die siel wat sondig, dié moet sterwe; die seun sal nie die ongeregtigheid van die vader help dra nie, en die vader sal nie die ongeregtigheid van die seun help dra nie; die geregtigheid van die regverdige sal op hom wees, en die goddeloosheid van die goddelose sal op hom wees. Maar as die goddelose hom bekeer van al sy sondes wat hy gedoen het, en al my insettinge onderhou en reg en geregtigheid doen, sal hy sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie. Al sy oortredinge wat hy begaan het, sal hom nie toegereken word nie; deur sy geregtigheid wat hy gedoen het, sal hy lewe. Het Ek dan miskien 'n behae in die dood van die goddelose? spreek die Here HERE. Nie liewer daarin dat hy hom bekeer van sy weë en lewe nie? Maar as die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen en handel volgens al die gruwels wat die goddelose doen—sal hy lewe? Aan al sy geregtighede wat hy gedoen het, sal nie gedink word nie; om sy troubreuk wat hy begaan het, en om sy sonde wat hy gedoen het, om hulle ontwil sal hy sterwe.”* (Esg 18:20-24) Waar pas Calvyn se uitverkiesing hier in sonder om die gedeelte te verkrag deur te sê die een was seker uitverkies en die ander een nie. Gaan kyk maar in sy kommentaar. Hy val die Roomse Kerk aan en die Jode, maar trek dit nie deur na sy eie teologie wat hiermee verkeerd bewys word nie. Maar tog is dit vader en seun. Hoe nou? En dan ook die gedeelte wat ek vroeër kwoteer het van Moses wat vir Israel aansê om te kies, of die lewe of die dood. Die word ook net op die Israeliete van pas gemaak omdat “genade” toe nog nie beskikbaar was nie. En lees maar die laaste drie hoofstukke van Rigters en sien wat gebeur met mense wat onsedelik lewe al is hulle deel van die HERE se volk. Meer as 70,000 sterf oor drie dae omdat hulle seksueel in stryd met die voorskrifte van die HERE optree. Hy is nie ons speel maatjie nie, maar ons Skepper, Vader, en Here. En Israel is ons voorbeeld, so indien iets op Israel van toepassing was, is dit ook op ons van toepassing. Vgl. 1 Kor. 10 1-12.

VERDERE STRUIKELBLOKKE

Dan is daar al die plesiere van die wêreld waarmee ons elke dag te doen het. Dit kan my so maklik laat struikel, so half sonder dat ek dit agter kom. Die een dag kyk jy net skielik terug en kan nie glo dat jy so maklik deel van die wêreld en sy dinge geword het, sonder dat jy jou rein gehou het as bruid vir die Bruidegom nie. 'n Maklike voorbeeld is hebsug. Hoeveel mense wil net graag meer en meer goed hê en groter rykdom verkry sonder om te dink aan wat die Bybel as die belangrikste beklemtoon nie. En dit is dat indien jy meer het as wat jy nodig het jy dit aan die arme, die weduwee, wese, en die vreemdeling, so die wat nie kan selfversorgend wees nie, sal deel en gee en versorg. Die HERE straf nie die armes nie, maar toets die rykes se hart en ingesteldheid.

En dit is maar een van die goed waarvoor ons so maklik val, want die Antichris staan op die preekstoel en belowe jou net fisiese rykdom, want hy het klaar geswig. So kan ons kyk na al die struikelblokke wat Paulus ons op wys in sy briewe. Ek haal net een gedeelte aan: *“Ek het julle in my brief geskrywe om nie met hoereerders om te gaan nie— dit wil sê, nie die hoereerders van hierdie wêreld of die gierigaards of rowers of afgodedienaars in die algemeen nie, want dan sou julle uit die wêreld moet uitgaan— maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as 'n broeder bekend, 'n hoereerder is of 'n gierigaard of 'n afgodedienaar of 'n kwaadspreker of 'n dronkaard of 'n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie. Want waarom sou ek ook die wat buite is, oordeel? Oordeel julle nie die wat binne is nie? Maar die wat buite is, oordeel God. Verwyder tog dié slegte mens onder julle uit.”* (1Kor 5:9-13)

En dit is maar enkele van die fisiese struikelblokke waarmee ons elke dag mee te doen kry. En Paulus praat hier van mense binne die Kerk, wat nou nog van die struikelblokke van mense buite die Kerk? Hier vind ons ook sommer 'n hele lys: *“Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie; want die vlees begeer teen die Gees, en die Gees teen die vlees; en hulle staan teenoor mekaar, sodat julle nie kan doen wat julle wil nie. Maar as julle deur die Gees gelei word, dan is julle nie onder die wet nie. En die werke van die vlees is*

openbaar, naamlik owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid; afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap; afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge, waarvan ek julle vooraf sê, soos ek al vroeër gesê het, dat die wat sulke dinge doen, die koninkryk van God nie sal beërwe nie.” (Gal 5:16-21) So dit is wat die wêreld vir ons as struikelblokke in ons pad gaan lê.

Dan kry ons ook mense wat graag die Bybel wil gebruik vir waarsê. En ons weet waarsêers gaan nie in die hemel kom nie. Maar hoe gebruik ons die Bybel vir waarsê? Die mense kyk na gebeure in die geskiedenis en selfs huidige gebeure en verklaar dan dat dit die of daai profesie vervul of vooruit loop. ‘n Profesie is ‘n boodskap van die HERE gelewer aan ‘n tussenganger om die volk van die HERE weer terug na Hom te bring. So vind ons in elke profeet se werke dat daar altyd iets is wat die mense op hul foute wys en dan die mense laat terugkeer na die HERE toe. Of ‘n oproep maak om die mense terug te bring na Hom toe. ‘n Goeie voorbeeld vandag is John Haggee se “Four Blood Moons” boek wat hy geskryf het wat amper heeltemal uit waarsê bestaan en dan meeste van sy voorspellings was leuens. Nou wag ek maar vir die opvolg boek waar hy gaan verduidelik hoekom goed nie gebeur het nie, alhoewel Deuteronium so ‘n persoon as ‘n valse profeet verklaar. *“As ‘n profeet of een wat as dromer optree, by jou opstaan en jou ‘n teken of wonder aankondig, en die teken of wonder kom uit wat hy jou beloof het met die woorde: Laat ons agter ander gode aan loop —wat jy nie geken het nie—en hulle dien, dan moet jy nie luister na die woorde van dié profeet of na dié man wat as dromer optree nie; want die HERE julle God beproef julle om te weet of julle werklik die HERE julle God liefhet met julle hele hart en met julle hele siel. Julle moet die HERE julle God navolg en Hom vrees en sy gebooie hou en na sy stem luister en Hom dien en Hom aanhang. Maar dié profeet of dié man wat as dromer optree, moet gedood word, want hy het afval verkondig van die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei en jou uit die slawehuis verlos het, deur jou af te drywe van die weg wat die HERE jou God jou beveel het om daarop te wandel. So moet jy dan die kwaad uit jou midde uitroei.” (Deu 13:1-5) En dan die mees verdoemende verse wat op hom van toepassing is: “Maar die profeet wat so vermetel is om ‘n woord in my Naam te spreek wat Ek hom nie beveel het om te spreek nie, of wat in die naam van ander gode spreek, dié profeet moet sterwe. En as jy in jou hart sê: Hoe sal ons die woord weet wat die HERE nie gespreek het nie? — as die profeet in die Naam van die HERE spreek, en wat hy gesê het, gebeur nie en kom nie uit nie, dan is dit die woord wat die HERE nie gespreek het nie; deur vermetelheid het die profeet dit gespreek; jy mag vir hom nie bang wees nie.” (Deu 18:20-22)*

‘n Goeie Nuwe-Testamentiese profesie vind ons in 1 Korintiërs 10 waar Paulus die mense daarop wys hoe Israel verkeerd opgetree het en hoe die HERE dit laat opteken het sodat ons daarna kan kyk en nie dieselfde pad loop as hulle nie. In die Ou Testament is daar baie voorbeelde, maar party is dalk vir meeste mense baie onduidelik. Ons moet onthou dat die profete het geleef in ‘n tydperk toe Israel as gemeente die HERE gedien het. Hulle was nie bewus dat ons soos vandag soveel verskillende sienswyses gaan hê nie, so hulle het nie geweet dat daar wel “ander” volke ook die HERE gaan dien nie. Maar vir hulle was dit verskuil, maar vir Johannes in sy profesie van Openbaring begin ons sien dat daar verskillende tipes Christene gaan wees. Die interessante is dat Johannes 7 gemeentes sien en die profete 7 verskillende lande. Sodra ons dit bymekaarsit, vind ons dat die volke van die Ou Testamentiese profete ook verwys na die verskillende groeperings wat ons vandag in die Kerk het.

So het Israel as volk hul eersgeboorte reg aan die Kerk gegee en staan hulle nou as Edom bekend en kan ons kyk na die oordele oor Edom en sien wat met die Jode van vandag gaan gebeur. Dan is daar die wat nie glo in die doop van gelowiges nie, so hulle het alles gedoen wat verwag word om deel van die Nuwe Verbond te word, maar sit nog steeds in Egipte. So Egipte se oordele sal oor hulle kom. Ons sien dit duidelik in die Evangelie van Markus waar hy afsluit met die volgende woorde: *“En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. En vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg: in my Naam sal hulle duiwels uitdryf, met*

*nuwe tale sal hulle spreek, slange sal hulle opneem; en as hulle iets dodeliks drink, sal dit hulle geen kwaad doen nie; op siekes sal hulle die hande lê, en hulle sal gesond word.” (Mar 16:15-18) U sien indien u glo sal doop volg, want ons moet onder die mag van die Farao uitkom. Maar die HERE verstaan dat mense in Egipte sal wees, want dit is wat aan hulle verkondig word. Daaroor kan ons kyk en sal ons vind in beide Jesaja en Miga daar gesê word: **“En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom. En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen baie volke en regsprek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie. Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die HERE van die leërske het dit gesprek. Want al die volke mag wandel elkeen in die naam van sy god, maar óns sal wandel in die Naam van die HERE onse God vir ewig en altoos.”** (Mig 4:1-5)*

Die gedeelte leer ons dat na ons dood elkeen die geleentheid gegee sal word om hulle “kerk” se doelstellings reg te stel in hulle eie lewens. Kyk maar in Openbaring hoe word die bome (leiers) behandel en die gras (lidmate) behandel. Baie sal hul standpunt verander maar soos ons ook sien in Mattheus 25 dat 50% van alle Christene sal val by hierdie eerste hekkie en die ewige dood, die tweede dood, sal ingaan. En daar is nie ‘n omdraai kans nie. En wat werke aangaan vind ons dat ons klere wat ons by die bruilof sal aanhê ons goeie werke is wat ons op aarde gedoen het. **“Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlijkheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak. En aan haar is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die regverdige dade van die heiliges. Toe sê hy vir my: Skryf salig is die wat genooi is na die bruilofsmaal van die Lam. En hy sê vir my: Dit is die waaragtige woorde van God.”** (Opn 19:7-9) So ongelukkig is werke deel van ons redding, aangesien ek glo nie een van ons naak by die bruilof wil opdaag nie.

Ek wil graag hier ook as voorbeeld vir ons net die eerste gemeente van Johannes se profesie en uitleg vir vandag met u deel. Dit is ‘n gedeelte uit my boek oor Openbaring van Johannes wat u ook van my webtuiste [hier](#) volledig kan aflaai.

AAN ÉFESE

“Skryf aan die engel van die gemeente in Éfese: Dít sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand hou, wat wandel tussen die sewe goue kandelaars: Ek ken jou werke en jou arbeid en jou lydsaamheid, en dat jy slegte mense nie kan verdra nie; en dat jy dié op die proef gestel het wat sê dat hulle apostels is en dit nie is nie, en hulle leuenaars bevind het; en dat jy verdra het en lydsaamheid besit, en ter wille van my Naam gearbei en nie moeg geword het nie. Maar Ek het teen jou dat jy jou eerste liefde verlaat het. Onthou dan waarvandaan jy uitgeval het, en bekeer jou en doen die eerste werke. Anders kom Ek gou na jou toe en sal jou kandelaar van sy plek verwyder as jy jou nie bekeer nie. Maar dít het jy, dat jy die werke van die Nikolaïete haat, wat Ek ook haat. Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.” (Openbaring 2:1-7)

Wie is die gemeente van Éfese? Ons vind hier dat die mense werklik die HERE ken, want daar word gesê dat die HERE hulle werke ken, hulle arbeidsaamheid en hulle lydsaamheid is Hy ook mee bekend. Verder ondersoek hulle en weet hulle wie vals is en wie nie, en dat hulle arbei en nie moeg word nie. Hulle haat ook die werk van die Nikolaïete, met ander woorde hulle leer ook dat vrye seksuele verhoudings en hoerery nie deur die HERE geduld word nie. Die leer het bepaal dat getroude vrouens met al die mans in die gemeente getroud was en dus seksueel met enige

getroude man kon verkeer, sonder dat dit as sonde gesien is. Die leer het verder daaruit bestaan dat hulle vleis kon eet wat aan afgode geoffer was aangesien hulle dan nie deur die ander persone gesien is as Christene nie, en dan vervolging vrygespring het.

Dit klink vir my of hierdie groep mense werklik reg lewe, maar tog vind die HERE iets verkeerd. Hulle word gevra om weer die eerste werke te doen, aangesien hulle hul eerste liefde verlaat het.

Maar wat is die eerste werke? Die skrywer van Hebreërs lig dit as volg uit: *“Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.”* (Heb 6:1-2) Hierdie mense word gevra om hulle weer te bekeer, en dan te doen wat die volgende stappe is. So hulle verstaan nie dat ons net deur die liefde van Jesus gered word nie, en dat ons juis ons liefde aan Hom bewys wanneer ons gehoorsaam is aan Sy woord. Wanneer ons na die gedeelte kyk, sien ons dan die gedeeltes wat daarop volg is dat ons moet glo dat Jesus die volmaakte offer was en die prys alreeds vir ons betaal het om ons van ons sondige natuur te red en om dan gedoop te word. So die groep is dus die wat nie glo dat daar bekering by elke persoon moet plaasvind voordat hulle kan glo dat Jesus die verlosser is nie. Verder glo hulle nie in die doop van die gelowiges glo nie, maar hulle hou vas aan die kinder doop. So wanneer ons na Israel as voorbeeld kyk en hoe die HERE hulle uit Egipte gelei het sien ons hulle is nog in Egipte en het nog nooit getrek nie. Dit beteken ook dat ons dus na die ou profete kan kyk om te sien wat hulle oor Egipte geprofeteer het om te sien wat vir die tipe gelowiges geld.

Hulle word ook vir ons beskryf in Esegïël 31 : *“En in die elfde jaar, in die derde maand, op die eerste van die maand, het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: Mensekind, sê aan Farao, die koning van Egipte, en aan sy menigte: Na wie lyk jy in jou grootheid? Kyk, Assur was ‘n seder op die Libanon, skoon van takke en ‘n skaduryke bos en hoog van groei; en sy top was tussen die wolke. Waters het hom grootgemaak; die watervloed het hom hoog laat groei, wat met sy strome gegaan het rondom die plek waar hy geplant was, en sy watervore uitgestuur het na al die bome van die veld. Daarom het hy hoër gegroei as al die bome van die veld, en het sy takke baie geword en sy takkies lank, weens die groot waters toe hy uitgeskiet het. Al die voëls van die hemel het nes gemaak in sy takke, en al die wilde diere van die veld het onder sy takkies aangeteel, en allerhande groot volke het onder sy skaduwee gaan sit. En hy het skoon geword in sy grootheid, in die lengte van sy takke, omdat sy wortel by groot waters was. Seders het nie naby hom gekom in die tuin van God nie, sipresse was nie soos sy takke nie, en platane het nie gehaal by sy takwerk nie: geen boom in die tuin van God was met hom te vergelyk in sy skoonheid nie. Ek het hom mooi gemaak deur die menigte van sy takke, sodat al die bome van Eden wat in die tuin van God was, hom beny het. Daarom, so het die Here HERE gesê: Omdat hy hoog uitgegroeï het, en hy sy top tussen die wolke verhef het en hoogmoedig geword het oor sy hoogte, sal Ek hom oorgee in die hand van die magtige onder die nasies; dié sal sekerlik met hom handel; vanweë sy goddeloosheid het Ek hom uitgedrywe. Vreemdes, die geweldigste nasies, het hom afgekap en hom neergewerp; op die berge en in al die dale het sy takke geval, en sy takkies is stukkend gebreek in al die klowe van die land; en al die volke van die aarde het uit sy skaduwee weggegaan en hom so laat lê. Al die voëls van die hemel het gaan sit op sy omgevalle stam, en al die wilde diere van die veld was op sy takkies; sodat al die bome wat by water staan, nie hoog sou groei en hulle top nie sou verhef tussen die wolke nie, en hulle magtiges nie sou gaan staan in hulle hoogheid, almal wat water drink nie! Want hulle is almal oorgegee aan die dood om te gaan na die onderste van die aarde, onder die mensekinders, na die wat in die kuil neerdaal. So sê die Here HERE: Op die dag toe hy na die doderyk neergedaal het, het Ek laat treur: Ek het om sy ontwil die watervloed oordek en die strome daarvan teruggehou, sodat die groot waters gestuit is; en Ek het om sy ontwil die Libanon in swart gehul, en al die bome van die veld het gesmag om sy ontwil. Deur die geluid van sy val het Ek die nasies laat bewe, toe Ek hom na die doderyk laat neerdaal het saam met die wat in die kuil neerdaal; en al die bome van Eden, die uitgesoektes en bestes van die Libanon, almal waterdrinkers, het hulleself getroos in die onderste*

van die aarde. Hulle het ook saam met hom neergedaal na die doderyk, na die wat verslaan is deur die swaard, ook sy helpers wat in sy skaduwee gesit het onder die nasies. Na wie lyk jy so in heerlijkheid en grootheid onder die bome van Eden? En tog sal jy neergewerp word saam met die bome van Eden na die onderste van die aarde; tussen die onbesnedenes sal jy lê, saam met die wat verslaan is deur die swaard. Dit is Farao en sy hele menigte, spreek die Here HERE.” (Eseg 31:1-18)

Ons lees hier van ‘n boom wat baie groot geword het, alhoewel dit in Assur gestaan het, was dit groter as die bome wat in die paradys was. Nou beskryf die profeet hoe die HERE met die boom gehandel het. **Die land Assur wys vir ons na die moeder en kind beeld wat deur Semiramis vereer is, en sodoende sy weg na die Roomse Kerk gevind het.** Nou beskryf die profeet hoe die HERE die boom afgekap het, en dit het in die tydperk van Martin Luther en Johannes Calvyn gebeur. Nou wys die HERE daarop dat die koning van Egipte, met ander woorde die leiers van die gemeentes wat nie in die doop van die gelowiges glo nie, alreeds die voorbeeld gesien het maar dat hulle dieselfde lot tegemoet sal gaan indien hulle nie terugkeer na die eerste werke nie. Net ter inligting will ek ‘n kort gedeelte kwoteer waarom dit in Efese van toepassing is. **“Semiramis was worshiped in Ephesus as the pagan fertility goddess DIANA who represented the generative powers of nature.** She was referred to as a fertility goddess because she mothered all the numerous pagan gods representing the god-incarnate Tammuz. Diana was pictured with numerous breasts so that she could nurse all the pagan gods, and she wore a tower-shaped crown symbolizing the Babylonian tower of Babel.”

U sien die groep mense het baie geword, maar is nogtans in Egipte, omdat hulle nie wil trek nie. Hulle is tevrede om onder die gesag van Satan (die Farao) te bly, en het nie die HERE se voorskrifte gevolg om uit Egipte te trek nie, want hulle wou nie deur die see gaan nie. Hulle wou nie gedoop word nie. So sal hulle bestemming dus wees by die onbesnedenes, by die sondaars. Maar Jesus doen ‘n beroep op hulle om hulle te bekeer, want dan sal hulle kan eet van die boom van die lewe. Dit sal verseker dat hulle die dood nie sien nie, maar hulle sal dan in die Paradys by Hom wees, en nie meer in Egipte nie. Die profeet gebruik hier vir ons die voorbeeld wat met Israel gebeur het omdat hulle die HERE verloën het. Hy het hulle verwerp. So indien jy in Egipte is, moenie dink dat die HERE anders teen jou sal optree nie. Gelukkig sal die lidmate van hierdie gemeentes, beide die in Egipte en Assur, weer geleentheid vind om te leer wie die HERE regtig is, soos vir ons geleer word in Jesaja 2: **“En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die HERE, na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen die nasies en regsprek oor baie volke; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie.”** (Jes 2:3-4)

Een les wat ons hier aan die begin moet leer is dat al doen jy alles reg, maar daar is nogtans iets verkeerd, selfs baie klein, in jou lewe, jy heeltemal onaanvaarbaar is vir die HERE. In Eksodus leer ons dat die Israeliete alle suurdeeg moes verwyder uit hulle huise met die instelling van die pasga voor die trek, en moes hulle ongesuurde brode eet. U sien net ‘n klein bietjie suurdeeg kan ‘n hele brood deurtrek. Net so maak ‘n klein sondetjie in ons lewe ons heeltemal onaanvaarbaar vir die HERE.

So die eerste groep Christene is die wat nie glo dat die doop ‘n verskil in ‘n persoon se lewe kan maak nie. Hulle word aangesê om hulle te bekeer en die eerste werke weer te doen, dan sal hulle die ewige lewe ontvang. **“Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Aan hom wat oorwin, sal Ek gee om te eet van die boom van die lewe wat binne in die paradys van God is.”** Ons moet as oorwinnaars kan lewe, en dan sal Hy ons voed met die voedsel van die boom van die lewe. Wat sê Genesis oor die boom? **“ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van die kennis van goed en kwaad.”** So tot hier oor fisiese struikelblokke.

Ek het dit in die vorige gedeelte net aangeraak, maar nou wil ek graag in diepte kyk na die verskil tussen 'n voorbeeld en 'n skadu. Nou kan ons begin by wat Paulus ons leer in die eerste boek aan die gemeente in Korinte. Hy praat hier oor hoe Israel as voorbeeld gebruik moet word om uit te vind hoe die HERE teenoor ons sal optree. Vers 11: **“1Kor 10:11 Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.”** Die verse wys Paulus juis op al die verkeerde optredes van Israel soos afgod aanbidding met die goue kalf en hulle gode wat hulle vir hulself gemaak het, seksuele sondes en die straf daarop dat die HERE in een dag 28,000 mans van die stam van Benjamin laat sterf het, plus sommer 'n hele aantal ander goed. Maar juis hier vind ons mense wat die gedeelte gebruik op 'n wyse wat hulle leerstellings bepaal deur ander betekenis te gee aan een woord, en daardie woord is voorbeeld. Ek het hier 'n vergelyking ingesit wat die vers in al die vertalings wat ek elektronies op my rekenaar het, om te wys hoe maklik ons kan val vir mense wat met vooraf beplande idees die Bybel vertaal of interpreteer soos hulle graag wil. Hier dan die spesifieke vers:

1 Korintiërs 10:11 Die woord “voorbeeld” of in Engels “example”.

(AKJV-R) *Now all these things happened to them for **examples**: and they are written for our admonition, upon whom the ends of the world are come.*

(ASV-2014) *Now these things happened unto them by way of **example**; and they were written for our admonition, upon whom the ends of the ages are come.*

(AOV) *Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as **voorbeelde** en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.*

(ASV) *Now these things happened unto them by way of **example**; and they were written for our admonition, upon whom the ends of the ages are come.*

(BBE) *Now these things were done as **an example**; and were put down in writing for our teaching, upon whom the last days have come.*

(CEV) *These things happened to them as a **warning** to us. All this was written in the Scripture to teach us who live in these last days.*

(Darby) *Now all these things happened to them as types, and have been written for our admonition, upon whom the ends of the ages are come.*

(DRB) *Now all these things happened to them in **figure**: and they are written for our correction, upon whom the ends of the world are come.*

(ESV) *Now these things happened to them as **an example**, but they were written down for our instruction, upon whom the end of the ages has come.*

(ESV+) *Now these things happened to them as **an example**, but R20 they were written down for our instruction, R21 on whom the end of the ages has come.*

(ISV) *These things happened to them to serve as **an example**, and they were written down as a warning for us in whom the culmination of the ages has been attained.*

(KJV) *Now all these things happened unto them for **examples**: and they are written for our admonition, upon whom the ends of the world are come.*

(KJV+) *Now G1161 all G3956 these things G5023 happened G4819 unto them G1565 for **examples**: G5179 and G1161 they are written G1125 for G4314 our G2257 admonition, G3559*

uponG1519 whomG3739 theG3588 endsG5056 of theG3588 worldG165 are come.G2658

(KJV-1611) Nowallthesethingshappenedvntothemforensamples: andthey are writtenforouradmonition, vponwhomtheends of theworld are come.

(LITV) Andallthesethingshappenedtothoseasexamples, andit was writtenforourwarning, onwhomtheends of theageshavecome.

(MKJV) Andallthesethingshappenedtothemasexamples; andit is writtenforourwarningonwhomtheends of theworldhavecome.

(Webster) Nowallthesethingshappenedtothemforexamples: andthey are writtenforouradmonition, uponwhomtheends of theworld are come."

Ter wille van duidelikheid rondom die woord wil ek net graag die verskillende woorde in Afrikaans, voorbeeld en tipe, se definisies volgens die HAT insluit.

voor·beeld s.nw. [~e; ~jie] [afk. vb.]

1 iemand/iets wat as model dien, wat nagevolg kan of behoort te word: 'n onderwyser wat 'n voorbeeld vir haar/sy leerders is • 'n voorbeeld stel • Moenie jou broer se slegte voorbeeld (na)volg nie. • 'n voorbeeld van sagsinnigheid.

2 iets wat 'n saak ophelder, toelig of duidelik maak: 'n onderwyser wat altyd met helder voorbeelde verduidelik wat hy sê • Kom ek gee julle 'n voorbeeld van wat ek bedoel. • Die uiteensetting word toegelig met 'n voorbeeld.

Uitdrukings

leringe wek, maar voorbeelde trek goeie voorbeelde het 'n groter invloed as verstandige raad.

ti·pe s.nw. [~s]

1 grondvorm/voorbeeld van iets; model: Daar is 'n nuwe tipe motor op die mark. • Die Europese tipe verskil van die Suid-Afrikaanse soort/model.

2 groep wat dieselfde kenmerke het; soort: 'n Mens kan die diere in 'n aantal tipes verdeel. • verskillende tipes fynbos/klei/sjokolade.

3 (a) persoon met betrekking tot sy/haar geaardheid: die stil tipe • die tipe wat geen fout oorsien nie.

(b) snaakse/eienaardige persoon: Dis nou vir jou 'n tipe! • Hy bly maar 'n eienaardige tipe.

4 (drukuns) > lettertipe

[Grieks tupos model, indruk, hou]

Hier vind ons dat almal behalwe John Nelson Darby, die vader van die wegraping leerstelling, die woord as voorbeeld vertaal, maar Darby vertaal dit as 'n tipe en gebruik die woord daarna as 'n tipe of antitipe vir die teenoorgestelde. So Paulus wy die hele eerste gedeelte van hoofstuk 10 aan die voorbeeld wat Israel was, hoe hulle die goue kalf aanbid het, hoe hulle opstandig was, hoe hulle Hom nie geglo het dat hulle die beloofde land sou beërf nie, hoe hulle seksueel verkeerd opgetree het en wat die straf was, maar Darby wil nie erken dat dit 'n voorbeeld is nie. U sien Darby wil dat ons as Christene tweederangse burgers van die Koninkryk van Jesus is. Volgens hom gaan Jesus vir 'n duisend jaar op aarde regeer terwyl ons met ons vingers in die hemel speel. Alles wat 'n gedagte het dat die HERE teen Israel opgetree het vir hom en sy wegraper (Christelike Sioniste) aanhangers beteken dat ons nie daarvoor bekommerd hoef te wees nie, want dit is net bestem vir Israel. Ons as Christene is so 'n nagedagte want Jesus en die Vader het nie geweet dat die Jode Christus sal verwerp nie, en nou om die tyd vol te maak, is ons so as nagedagte bygevoeg. Gaan kyk maar

hoeveel van die wegrapers hierdie teologie aanhang. O, en net hulle weet natuurlik wanneer iets 'n geestelike betekenis het en wanneer dit 'n fisiese betekenis het. Ons as Nuwe Testamentiese Christene weet nie wat gaan gebeur nie, want net hulle weet wat gaan gebeur. So is byvoorbeeld die hele boek van Hebreërs ook nie op ons van toepassing nie want dit is geskryf vir Israel, of soos vandag, die Jode. So ek kan nie die voorbeeld gebruik dat die HERE die meeste van die mense in die woestyn platgeslaan het nie omdat hulle nie geloof gehad het nie, want dit is nie op ons van toepassing nie. Verder kan ek dus ook nie die boek gebruik om vir die Sewende Dag se Adventiste te wys dat die sewende dag die rusdag is wat die HERE vir ons elkeen wil gee waar ons nie nodig het om mee te werk om in die hemel te kom nie, want dit is mos nie op ons van betrekking nie.

So 'n paar dae gelede het Donald Trump verklaar dat hulle voortaan Jerusalem as hoofstad van Israel gaan erken en het dit gegons oor al die profesieë wat nou vervul word. Weet u wat? Israel is net soos my land Suid-Afrika, iewers op 'n wêreldkaart. Israel se tydvak het uitgeloopt met die kruisiging van Jesus en die finale verwoesting deur Rome in 70 N.C. Dit is presies soos Daniël dit gestel het in sy profesie. *“En ná die twee en sestig sewetalle sal 'n Gesalfde uitgeroei word, maar sonder iets vir Hom; en die volk van 'n vors wat sal kom, sal die stad en die heiligdom verwoes, maar sy einde sal met 'n oorstroming wees, en tot die einde toe sal dit oorlog wees, vasbeslote verwoestings.”* Dan 9:26. Jesus het ook sy mense gewaarsku in die Olyfberg prediking dat die mense moes vlug na die berge wanneer die Romeine Jerusalem verwoes en daar het Hy vir Hom 'n oorblyfsel gehou om die Woord uit te dra na die res van die wêreld. *“Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gesprek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom—laat hy wat lees, oplet— dan moet die wat in Judéa is, na die berge vlug; wie op die dak is, moet nie afkom om iets uit sy huis weg te neem nie; en wie op die land is, moet nie omdraai om sy kleres weg te neem nie.”* (Mat 24:15-18) Dit is waarna Paulus verwys en dit in Romeine 11 bevestig. *“Rom 11:5 Net so is daar dan ook in die teenwoordige tyd 'n oorblyfsel, ooreenkomstig die verkiesing van die genade.”* Onthou net die oorblyfsel waarvan Paulus hier praat is die mense wat van die gemeentes buite Jerusalem gestig het, waarvan die gemeente in Rome maar een van die gemeentes was.

Net ter bevestiging voordat u warm onder die kraag word, Darby se kommentaar in die begin van die boek aan die Hebreërs, sodat u dit in sy eie woorde kan sien: *“We have said that in Chapter 1 we find the glory of the Person of the Messiah, the Son of God, by whom God has spoken to the people. When I say “to the people”, it is evident that we understand the Epistle to addressed to the believing remnant, partakers, it is said, of the heavenly calling, but considered as alone holding the true place of the people.”*

It is a distinction given to the remnant, in view of the position which the Messiah took in connection with His people, to whom in the first instance He came. The tried and despised remnant, viewed as alone really having their place, are encouraged, and their faith is sustained by the true glory of their Messiah, hidden from their natural eyes, and the object of faith only.

"God" (says the inspired writer, placing himself among the believers of the beloved nation). "has spoken to us in the person of his Son." Psalm 2 should have led the Jews to expect the Son, and the youth to have formed a high idea of His glory from Isaiah 9, and other scriptures, which in fact were applied to the Messiah by their teachers, as the rabbinical writings still prove. But that He should be in heaven, and not have raised His people to the possession of earthly glory — this did not suit the carnal state of their hearts."

Maar Paulus beskryf die gebeure vroeër in 1 Korintiërs 10: *“En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie.”* (1Kor 10:11) En wat sê Darby oor die woord? *“But the sethings happened as types of us, that we should not be lusters after evil things, as they also lusted.”* (1Kor 10:11) Ten minste is hy darem konsekwent in sy verdwaling. Maar gaan kyk jy na sy kommentaar, dan is daar doodse stilte op die twee verse uit Korintiërs wat ek na verwys, want hy weet hy kan nie sy verdwaling regverdig nie. So dit vir my negeer alreeds sy

hele teologie wat wêreld wyd verkondig word. Volgens Darby gee hulle voor dat hulle 'n sekere tipe mens is wat sekere foute gehad het, maar ons is ander tipe mense wat nie nodig het om ons daaraan te steur nie, want ons is nie hulle "tipe" nie. So ons hoef ons glad nie te steur aan hulle nie, want daar is geen voorbeelde waarna ons kan verwys nie. So nou kan hy sy eie antichristelike teologie saamstel sonder dat hy hoef om te gee dat hy mense verlei en dat sy teologie die van die antichris is.

Maar nou kan ons kyk wat sê Paulus moet gebeur voor die einde van die wêreld kan kom. *"Ek besweer jou dan voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dode sal oordeel by sy verskyning en sy koninkryk: verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering; want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede, en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels. Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening. Want ek word alreeds as 'n drankoffer uitgegiet, en die tyd van my heengaan is naby. Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou."* (2Ti 4:1-7) So dit is wat Darby doen. Hy verlei mense deur hulle gehoor te streel dat hulle nie moet sien hoe die HERE optree teen die wat Hom ongehoorsaam is nie. En dit is die leer van die antichris, met Darby as die vader van die leer.

Paulus beskryf ook hierdie leerstelling in sy brief aan die gemeente in Tessalonika: *"Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie? En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelf en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie."* (2Ts 2:3-10)

En dit is wat vandag verkondig word. Die predikers raak sommer warm onder die kraag wanneer jy hulle aanvat en bewys dat hulle besig is om 'n leuen te verkondig, om nie eers van die aanhangers te praat nie. Maar al wat ek probeer wys is dat hulle besig is om die leer van die antichris te verkondig. En dit gaan maak dat hulle die ewige lewe gaan mis. Dan is dit te laat om te verander. Ondersoek die woord elke dag soos die mense in Berea, en kyk of die dinge so is, en glo dan. Maar ons glo mos in kitskos, kitsbanke en kits christenskap.

So wie is die antichris? Die een wat die leerstelling van die wegraping formuleer het. En sy naam is John Darby Nelson, bygestaan deur Cyrus Ingerson Scofield. So ons kan maar ophou soek na die antichris, want hulle sit reeds in die kerk en doen goed in die naam van die HERE, maar sal faal wanneer hulle by die laaste hekkie van Matteus 7 kom. *"Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"* (Mat 7:21-23)

So die Ou Testament is nie 'n tipe nie, maar 'n voorbeeld. 'n Tipe is nie 'n soort nie. Dit is die enigste ander woord vir tipe volgens die woordeboek soos hierbo genoem, en dan verwys dit in elk geval terug na voorbeeld. Verder het die Jode alreeds in Christus se tyd Hom verwerp en is hulle koninkryk weggeneem en aan ons gegee wat deel in die Nuwe Verbond. Dit is wat Jesaja

geprofeteer het in Jesaja 5 wat sal gebeur, en deur Jesus herhaal is in Mattheus 21. Op die een forum toe ek die een persoon vra om uit te lê wat dit beteken dat Jesus vir die Fariseërs sê dat die koninkryk van hulle weggevat sal word en aan 'n volk gegee sal word wat sy wil sal doen, (Matteus 21:43), toe is sy antwoord dat dit nou aan die dissipels gegee word. Huh? Ek dag die dissipels was ook Jode? Maar dit is hoe die leuen versprei word. Lees gerus my stuk oor die verskil tussen die Jode en die Kerk op my webtuiste [hier](#).

Oorspronklik was daar net vier dispensasies, maar deesdae trek ons al by sewe. Ek moet nog sien in die Bybel hoe hierdie verskillende dispensasies werk, maar ek sal dit nooit verstaan nie, want net hulle weet hoe dit werk. En omdat ek dit bevraagteken, is die werking van die Heilige Gees ook natuurlik nie by my teenwoordig nie. Hulle is dié wat vir jou sal sê dat indien jy nie in taal kan bid en praat nie, wat ek albei in elk geval kan doen, jy nie deel het aan die Heilige Gees nie.

Gaan kyk maar na sy verskillende dispensasies en kyk of u enige iemand behalwe hy en sy leuenaars kry wat die geskiedenis in dispensasies opdeel. Die Bybel self word net in twee gedeeltes opgedeel, die Ou Verbond met diere wat geoffer word vir sonde vergifnis, en die Nuwe Verbond met Jesus as offerlam. Die verbond bestaan natuurlik ook volgens hulle net tussen Israel (of in vandag se tyd die Jode) en die HERE. Wat ons doel op aarde is probeer ek nog uitvind. Ons is mos net die tussen werpsel toe Israel Jesus verwerp het, en ja nou kan ons gaan jollie patrollie hou in die hemel tydens die duisendjarige vrederyk, want gedurende daardie tyd gaan Jesus mos op aarde regeer oor die Jode. En ons hoef natuurlik ook nie te weet wat 'n verbond is nie, want ons het mos nie deel daaraan nie.

Die enigste wegraping wat ek kry, is as volg: ***“Ek sal wegraap mense en diere, Ek sal wegraap die voëls van die hemel en die visse van die see en die struikelblokke saam met die goddelose, ja, Ek sal die mense uitroei van die aardbodem af weg, spreek die HERE.”*** Dit is wat die Bybel self sê en wegraping as 'n woord direk gebruik word, en kom uit Sefanja.

Nie een van die Kerkvaders van die eerste 18 eeue na Christus het hierdie leuen verkondig nie. Hulle het wel gestry oor watter boeke geïnspireer is en watter nie. So het hulle byvoorbeeld die hele boek van Barnabas wat deur Markus geskryf is wat vasgelê het wat Paulus en Barnabas aan die eerste gemeente verkondig het uit die Bybel gelaat. *“Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochië gebring. En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem.”* (Hand 11:25-26) Gedurende die tyd het Markus sy evangelie geskryf soos deur Paulus en Barnabas verkondig, en heel moontlik ook na Barnabas se moord die brief en handelinge van Barnabas geskryf. Aangesien hy ook bekend was met beide Barnabas en Paulus se standpunte en leringe, is dit ook my opinie dat die brief aan die Hebreërs ook deur Markus neergepen is. Daar is al baie bewyse dat dit nie deur Paulus geskryf is nie aangesien dit afwyk van Paulus se tipiese redenasies, maar indien dit met die brief van Barnabas vergelyk word, vind ons dat dit baie ooreenstem met Barnabas se redenering aangesien hy altyd eers die een kant van 'n saak stel en dan wat die geestelike of Nuwe Verbond se betekenis van die lering is. Ek het die volgende aanhaling op 'n webtuiste gevind waar daar oor Hebreërs geskryf word. *“The earliest suggestion of authorship is found in Tertullian's De Pudicitia, 20 (c. 200), in which he quotes from ***“an epistle to the Hebrews under the name of Barnabas.”***From the letter it self it is clear that the writer must have had authority in the apostolic church and was an intellectual Hebrew Christian well versed in the OT. Barnabas meets these requirements. He was a Jew of the priestly tribe of Levi (Ac 4:36) who became a close friend of Paul after the latter's conversion. Under the guidance of the Holy Spirit, the church at Antioch commissioned Barnabas and Paul for the work of evangelism and sent them off on the first missionary journey (Ac 13:1-4).”* [Die skakel is hier te vinde:](#)

Die boek van Barnabas is verwerp omdat die Roomse Kerk toe alreeds hulle hele teologie gedefinieer het en die boek hulle teologie verkeerd bewys. En die boek is in die tydperk geskryf

tussen die verwoesting van die tempel en die herbou daarvan deur Rome in 132nC. "Further more he says again, 'Behold, those who tore down this temple will themselves build it.' It is happening. For because of their fighting it was torn down by the enemies. And now the very servants of the enemies will themselves rebuild it." Wikipedia. Die boek was deel van die aanhangsel van die Bybel, maar het saam met al die ander aanhangsels verdwyn toe die Roomse Kerk besluit het waaruit die Bybel moet bestaan. ([Jy kan 'n kopie hier bekom wat jou sal laat sien dat die wegrapers nie 'n idee het van wat vroeër jare geleer is nie](#)) Maar nou moet ons weet dat Paulus al met hulle gesukkel het voordat hy hulle nog ontmoet het, want die Jode het gedink hulle is beter as die nie Jode. So dit verbaas my nie.

So hierdie mense lê vir my as Christen 'n struikelblok voor my voete sonder dat hulle daaraan dink, maar hulle sal dit wel uitvind die dag wat die sesde seël oopgemaak word en hulle verwoes word en nie opstaan voor die tweede dood nie. Daar sal wel van hulle opstaan voor die tweede dood maar dan weet ons dat wanneer ons na Mattheus 25 kyk, baie mense wat Christene is, nie saam in die nuwe Jerusalem sal wees nie. Die Bybel en Jesus verklaar dat somer met die eerste sifting, 50% van die Christene weggewys sal word. Lees maar die verklaring van die Olyfberg prediking [hier](#).

So my oproep is dat indien jy in hierdie teologie vasgevang is, dat jy onmiddellik daar sal uitkom en jou sondes bely en deel word van die verbond van geregtigheid met Jesus. Sodoende sal jy jou siel kan red van die dood. Lees meer daaroor [hier](#). Dit geld ook vir ander persone wat graag wil seker maak dat hulle die regte evangelie volg. Lees gerus die boek. Wat het u om te verloor? Dalk net dat u werklik sal verstaan waarom die Bybel gaan. Ek gebruik maar in al my skrywes die Bybel om die Bybel te verklaar. Dalk het u nie nodig om eers te wag soos vroeër gekwoteer uit Miga en Jesaja dat u na u dood eers sal agterkom dat u op 'n dwaalspoor was nie.

Ek wil graag afsluit met 'n gedeelte wat ek vandag op 'n internasionale Bybel forum raakgeloop het. Ek verkies om dit die antichris forum te noem aangesien al waaroor die klomp kan praat is die wegraping en elke persoon se siening daarvan. Wanneer jy hulle op hul foute wys soos wat ek gereeld doen, dan is daar stilte, want hulle kan nie argumenteer nie want hulle weet hul siening is verkeerd. So die gedeelte bestaan uit twee dele, die eerste pos, en dan die eerste antwoord daarna. Soos ek nou hier sit en skryf was daar nog nie weer iemand in die afgelope 24 uur wat iets daaroor te sê gehad het nie. So hier die eerste gedeelte van die pos:

"The Early Church believed Rome would be divided into 10 Kingdoms. The early church believed the Roman Empire was the 4th beast of Daniel, and would be divided into 10 kingdoms. Their quotations make that clear.

In a still clearer light than John, in the Apocalypse, indicated to the Lord's disciples ... concerning the ten kings who shall then arise, among whom the empire which now rules the earth shall be partitioned. He teaches us what the ten horns shall be which were seen by Daniel. **(Irenaeus 130–202 AD)**

"A fourth beast, dreadful and terrible; it had iron teeth and claws of brass." And who are these but the Romans? - the kingdom which is now established ... After this, what remains, but the toes of the feet of the image, in which part is iron and part clay, mixed together? And mystically by the toes of the feet he meant the kings who are to arise from among them. (Hippolytus (170–235 AD))

For the mystery of lawlessness is already at work, but only until the one who now restrains it is removed. What obstacles are there but the Roman state, the rebellion of which, by being scattered into the ten kingdoms, will introduce the Antichrist upon its own ruins? (Tertullian 160–220 AD)

The fourth beast shall be a fourth kingdom upon earth, which shall surpass all kingdoms. And that this kingdom is that of the Romans, has been the tradition of the Church's interpreters ... There shall rise up together ten kings of the Romans, reigning in different parts, but all about the same

time; and after these an eleventh, the Antichrist, who by his magical craft shall seize upon the Roman power; and of the kings who reigned before him, three he shall humble, and the remaining seven he shall keep in subjection to himself ... (Cyril of Jerusalem 313–386 AD)

We should therefore concur with the traditional interpretation of all the commentators of the Christian Church, that at the end of the world, when the Roman Empire is to be destroyed, there shall be ten kings who will partition the Roman world amongst themselves. Then an insignificant eleventh king will arise, who will overcome three of the ten kings... after they have been slain, the seven other kings also will bow their necks to the victor. (Jerome 347-420 AD)"

En dan die antwoord: Re: The Early Church believed Rome would be divided into 10 Kingdoms. So, the early church writings do not support most of our modern end time theories. Instead, they seem to support the '**Historicist**' view that the prophecies of Daniel and Revelation would gradually fulfill over church history. With that in mind, I'm attaching a map of the Roman Empire at its fullest extent."

HERSTEL VAN DIE TEMPEL IN OPDRAG VAN DIE ROOMSE KEISER

Een stukkie geskiedenis wat ek so per ongeluk raakgeloop het die ander dag, handel oor die herstel van die tempel tydens Roman Caesar, Julianse tyd. Ek haal die gedeelte aan: "During the past two thousand years they have made repeated attempts to accomplish their goal. Perhaps the best known attempt was that in the days of the Roman Caesar, Julian, the Apostate, who enthusiastically backed them in their attempt. All those conversant with history remember the tragic failure. The united effort to rebuild the temple by Julian and the Jews is recorded by Sozomen: "He thought to grieve the Christians by favoring the Jews, who are their most inveterate enemies . . . he gave them public money, commanded them to rebuild the temple, and to practice the cult similar to that of their ancestors, by sacrificing after the ancient way. The Jews entered upon their undertaking, without reflecting that, according to the prediction of the holy prophets, it could not be accomplished. They sought for the most skillful artisans, collected materials, cleared the ground, and entered so earnestly upon the task, that even the women carried heaps of earth, and brought their necklaces and other female ornaments toward defraying the expense. The emperor, the other pagans, and all the Jews, regarded every other undertaking as secondary in importance to this . . . they reckoned upon its ultimate success, and hoped by this means to falsify the prophecies of Christ." **He goes on to relate how, as they were about to lay the first foundation of the temple, their work was stopped by a great earthquake which killed and wounded many. Neither pagan**

nor Jew was willing to stop in spite of the unusual earthquake, which belched stones forth from the earth. Sozomen continues the story: "But all parties relate, that they had scarcely returned to the undertaking, when fire burst suddenly from the foundations of the temple, and consumed several of the workmen . . . A more tangible and still more extraordinary prodigy ensued; suddenly the sign of the cross appeared spontaneously on the garments of the persons engaged in the undertaking . . . Many were led to confess that Christ is God, and that the rebuilding of the temple was not pleasing to Him . . . If any one does not feel disposed to believe my narrative, let him go and be convinced by those who heard the facts I have related from the eyewitnesses of them, for they are still alive. Let him enquire, also, of the Jews and pagans who left the work in an incomplete state, or who, to speak more accurately were able to commence." (The Ecclesiastical History, Post-Nicene Fathers, Vol. 11, pp. 343, 344.)

HOOFSTUK 2

EN NOU KAN ONS AANBEWEEG NA DIE TYDPERK TOT EN MET DIE REFORMASIE.

Ek gaan nie baie tyd aan die gedeelte spandeer nie aangesien ek myself nog as 'n leek sien oor die geskiedenis van die tyd. My grootste behoefte is om mense weer terug te bring by dit wat die Bybel leer, so dit wat nie 'n invloed het op hoe ek as Christen lewe nie, spandeer ek nie baie tyd aan nie. My skrywes is gerig op Christene en nie op Moslems of Buddiste of die tipe gelowe nie aangesien ons genoeg probleme net binne Christendom mee sit en dit my opdrag is om veral leiers te wys dat hulle nie na die skape, gemeente, kyk nie. Die gedeelte was die eerste gedeelte wat ek gelees het nadat ek die HERE gevra het om my te wys waar Hy my wil gebruik. *“Mensekind, profeteer teen die herders van Israel; profeteer en sê vir hulle, die herders: So spreek die Here HERE: Wee die herders van Israel wat aan hulleself weiding verskaf! Moet die herders nie die skape laat wei nie? Julle eet die vet en beklee julle met die wol; julle slag die vettes, maar die skape laat julle nie wei nie; julle versterk die swakkes nie en maak die siekes nie gesond nie en die wat gewond is, verbind julle nie en wat weggedryf is, bring julle nie terug nie en wat verlore is, soek julle nie; maar met strengheid heers julle oor hulle en met hardheid. So het hulle dan verstrooid geraak, omdat daar geen herder was nie; en hulle het die voedsel geword vir al die wilde diere van die veld en het verstrooid geraak. My skape dwaal rond op al die berge en op al die hoë heuwels; ja, oor die hele oppervlakte van die aarde is my skape verstrooi, sonder dat iemand na hulle vra of hulle soek. Daarom, o herders, hoor die woord van die HERE: So waar as Ek leef, spreek die Here HERE, gewis, omdat my skape 'n prooi geword het en my skape as voedsel gedien het van al die wilde diere van die veld, omdat daar geen herder was nie, en my herders na my skape nie vra nie; en die herders aan hulleself weiding verskaf, maar my skape nie laat wei nie— daarom, o herders, hoor die woord van die HERE! So sê die Here HERE: Kyk, Ek het dit teen die herders! En Ek sal my skape van hulle hand eis en maak dat hulle geen skape meer oppas nie, sodat die herders aan hulleself nie meer weiding sal verskaf nie; en Ek sal my skape uit hulle mond uitruk, sodat dit hulle nie as voedsel sal dien nie.”* (Esg 34:2-10)

Hier wil ek graag begin met wie die eerste Kerk was. Ons lees die geskiedenis in Handeling van Barnabas en Paulus: *“En die apostels en die broeders wat in Judéa was, het gehoor dat die heidene ook die woord van God aangeneem het. En toe Petrus opgaan na Jerusalem, het die wat uit die besnydenis was, met hom getwis en gesê: By onbesnede manne het jy in die huis gegaan en saam met hulle geëet. En Petrus het begin en vir hulle die loop van die saak uiteengesit en gesê: Ek was in die stad Joppe in die gebed, en in 'n verrukking van sinne het ek 'n gesig gesien: 'n voorwerp het uit die hemel neergedaal soos 'n groot laken wat aan die vier hoeke uit die hemel neergelaat word, en dit het tot by my gekom. En toe ek die oë daarop hou en dit waarneem, sien ek die viervoetige diere van die aarde en die wilde en die kruipende diere en die voëls van die hemel. En ek hoor 'n stem vir my sê: Staar op, Petrus, slag en eet! Maar ek antwoord: Nooit nie, Here, want niks onheiligs of onreins het ooit in my mond ingegaan nie. En die stem het die tweede keer my uit die hemel geantwoord: Wat God rein gemaak het, mag jy nie onheilig ag nie. En dit het drie maal gebeur en alles is weer opgetrek in die hemel. En dadelik staan daar drie manne voor die huis waar ek in was, wat van Cesaréa na my gestuur was. En die Gees het vir my gesê dat ek saam met hulle moes gaan sonder om te twyfel. En saam met my het ook hierdie ses broeders gegaan, en ons het in die huis van die man ingegaan. En hy het ons vertel hoe hy die engel in sy huis sien staan het en vir hom sê: Stuur manne na Joppe en laat vir Simon haal wat ook Petrus genoem word; hy sal woorde tot jou spreek waardeur jy en jou hele huis gered sal word. En toe ek begin spreek, het die Heilige Gees op hulle geval soos ook op ons in die begin. En ek het die woord van die Here onthou, hoe Hy gesê het: Johannes het met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word. **As God dan aan hulle dieselfde gawe gegee het soos aan ons wat in die Here Jesus Christus geglo het, wie was ek dan, dat ek God kon verhinder? En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk. Die wat dan verstrooi was***

deur die verdrukking wat oor Stéfanus ontstaan het, het die land deurgegaan tot by Fenícië en Ciprus en Antiochië sonder om tot iemand die woord te spreek, behalwe tot die Jode alleen. En daar was sommige van hulle, Cipriese en Cirenése manne, wat in Antiochië gekom het en met die Griekssprekende Jode gepraat en die evangelie van die Here Jesus verkondig het. En die hand van die Here was met hulle, en 'n groot getal het gelowig geword en hulle tot die Here bekeer. En die berig hiervan het die gemeente wat in Jerusalem was, ter ore gekom en hulle het Bárnabas afgestuur om die land deur te gaan tot by Antiochië. Toe hy daar kom en die genade van God sien, was hy bly en het almal vermaan om met hartlike voorneme aan die Here getrou te bly; want hy was 'n goeie man en vol van die Heilige Gees en geloof; en 'n aansienlike skare is aan die Here toegebring. Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochië gebring. En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem. En in dié dae het daar profete van Jerusalem na Antiochië afgekom. En een van hulle met die naam van Agabus het opgestaan en deur die Heilige Gees te kenne gegee dat daar 'n groot hongersnood oor die hele wêreld sou kom, wat ook gekom het onder keiser Claudius. En die dissipels het besluit dat iedereen van hulle na sy vermoë iets sou stuur tot versorging van die broeders wat in Judéa woon. En dit het hulle ook gedoen en dit deur Bárnabas en Saulus aan die ouderlinge gestuur.”(Hnd 11:1-30)

In hierdie gedeelte sien ons dat die eerste “sinode sitting” gehou is om te besluit wat gedoen moet word met die heidene wat hulle by die Kerk gevoeg het. So die eerste gelowiges was die dissipels en 'n oorblyfsel van die Jode. Die gedeelte leer ons hoe Petrus die gesig gesien het van die onrein diere en hy uitgevind het dat die HERE ook die verlossings boodskap aan die heidene wou gee en vind ons dat die oorblyfsel waarvan Paulus in Romeine 11 van praat, deur al die gebiede getrek het en die verlossingsboodskap aan die Jode eerste en dan ook aan die heidene verkondig het. So het die eerste Kerk dan ook bekend geword as Christene en in Antiochië het dit bestaan uit Jode en heidene. So ek lees nêrens hier dat daar 'n verskil in boodskap was tussen die wat uit die heidene en die wat uit die Jode die boodskap van verlossing aanvaar het nie.

Maar dit is te verstane, want indien ons teruggaan in die geskiedenis sien ons dat al van Abraham se tyd Israel eintlik uit mense bestaan het wat die HERE gedien het. Die Israeliete wat afgedwaal het in daardie tyd het ook maar soos vandag nie meer deel gevorm van die HERE se volk nie. Ek wil dit graag verduidelik hoe ek dit sien.

So nou wil ek begin by die struikelblokke wat ons nie net by die Jode vind nie, maar ook tot vandag toe nog struikelblokke is vir sekere groepe Christene.

DIE STRUIKELBLOKKE – EERSTENS DIE JODE AS NASIE

JODE – NASIE OF KERKGROEP?

Ek wil graag na die Joodse geloof van vandag kyk, en vir u as leser probeer wys dat die Jode van die Bybel nie 'n nasie is soos vandag deur meeste mense verstaan word nie, maar in werklikheid, as die eerste Kerk gesien moet word.

Waarvan praat ek nou? Dat die Joodse geloof en mense in die Ou Verbond voor Jesus se koms, nie as 'n nasie gesien moet word nie, maar dat deur al die eeue heen van voor Moses se dae af as Kerk van die HERE gesien word. Dit sal ook dan vir ons duidelik word dat die geveg wat deur sovele mense geveg word dat wanneer iemand praat van die Kerk versus die Joodse geloof, ons van vervangings teologie praat, van alle waarheid gestroop word aangesien die Jode en Israel van die Ou Testament as die eerste Kerk gesien moet word. Dit is hoe die Bybel dit gestel het, en dit is hoe die mense van die Ou Testament dit gesien het.

Kom ons begin by die begin van die KERK. En dit begin met Abraham. Die HERE begin met Abram (Abraham) praat lank voor die verbond wat Hy met hom sluit. En Abram luister elke keer en doen wat die HERE vir hom sê om te doen. So wat leer ons hieruit? Daar is twee faktore wat 'n massiewe rol speel. Eerstens glo Abram die HERE en dan is hy gehoorsaam. Dit is die kenmerke van mense wat in die Kerk van die HERE hoort. Ons moet geloof hê en glo wat Hy vir ons sê, en moet ons gehoorsaam wees en doen wat Hy verwag. Dit val saam met Hebreërs 6 vers 1: *“Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God,”*. So Abram lê sy eie lewe neer, bekering, en dan glo hy die HERE, geloof, die tweede kenmerk.

Nou vind ons dat die verbond ingestel word met nagmaal, waar Melgisedek die brood en die wyn bring. *“En Melgisedek, die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles.”* (Gen 14:18-20)

So ons vind dat daar toe alreeds ander mense was wat die HERE aanbid het en as priesters opgetree het. So Abram was nie alleen nie, daar was ander volke wat toe alreeds aan die HERE behoort het.

Nou kom die HERE eers met die verbond. *“Ná hierdie dinge het die woord van die HERE tot Abram gekom in 'n gesig en gesê: Vrees nie, Abram, Ek is vir jou 'n skild en jou loon is baie groot. Toe vra Abram: Here HERE, wat sal U my gee, aangesien ek sonder kinders heengaan en die erfgenaam van my huis die Damaskéner Eliëser is? Verder het Abram gesê: Aan my het U geen nageslag gegee nie; so sal dan die bediende van my huis my erfgenaam wees. Toe kom die woord van die HERE tot hom en sê: Hierdie een sal jou erfgenaam nie wees nie, maar die een wat uit jou liggaam sal voortkom, hy sal jou erfgenaam wees. Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: **Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. En hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken.** Verder het Hy vir hom gesê: Ek is die HERE wat jou uitgelei het uit Ur van die Chaldeërs om jou hierdie land in besit te gee.”* (Gen 15:1-7)

Wat beteken hierdie twee eienskappe vir Abram. Dat dit vir hom as geregtigheid gereken is. Sonder geregtigheid is dit onmoontlik om deel van God se Kerk te wees. En nou vind ons hoe die HERE die verbond instel en Abram geen deel daaraan het nie. Hy moes net die diere voorsien. Hier lees ons dat Abram moes die vee middeldeur sny en teenoor mekaar lê. Die betekenis daarvan was dat indien enigeen die verbond sou verbreek, die ander persoon die reg gehad het om so met sy verbondsvennoot op te tree. Nou het God vir Abram, hy het eers later Abraham geword, gesê dat uit Isak sou sy nageslag kom. So vir Abraham was dit nie moeilik om die besluit te neem om Isak te offer toe God hom gevra het nie, want die Here moes weer vir Isak uit die dood opwek, want uit Isak sou Abraham se nageslag kom. God kan nie lieg nie. Indien God dit nie doen nie, kon Abram met God maak soos met die diere gemaak is, en hy het geweet dat God nie kan lieg nie, en dat dit onmoontlik is om God dood te maak.

Verder, as een van die partye van 'n verbond iets van die ander een verwag het om te doen, moes die ander party dieselfde verwagting hê. Omdat God van Abram verwag het om sy seun te offer, het die HERE daar verklaar dat Hy vir Jesus sou stuur om te sterwe, want Jesus is Sy seun. Dit is hoekom Jesus moes kom, om die gedeelte van die eerste verbond te vervul. Dit is ook hoekom Jesus net een keer kon kom om vir ons sonde te sterwe.

Vir die wat wil lees oor wat die verbond van Geregtigheid beteken kan u [hier](#) lees.

So na hierdie gedeelte vind ons 25 jaar later dat die HERE die besnydenis instel as teken van die verbond. Nou die interessante gedeelte is dat wanneer ons na die volgorde kyk vind ons dat Abram moes glo, dan nagmaal vier, en dan volg die besnydenis. Na Abraham vind ons hulle moes eers besny word, dan glo, en dan nagmaal vir. So hier vind ons dit in 'n halwe omgekeerde volgorde

maar met Jesus vind ons dat Hy dit weer instel volgens Abraham se volgorde, so eers glo, dan nagmaal, en dan eers vind besnydenis van die hart plaas. En dit geskied met die volgende stappe van die verbond, naamlik doop om uit Egipte te trek, die plek waar jy bakstene maak vir Satan, en doping van die Heilige Gees. Daarom dat ons so baie stryery kry vandag onder teoloë, want die harte is nie besny nie, alhoewel hulle nagmaal gebruik, weier hulle om te trek uit Egipte en dat die HERE hul harte kan besny, en wil hulle hul verkeerde lewenswyses en insigte afdwing op hul kerkgenootskap.

So die Kerk begin met Abraham, en almal wat glo en deel geword het van die verbond, was en is nog vandag Kerk.

Nou kom ons eers by Israel uit. En hier vind ons die volgende beginsel is dat mense van alle volke hulle by die volk kon voeg voor hul trek uit Egipte begin het. *“Die hele vergadering van Israel moet dit hou. En as ‘n vreemdeling by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, besny word; en dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos ‘n kind van die land wees. Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie. Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef.”* (Exo 12:48-49) Die Engelse vertalings stel vers 47 egter as ‘n gemeente (congregation), en dit is ook hoe die woord in Strongs se Hebreeus beskryf word. *“Net een wet moet daar vir julle wees die vreemdeling moet soos die kind van die land wees; want Ek is die HERE julle God.”* (Lev 24:22)

So hier vind ons alreeds dat Israel nie ‘n spesifieke nasie is nie, maar almal wat besluit om die HERE as hul God te dien. So almal het dieselfde geloofsoortuiging gehad. So dit wys alreeds vir ons dat hulle eerder as Kerk funksioneer as volk. Dit sluit aan by die belofte wat die HERE aan Abraham gemaak het. *“Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die HERE aan Abram verskyn en vir hom gesê: Ek is God, die Almagtige; wandel voor my aangesig, dan sal jy opreg wees. En Ek wil my verbond sluit tussen My en jou, en jou buitengewoon vermeerder. Toe val Abram op sy aangesig, en God het met hom gespreek en gesê: Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van ‘n menigte van nasies word. Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou ‘n vader van ‘n menigte van nasies. En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom. En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as ‘n ewige verbond, om vir jou ‘n God te wees en vir jou nageslag ná jou. En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as ‘n ewige besitting; en Ek sal vir hulle ‘n God wees. Verder het God aan Abraham gesê: Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag.”* (Gen 17:1-9)

So hier vind ons nog voor en tydens die trek na Kanaän, dat Israel as Kerk funksioneer en nie net as nasie nie. Soos vroeër genoem in Eksodus 12 vers 47, word hulle as ‘n gemeente of vergadering beskryf en nie as a volk of nasie nie. Indien ons verder gaan soek in die Bybel, vind ons dat die woord vergadering wat na alle volgelinge van die HERE verwys, in 219 verse in die Ou Vertaling gebruik word. Die Engelse King James Version gee die volgende statistieke: *“One further point to make here is that when we look at the first five books of the Bible, and especially those written by Moses, we find that the word congregation, referring to those people who left Egypt, is used 250 times in these books. This I believe is enough proof that even Moses and the LORD saw them as a Church, a congregation, and not as a nation only.*

If we include the rest of the Old Testament we find that they are referred to as a congregation 363 times in 330 verses.”

So ek neem aan die genoemde statistiek hierbo is voldoende bewys dat Israel deur die eeue na die vergadering van Israel verwys, en nie na Israel as nasie nie.

Dit is ook waarom die hele boek van Hebreërs gaan.

Baie mense verstaan nie die boek in die Bybel nie, en daar is baie, soos selfs Martin Luther, wat voel dat die boek nie in die Bybel hoort nie. Dit is maar mense wat voel dat die boek juis aan Jode geskryf is en dat dit ons as Christene nie raak nie. Aangesien Luther later jare so 'n haat ontwikkel het vir die Jode en hy sy boekie "On the Jews and their lies" geskryf het, wou hy nie die boek van Hebreërs in sy Bybel hê nie want dit het dan gegaan oor die Jode en is volgens hom slegs vir die Jode geskryf. Die feit dat ons almal vandag toegang het tot die Ou Verbond en profete se geskrifte, maak dat ons dit baie maklik kan interpreteer en vind dat dit eintlik op ons as Kerk van toepassing is.

Maar, nou het ek 'n probleem met die siening. Hoekom? Aangesien mense die Jode as volk sien en nie as Kerk nie. Dit is seker die grootste verskil wat ons vandag leer. Almal wil dat die boek slegs op die Jode van daardie tyd van toepassing was, maar wil of kan nie verstaan dat die sentrale punt van die boek gaan oor verbond nie.

So dit is nie net geskryf vir die Jode as nasie nie, maar aan die Jode as Kerk. Nou wat is die verskil? Ek wil dit graag verduidelik aan die hand van wat Paulus aan Korinte skryf, en wat Jesus vir Johannes openbaar in Openbaring. Paulus skryf die volgende: *"En hierdie dinge was voorbeelde vir ons, dat ons nie begerig moet wees na slegte dinge soos hulle begerig was nie. En wees ook nie afgodediens soos sommige van hulle was nie, soos geskrywe is: Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan om te speel. En laat ons nie hoereer soos sommige van hulle gehoereer het nie, en daar het op een dag drie en twintig duisend geval. En laat ons Christus nie versoek soos ook sommige van hulle gedoen het nie, en hulle het deur die slange omgekom. En moenie murmureer soos ook sommige van hulle gemurmureer het nie, en hulle het deur die verderwer omgekom. **Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.**"* (1Kor 10:6-11)

Jesus se woorde in Openbaring is weer as volg: *"Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk **en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie**, maar 'n sinagoge van die Satan."* Open 2:9. *"Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, **van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg** Ek sal maak dat hulle kom en voor jou voete neerbuig en erken dat Ek jou liefgehad het."* Open 3:9.

So ek gaan eerstens bewys dat Israel as Kerk funksioneer het, en nie as volk nie. Maar, kom ons begin by die begin. Wie is alreeds, en wie gaan nog hemel toe. Die wat reeds in die hemel is, is mense soos Moses, Dawid, Samuel, en nog baie ander persone van die Ou Testament. As ons na Nuwe Testamentiese mense soek is dit seker mense soos Petrus, Paulus en Johannes. Wat u dalk mag opval is dat ek slegs name van mense noem wat uit Israel afkomstig is. Die rede hiervoor is om vir u te wys dat hulle sekerlik daar is, omdat hulle aan die volk en Kerk van die HERE, Israel behoort het. Wat ek leer uit die Ou Testament is dat slegs persone wat die HERE behaag het en in Hom geglo het die ewige lewe beërwe het en nie alle Israeliete nie. Daarom dat ons lees dat die HERE in die meeste van hulle geen behae gehad het nie en hulle neergevel is in die woestyn, en so in die hel op geëindig het. *"Maar God het in die meeste van hulle geen welgevalle gehad nie, want hulle is*

neergeslaan in die woestyn.” (1Kor 10:5)

Die HERE spreek die volgende woorde uit oor Israel: “Want jy is ‘n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees. Die HERE het ‘n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke. Maar omdat die HERE julle liefgehad en die eed gehou het wat Hy vir julle vaders gesweer het, het die HERE julle met ‘n sterke hand uitgelei en jou uit die slawehuis, uit die hand van Farao, die koning van Egipte, verlos. **Jy moet dan weet dat die HERE jou God God is, die getroue God wat die verbond en die goedertierenheid hou vir die wat Hom lief het en sy gebooie onderhou, in duisend geslagte.**”(Deu 7:6-9) Hierdie gedeelte klink vir my eerder as ‘n belofte aan ‘n Kerk, as ‘n belofte aan ‘n spesifieke volk.

MAAR HOE NOU GEMAAK MET ANDER MENSE VAN ANDER NASIES?

Ek wil begin by die begin. Nou mag jy dink dat as ek na Openbaring verwys, ek aan die einde begin, maar Christus is aan die woord, en Hy was van die begin van die aarde al daar. Openbaring 3 vers 9: “Kyk, Ek gee jou uit die sinagoge van die Satan, van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar lieg”. Hier sien ons dat Jesus aan die gemeente skryf en sê dat sommige voorgee dat hulle Jode is maar lieg. Die gemeente is in Filedelfia, verseker nie in Israel nie. Dit is ook ‘n bevestiging van Openbaring 2 vers 9: “Ek ken jou werke en verdrukking en armoede maar jy is ryk en die lastering van die wat sê dat hulle Jode is en dit nie is nie, maar ‘n sinagoge van die Satan.” So hier gee Jesus vir ons ‘n belangrike stukkie inligting. Slegs ware Jode sal gered word. Dit stem saam met wat Moses meedeel in Deuteronomium 7 verse 6 en 7: “Want jy is ‘n volk heilig aan die HERE jou God; jou het die HERE jou God uitverkies om uit al die volke wat op die aarde is, sy eiendomsvolk te wees. Die HERE het ‘n welgevalle aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie, want julle was die geringste van al die volke”.

Sodra ons besef dat God nooit Sy beloftes sal verander nie, sal ons besef dat daar iets is wat nie plus is nie. Hoe kan God ons as heidene dan ook red as Sy Woord verklaar dat slegs Jode gered word? Die antwoord kom uit Handeling 10 vers 34 en 35 :” En Petrus het sy mond geopen en gesê: Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is.” Hier sien ons dat as ons Hom vrees en geregtigheid doen, ons Hom welgevallig is. Dit los egter nog nie die probleem van Openbaring op nie, want ons is nog nie Jode nie. Die antwoord moet ons gaan soek in Israel se geskiedenis met die uittog uit Egipte. Hier gee die HERE vir die Israeliete ‘n wet wat hulle moet gehoorsaam. Numeri 15 vers 15 en 16: “Wat die vergadering aangaan, een en dieselfde insetting geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef. ‘n Ewige insetting in julle geslagte is dit: soos julle, so moet die vreemdeling voor die aangesig van die HERE wees. **Een wet en een reg moet geld vir julle en vir die vreemdeling wat by julle vertoef.**” Eksodus 12 vers 48 gee die finale antwoord vir ons: “En as ‘n vreemdeling by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, **besny word**; en dan mag hy nader kom om dit te vier, **en hy sal soos ‘n kind van die land wees.** Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie.”

In Israel se geskiedenis sien ons dat wanneer iemand uit ‘n ander volk hom of haar verbind het met die Israeliete, hulle as volksgenote, of deel van die Kerk geag is. ‘n Baie goeie voorbeeld vir ons is Rut. Alhoewel sy die reg gehad het om na haar mense terug te gaan na haar man se dood, het sy gekies om saam met Naomi na haar land te gaan. Die woorde wat Rut ook gespreek het, ontsluit die waarheid verder. Rut 1:16 “Maar Rut sê: Moenie by my aandring dat ek u moet verlaat om agter u om te draai nie; want waar u gaan, sal ek gaan; en waar u vertoef, sal ek vertoef; u volk is my volk, en u God is my God. 17 Waar u sterwe, sal ek sterwe en daar begrawe word! Mag die HERE so aan my doen en so daaraan toedoen--net die dood sal skeiding maak tussen my en u.” Hier gee sy te kenne dat sy kies om deel te word van Naomi se volk, en saam met Naomi haar God sal aanbid. Wie was Rut? Dawid se grootouma. Waar kom Jesus vandaan? Uit Dawid se geslag.

Nou hoe pas al hierdie stukke in mekaar? Die HERE het Israel uitgekies as Sy Kerk. Ons, as heidene moet dus kies om by die Kerk van die HERE gevoeg te word. Hoe doen ons dit? Deur deel te word van die verbond met die HERE. Dit is om Christus se geregtigheid te besit. So ons moet weet wat Jesus kom doen het op aarde, en dit is om die Ou Verbond te vervul deur aan al die voorwaardes te voldoen. Dan gee dit ons die geleentheid om deel te word van die Israel van die HERE, soos Paulus vir ons in Galasiërs dit opgeteken het. ***“Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar ‘n nuwe skepsel. En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!”*** (Gal 6:15-16) So hierdie gedeelte klink vir my baie meer as beleidenis skrifte van ‘n Kerk, as beloftes aan ‘n spesifieke volk. So Israel is nie as volk uitverkies nie, maar as Kerk want slegs die wat deel was van die verbond en geglo het dat slegs die HERE hulle God was, het die ewige lewe verkry.

Waar vind ons die eerste afval van die Kerk? Met die onderverdeling van Kanaän. Die Rubeniete en Gadiete en die halwe stam van Manasse het besluit om nie hulle erfdeel in Kanaän in besit te neem nie. Hulle wou hulle eie kop volg en buite die beloofde land hul erfenis ontvang. So hulle het gekies om nie dit wat die HERE vir hulle wou gee nie, te aanvaar nie. So hier sien ons die eerste afval. Wanneer ons in die geskiedenis van Israel gaan kyk, sien ons dat hulle geen invloed later op die geskiedenis van Israel gehad het nie. Dit is presies wat vandag gebeur. Mense besluit om die Kerk te verlaat en kan nie as gelowiges getel word nie, **want slegs mense wat Jesus as hul verlosser bely en lewe soos kinders van die HERE vorm deel van die werklike Kerk.** Dit is hoe Hebreërs 6 dit stel : *“Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het—om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak.”* (Heb 6:4-6) Dit is ook wat in die Ou Verbond gebeur het. Saul raadpleeg die heks van Endor en sterf as ongelowige. Wanneer Israel gesondig het is hulle gestraf om hulle terug te bring na die HERE toe, maar wanneer hulle nie meer aan die HERE vasgehou het nie, vind ons hulle nie verder in die Bybel nie. Alreeds net na Dawid seur die koninkryk in twee, en sien ons nooit weer die ander stamme in die geskiedenis nie. So die ander het hul eie “kerk” begin, en is deur die HERE verstoot. Jesus praat ook nie met die mense van die “kerk” nie, behalwe om hulle teen mekaar op te sweep. Dit is wat Hy elke keer met die Fariseërs en Saduseërs gedoen het. En hulle was die “kerk”.

Nou kan ons maar deur Israel se geskiedenis sien hoe meeste van die stamme afvallig word, afgode aanbid en hulle voeg by die nasies wat hulle veronderstel was om uit te roei. Vandag vind ons dat mense sê dat Jesus moet nou eers die mense van die verlore stamme moet kom red, maar hulle het reeds hulle keuses gemaak en besluit om nie deel van die HERE se Kerk te wees nie. Die HERE het nie ‘n spesifieke volk gekies nie, maar ‘n spesifieke groep mense wat in Hom glo as hulle God. Dit is waaroor al die profete gepraat het. Al hul geskrifte is eintlik herlewings boodskappe wat hulle vir die mense gebring het. Almal het vir hulle voorgelê wat hulle moes doen, en dit was om terug te keer na die HERE toe. Daar was wel ook van die boodskappe wat hulle gebring het wat gewys het op Jesus en Sy verlossing wat Hy kom bring het. Maar dit was nogsteeds boodskappe om mense nader aan die HERE te bring. So al hierdie boodskappe gaan oor wat van ons as Kerk verwag word, en nie boodskappe aan ‘n volk nie.

Verder vind ons net soos vandag dat lidmaatskap van ‘n Kerk groep nie beteken dat jy die ewige lewe gaan beërf nie, maar slegs geloof in Jesus Christus as verlosser.

So Israel was die Kerk onder die Ou Verbond, en ons vorm deel van die Kerk onder die Nuwe Verbond. So daar bestaan nie iets soos vervangings teologie nie, maar slegs boodskappe aan die Kerk van die HERE. En dit het al begin met Moses wat die volgende keuse aan die mense gee: *“Want hierdie gebod wat ek jou vandag beveel, is vir jou nie te swaar nie en is nie ver nie. Dit is nie in die hemel nie, sodat jy moet sê: Wie sal vir ons na die hemel opklim en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen? Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy moet sê: Wie sal*

vir ons na die oorkant van die see oorvaar en dit vir ons gaan haal en ons dit laat hoor, dat ons dit kan doen? Maar baie naby jou is die woord, **in jou mond en in jou hart, om dit te doen.** Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. **Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooie en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.** Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie. Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. **Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee.**" (Deu 30:11-20)

So Israel moes kies om die HERE te volg, en dit klink soos iemand wat moet kies vandag om kind van die HERE te word, en nie 'n blanko uitspraak dat al Israel se mense die ewige lewe sal ontvang nie. Nee, slegs mense wat Hom gekies het, sal Sy kinders of volk wees.

So om terug te keer na die boek aan die Hebreërs, sien ons dat die boek handel oor die verskillende standpunte in die verskillende Kerke. Daar is eerstens die wat glo dat Jesus alles volbring het en dat slegs deur geloof in Hom ons as Kerk kan funksioneer. Dan is die tweede groep die wat glo dat Jesus die verlosser is, maar tog nog sekere van die Ou Testamentiese werke aan wil vashou om verlossing te kry, en dan die wat nog in die Ou Verbond vashou as die enigste manier om God se kinders gereken te word. En dit is wat die skrywer probeer bespreek, om te wys daarop dat Jesus al die voorskrifte aan voldoen het, en dat slegs volle oorgawe aan Hom en volle vertroue in Hom, die ewige lewe vir ons as mense kan verkry. Geen werke kan maak dat ons as Kerk gereken kan word nie.

So die skrywer wys daarop dat geen werke of nakoming van die Ou Verbond se voorskrifte vir ons die ewige lewe kan gee nie, aangesien Jesus 'n einde daaraan gemaak het toe hy deur die hemelse tabernakel gegaan het. Dit is wat Hebreërs 3 en 4 oor gaan. Dat ons geloof moet hê dat Jesus die Christus is en dat dit onmoontlik is om in Sy rus te gaan daarsonder. Dit is die betekenis van die Sabbat, dat ons oorgaan van 'n werke godsdiens na 'n geloofs godsdiens.

Dit is waarom die nuwe voorskrifte in Hebreërs 13 opgeteken is, en wat dit vir ons beteken. Dit is vir ons al die vereistes om aan te voldoen.

"Die broederliefde moet bly. Vergeet die gasvryheid nie, want daardeur het sommige, sonder om dit te weet, engele as gaste geherberg. Dink aan die gevangenes asof julle medegevangenes is, en aan die wat mishandel word, as mense wat self ook 'n liggaam het. Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en die bed onbesmet; want God sal hoereerders en egbrekers oordeel. Julle gedrag moet vry van geldgierigheid wees. Wees tevrede met wat julle het, want Hy het gesê: Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie. Daarom kan ons met alle vrymoedigheid sê: Die Here is vir my 'n Helper, en ek sal nie vrees nie; wat sal 'n mens aan my doen? Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na. Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie; want dit is goed dat die hart versterk word deur genade, nie deur voedsel nie, waarvan die wat daarin gewandel het, geen voordeel gehad het nie. Ons het 'n altaar waarvan die wat die tabernakel bedien, geen reg het om te eet nie; want die diere waarvan die bloed vir die sonde deur die hoëpriester in die heilighdom ingedra word—hulle liggame word buitekant die laer verbrand. Daarom het Jesus ook, om die volk deur sy eie bloed te heilig, buitekant die poort gely. Laat ons dan uitgaan na Hom toe buitekant die laer en sy smaad dra. Want

ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige. Laat ons dan gedurig deur Hom aan God 'n loffer bring, dit is die vrug van die lippe wat sy Naam bely. Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie, want God het 'n welbehae aan sulke offers. Wees gehoorsaam aan julle voorgangers en onderdanig, want hulle waak vir julle siele as diegene wat rekenskap moet gee, sodat hulle dit met blydschap kan doen en nie al sugtende nie; want dit is vir julle nie nuttig nie. Bid vir ons, want ons is oortuig dat ons 'n goeie gewete het, omdat ons in alles goed wil wandel. Des te meer vermaan ek julle om dit te doen, sodat ek gouer aan julle teruggegee kan word. Mag die God van die vrede, wat die groot Herder van die skape, naamlik onse Here Jesus Christus, deur die bloed van die ewige testament uit die dode terugbring het, julle volmaak in elke goeie werk, om sy wil te doen, deur in julle te werk wat welbehaaglik is voor Hom deur Jesus Christus aan wie die heerlijkheid toekom tot in alle ewigheid! Amen. En ek vermaan julle, broeders, verdra die woord van vermaning, want ek het ook maar kort aan julle geskrywe. Julle moet weet dat die broeder Timótheüs vrygelaat is, saam met wie ek julle sal sien as hy spoedig kom. Groet al julle voorgangers en al die heiliges. Die wat van Italië is, groet julle. Die genade sy met julle almal! Amen." (Heb 13:1-25)

So dit is die voorskrifte vir Sy Kerk. Nou kan jy self sien of jou gemeente of van die lerings wat hulle huldig aan die vereistes voldoen. Nêrens lees ek in die Nuwe Verbond dat die HERE mense wat hul rug op Hom gekeer het weer 'n geleentheid sal kry om Hom te sien vir wie Hy is nie. Dit beteken ook dat Hy nie Israel as 'n spesiale volk verkies het nie, maar Israel as Kerk gekies het.

So daar bestaan nie iets soos vervangings teologie nie. Of jy glo die waarheid en beërf die ewige lewe, of jy sterf die tweede dood. Ek en jy wat die HERE dien is deel van Sy Israel, soos vroeër genoem in die aanhaling uit Galasiërs. 6:16 "En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!" So dit gaan alles oor Sy Kerk.

Ons moet onthou dat die eerste mense wat tot bekering gekom het Jode was. En hulle is ook Christene genoem. "En toe hulle dit hoor, het hulle geswyg en God verheerlik en gesê: **So het God dan ook aan die heidene die bekering tot die lewe geskenk.** Die wat dan verstrooi was deur die verdrukking wat oor Stéfanus ontstaan het, **het die land deurgegaan tot by Fenícië en Ciprus en Antiochië sonder om tot iemand die woord te spreek, behalwe tot die Jode alleen.** En daar was sommige van hulle, Cipriese en Cirenése manne, wat in Antiochië gekom het **en met die Griekssprekende Jode gepraat en die evangelie van die Here Jesus verkondig het. En die hand van die Here was met hulle, en 'n groot getal het gelowig geword en hulle tot die Here bekeer.** En die berig hiervan het die gemeente wat in Jerusalem was, ter ore gekom en hulle het Bárnabas afgestuur om die land deur te gaan tot by Antiochië. Toe hy daar kom en die genade van God sien, was hy bly en het almal vermaan om met hartlike voorneme aan die Here getrou te bly; want hy was 'n goeie man en vol van die Heilige Gees en geloof; en 'n aansienlike skare is aan die Here toegebring. **Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochië gebring. En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem.**"(Hand 11:18-26)

So die mense was eerstens Jode, maar het toe bekend gestaan as Christene. So die wat praat oor vervangingsteologie bewys net hulle onkunde, en hulle tekort aan kennis wat in die Bybel staan.

Die eerste preek van die dissipels wys ook dat die Jode toe al reeds uit elke volk en taal bestaan het. "En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is. En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek; en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie Galileërs nie? En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is? Parthers en Meders en Elamiete en die inwoners van Mesopotámië, Judéa en Kappadócië, Pontus en Asië, Frigië en Pamfilië, Egipte en die streke van Líbië by Círéne, en Romeine

wat hier vertoef, Jode en Jodegenote, Kretense en Arabiere—ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dae van God spreek. En hulle was almal verbaas en radeloos en sê die een vir die ander: Wat kan dit tog wees? Maar ander het gespot en gesê: Hulle is vol soetwyn. Maar Petrus het opgestaan met die elf en sy stem verhef en hulle toegesprek: Joodse manne en almal wat in Jerusalem woon, dit moet julle weet, en luister na my woorde. Hierdie mense is tog nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar die derde uur in die môre. Maar dit is wat deur die profeet Joël gesprek is: En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom. En ook op my diensknechte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer. En Ek sal wonders gee bo in die hemel en tekens onder op die aarde, bloed en vuur en rookdamp. Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom. En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet— Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring; Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word". (Hnd 2:5-24)

So daar sal nie 'n wegraping wees om die Jode te kom red nie, want dan moet almal wat nie in Jesus glo ook 'n tweede kans kry, en dan beteken die Bybel en Jesus niks nie. So hardloop weg van die mense voordat hulle jou saam met hulle in die afgrond trek. Dit is so dat daar pragtige mense is wat jy dalk voel ek nou aanvat, maar weet jy **net mense wat glo in die volle boodskap van die Bybel sal gered word**. Jesus het in elk geval vir hulle meegedeel dat hulle verwerp is: "Jesus sê vir hulle: *Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë? Daarom sê Ek vir julle: Die koninkryk van God sal van julle weggeneem en aan 'n volk gegee word wat die vrugte daarvan sal dra.* En hy wat op hierdie steen val, sal verpletter word; maar elkeen op wie hy val, dié sal hy vermorsel. En toe die owerpriesters en die Fariseërs sy gelykenisse hoor, het hulle begryp dat Hy van hulle spreek. En hulle het probeer om Hom in hulle mag te kry, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom vir 'n profeet gehou het." (Mat 21:42-46) Hier gebruik Jesus ook die woord volk, want die ware Kerk, of Bruid, het nog nie bestaan nie, want Hy het nog gelewe. Die is die vervulling van die gedeelte in Jesaja 5. "Laat my tog sing van my Beminde; 'n lied van my Beminde oor sy wingerd! My Beminde het 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel. En Hy het dit omgespit en die klippe daar uitgehaal en dit beplant met edel wingerdstokke; en Hy het 'n toring daar binne-in gebou en ook 'n parskuip daarin uitgekap; en Hy het verwag dat dit druiwe sou dra, maar dit het wilde druiwe voortgebring. Nou dan, inwoners van Jerusalem en manne van Juda, oordeel tog tussen My en my wingerd. Wat is daar meer te doen aan my wingerd wat Ek daar nie aan gedoen het nie? Waarom het Ek verwag dat dit druiwe sou dra, en dit het wilde druiwe voortgebring? Laat My julle dan nou te kenne gee wat Ek met my wingerd gaan doen: Ek sal sy doringheining wegneem, sodat dit verwoes word; Ek sal sy muur stukkend breek, sodat dit vertrap word. En Ek sal dit 'n wildernis maak: dit sal nie gesnoei of omgespit word nie, maar opskiet met dorings en distels; en Ek sal die wolke gebied om nie daarop te reën nie. Want die wingerd van die HERE van die leërske is die huis van Israel, en die manne van Juda is die tuin van sy verlustiging; en Hy het gewag op reg, maar kyk, dit was bloedvergieting; op geregtigheid, maar kyk, dit was geskreeu!" (Isa 5:1-7)

Die dat Openbaring daarop wys dat twee derdes van alle Christene verlore sal gaan, want hulle glo die boodskap van die Bybel, plus hulle interpretasie. Hulle sal veg dat hulle interpretasie reg is en verse kwoteer om jou te probeer oortuig, maar weet jy die duiwel het ook vir Jesus aangevat deur die Bybel te kwoteer, maar Jesus het hom elke keer op sy foute gewys. So ek wil net graag wys dat daar foute is in party van ons lerings, en ons moet self verantwoordelikheid neem vir ons eie lewe, en nie vertrou op mense nie. Dieselfde storie geld vir die tien maagde. Vyf het Hom verwag, en vyf het eers gewag vir die wegraping en al sy gevolge, en het die bruilof gemis.

“As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie, dié is verwaand en verstaan niks nie, maar het ‘n sieklike sug na twisvrae en woorderstryd waaruit ontstaan afguns, twis, lasteringe, bose agterdog, nuttelose stryery van mense wat verdorwe in hulle verstand en van die waarheid beroof is en dink dat die godsaligheid winsgewend is. Onttrek jou aan sulke mense.” (1Ti 6:3-5)

Verder verklaar Paulus die volgende: *“Maar die doel van die gebod is liefde uit ‘n rein hart en ‘n goeie gewete en ‘n ongeveinsde geloof waarvan sommige mense afgedwaal en hulle afgewend het na onsinnige praatjies; **hulle wil leraars van die wet wees, alhoewel hulle wat hulle sê, of die dinge wat hulle beslis beweer, nie verstaan nie.** Maar ons weet dat die wet goed is as iemand dit wettiglik gebruik en as **hy weet dat die wet nie gegee is vir die regverdige nie, maar vir die wettelose en tugtelose mense,** goddelose en sondaars, onheiliges en ongewydes, vadermoorders en moedermoorders, moordenaars, hoereerders, sodomiete, mensediewe, leuenaars, meinediges en wat daar anders met die gesonde leer in stryd is, volgens die evangelie van die heerlijkheid van die salige God wat aan my toevertrou is.” (1Ti 1:5-11)*

So indien iemand met jou wil redeneer oor die wet, weet dat hy volgens die vorige gedeelte praat asof hy dink jy is nie geregverdig nie, en dalk is hy nie geregverdig nie. Die wet is slegs ‘n tugmeester na die regverdigheid toe, en in sigself kan net die dood beteken. *“Maar voordat die geloof gekom het, is ons onder die wet in bewaring gehou, ingesluit met die oog op die geloof wat geopenbaar sou word. **Die wet was dus ons tugmeester na Christus toe, sodat ons geregverdig kan word uit die geloof. Maar nou dat die geloof gekom het, is ons nie meer onder ‘n tugmeester nie.**” (Gal 3:23-25)*

So indien iemand jou wil dwing of “reg help” deur die wet te verkondig, weet dat die persoon nie die Bybel verstaan nie, en slegs sy interpretasie vir jou wil leer. So sal hulle jou probeer oortuig om kersfees te vermy, die paas naweek nie te vier en nog ‘n klomp ander dae nie, maar ons weet hulle probeer om jou weer onder die wet te plaas. Maar Paulus skryf as volg: *“Julle wat onder die wet wil wees, sê vir my, luister julle nie na die wet nie? Want daar is geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een uit die slavin en een uit die vrye. Maar die een uit die slavin is gebore na die vlees, en die ander een uit die vrye deur die belofte. Dit is sinnebeelde, want dié vroue staan vir twee verbonde: een, van die berg Sinai afkomstig, wat vir die slawerny kinders baar—dit is Hagar; want Hagar staan vir die berg Sinai in Arabië en kom ooreen met die teenswoordige Jerusalem en is met haar kinders saam in slawerny. **Maar Jerusalem daarbo is vry; en dit is die moeder van ons almal.** Want daar is geskrywe: Verbly jou, onvrugbare wat nie baar nie; breek uit en roep, jy wat geen barensnood het nie, want die kinders van die eensame is meer as van haar wat ‘n man het. **Maar ons, broeders, is soos Isak, kinders van die belofte; maar soos destyds hy wat na die vlees gebore is, hom wat na die Gees was, vervolg het, so is dit nou ook. Maar wat sê die Skrif? Werp die slavin en haar seun uit, want nooit mag die seun van die slavin saam met die seun van die vrye erwe nie. Daarom, broeders, ons is nie kinders van die slavin nie, maar van die vrye.**” (Gal 4:21-31)*

So die wat glo dat Jesus die Christus is en ons kom vrymaak het van die wet en Sy geregtigheid besit, is die Kerk van die HERE, en nie die volgens geslagsregisters en onderhouers van die wet nie. *“Maar destyds, toe julle God nie geken het nie, het julle dié gedien wat van nature geen gode is nie; maar nou dat julle God ken, of liever deur God geken is, hoe keer julle weer terug tot die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien? Julle neem dae en en maande en tye en jare waar. Ek vrees vir julle dat ek miskien tevergeefs aan julle gearbei het. Broeders, ek bid julle, word soos ek, want ek is ook soos julle. Julle het my geen onreg aangedoen nie; maar julle weet dat ek ten gevolge van krankheid van die vlees die eerste keer die evangelie aan julle verkondig het; en julle het my beproewing in my vlees nie verag of verfoei nie, maar julle het my ontvang as ‘n engel van God, ja, as Christus Jesus.” (Gal 4:8-14)*

So wie is Israel? Die wat die wil van die HERE doen om te deel in die Nuwe Verbond, en dit geld al

van Moses se tyd af. So dié mense is Kerk.

‘n Verdere gedeelte wat ek ook hier wil byvoeg is oor hoe die Jode in die tyd net na Christus se dood geleentheid gekry het om wel die boodskap van Christus te hoor, maar hoe hulle gekies het om nie die boodskap te aanvaar nie.

DIE JODE IN HANDELINGE

INLEIDING

In hierdie kwotasies uit die boek van Handeling, lig ek net gedeeltes uit om te wys waar Paulus en Barnabas die evangelie van Jesus verkondig het. Daar is soveel mense wat glo dat die Jode weer ‘n geleentheid moet kry om Jesus te sien vir wie Hy is, maar wanneer ek deur Handeling werk sien ek dat hulle juis die eerstes was wat die Evangelie van Jesus gehoor het. Paulus en Barnabas het altyd na die sinagoges toe gegaan en daar geleer, en in Antiogië is die gelowiges die eerste keer as Christene na verwys.

Maar ons vind vandag dat die mense nie die Bybel wil hoor nie, maar hulle “Brand” van geloof. Jy moet tog net nie hulle manier van glo met feite kom omkrap nie, want dan is jy verkeerd.

Ek het ‘n gedeelte opgestel uit die Handeling van die Apostels sonder om enige woorde by te voeg, maar net gedeeltes beklemtoon. Ek het al die gedeeltes vir u ingesluit, of lees dit gerus deur, en sien vir uself dat die Jode geen tweede of selfs derde kans gaan kry nie, maar dat dit my en jou plig is om Jesus aan hulle te verkondig.

Maar, ongelukkig gee Paulus reeds vir ons die antwoord in een van die gedeeltes wat ek aanhaal in Handeling 28: ***“Tereg het die Heilige Gees deur Jesaja, die profeet, tot ons vaders gespreek en gesê: Gaan na hierdie volk en sê: Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie. Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor, en hulle oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie.”***

So moet nie verwag dat jy sukses gaan behaal nie, want die HERE verander nie Sy woorde of pas dit aan vir ons nie. Hulle is verworpe en het 4000 jaar gehad om te leer van die HERE, maar het nie.

NOU DIE SKRIFGEDEELTES

“En daar het in Jerusalem Jode gewoon, godsdienstige manne, uit elke nasie wat onder die hemel is. En toe hierdie geluid kom, het die menigte saamgestroom en was in die war, want elkeen het gehoor hoe hulle in sy eie taal spreek; en hulle was almal verbaas en verwonderd en sê vir mekaar: Is almal wat daar spreek, dan nie Galileërs nie? En hoe hoor ons hulle, elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is? Parthers en Meders en Elamiëte en die inwoners van Mesopotamië, Judéa en Kappadokië, Pontus en Asië, Frigië en Pamfilië, Egipte en die streke van Libië by Siréne, en Romeine wat hier vertoef, Jode en Jodegenote, Kretense en Arabiere—ons hoor hulle in ons eie taal oor die groot dae van God spreek. En hulle was almal verbaas en radeloos en sê die een vir die ander: Wat kan dit tog wees? Maar ander het gespot en gesê: Hulle is vol soetwyn. Maar Petrus het opgestaan met die elf en sy stem verhef en hulle toegesprek: Joodse manne en almal wat in Jerusalem woon, dit moet julle weet, en luister na my woorde. Hierdie mense is tog nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar die derde uur in die môre. Maar dit is wat deur die profeet Joël gespreek is: En in die laaste dae, spreek God, sal Ek van my Gees uitstort op alle vlees, en julle seuns en julle dogters sal profeteer, en julle jongelinge sal gesigte sien, en julle ou mense sal drome droom. En ook op my diensknegte en diensmaagde sal Ek in dié dae van my Gees uitstort, en hulle sal profeteer. En Ek sal wonders gee bo in die hemel en tekens onder op die aarde, bloed en vuur en

rookdamp. Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom. En elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. **Israeliete, luister na hierdie woorde! Jesus, die Nasaréner, 'n man deur God vir julle aangewys met kragte en wonders en tekens wat God deur Hom onder julle gedoen het, soos julle ook self weet— Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring; Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word.**" (Hand 2:5-24)

"En in dié dae toe die dissipels vermeerder het, het daar 'n murmurering ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie. Kyk dan uit, broeders, na sewe manne uit julle, van goeie getuienis, vol van die Heilige Gees en wysheid, wat ons oor hierdie nodige saak kan aanstel; maar ons sal volhard in die gebed en die bediening van die woord. En die woord het byval gevind by die hele menigte; en hulle het gekies: Stéfanus, 'n man vol van geloof en van die Heilige Gees, en Filippus en Próchorus en Nikánor en Timon en Pármenas en Nikoláüs, **'n Jodegenoot uit Antiochië, wat hulle voor die apostels gestel het; en hulle het gebid en hulle die hande opgelê.** En die woord van God het toegeneem, en die getal van die dissipels het in Jerusalem baie vermeerder, en 'n groot menigte van priesters het gehoorsaam geword aan die geloof." (Hand 6:1-7)

"Die wat dan verstrooi was deur die verdrukking wat oor Stéfanus ontstaan het, het die land deurgegaan tot by Fenícië en Ciprus en Antiochië sonder om tot iemand die woord te spreek, behalwe tot die Jode alleen. En daar was sommige van hulle, Cipriese en Cirenése manne, wat in Antiochië gekom het en met die Griekssprekende Jode gepraat en die evangelie van die Here Jesus verkondig het. En die hand van die Here was met hulle, en 'n groot getal het gelowig geword en hulle tot die Here bekeer. **En die berig hiervan het die gemeente wat in Jerusalem was, ter ore gekom en hulle het Bárnabas afgestuur om die land deur te gaan tot by Antiochië. Toe hy daar kom en die genade van God sien, was hy bly en het almal vermaan om met hartlike voorneme aan die Here getrou te bly; want hy was 'n goeie man en vol van die Heilige Gees en geloof; en 'n aansienlike skare is aan die Here toegebring. Toe vertrek Bárnabas na Tarsus om Saulus te soek, en toe hy hom kry, het hy hom na Antiochië gebring. En hulle het 'n hele jaar lank in die gemeente saam vergader en aan 'n aansienlike skare onderwys gegee; en die dissipels is in Antiochië vir die eerste keer Christene genoem.**" (Hand 11:19-26)

"En omtrent daardie tyd het koning Herodes sy hande geslaan aan sommige uit die gemeente om hulle kwaad aan te doen. En hy het Jakobus, die broer van Johannes, met die swaard omgebring. En toe hy sien dat dit die Jode welgevallig was, het hy verder ook Petrus in hegtenis geneem. En dit was die dae van die ongesuurde brode. Toe hy hom dan gegryp het, het hy hom in die gevangenis gesit en oorgegee aan vier wagte, elkeen van vier soldate, om hom te bewaak, met die bedoeling om hom ná die paasfees voor die volk te bring." (Hand 12:1-4)

"En toe hulle gevas en gebid het en hulle die hande opgelê het, laat hulle hul gaan. So het hulle dan, deur die Heilige Gees uitgestuur, afgegaan na Seleúcië en daarvandaan weggevaar na Ciprus. En toe hulle in Sálamis kom, het hulle die woord van God in die sinagoges van die Jode verkondig; en hulle het ook Johannes as helper gehad. En hulle het die eiland deurgegaan tot by Pafos en 'n towenaar gevind, 'n valse profeet, 'n Jood met die naam van Bar-Jesus. Hy was by die goewerneur Sérgius Paulus, 'n verstandige man. Dié het Bárnabas en Saulus laat roep en het versoek om die woord van God te hoor. Maar Élimas die towenaar—want so word sy naam vertaal—het hulle teëgestaan en het probeer om die goewerneur afkerig te maak van die geloof. Maar Saulus, dit is Paulus, vervul met die Heilige Gees, het die oë op hom gehou en gesê: Kind van die duiwel, vol van alle bedrog en alle listigheid, vyand van alle geregtigheid, sal jy nie ophou om die reguit weë van die

Here te verdraai nie? En nou, kyk, die hand van die Here is op jou, en jy sal blind wees en die son 'n tyd lank nie sien nie. En onmiddellik het daar donkerheid en duisternis op hom geval, en hy het rondgegaan en gesoek na mense wat hom by die hand kon lei. Toe die goewerneur dan sien wat daar gebeur het, was hy verslae oor die leer van die Here en het geglo. En Paulus en sy metgeselle het afgevaar van Pafos en by Perge in Pamfilië gekom. En Johannes het hulle verlaat en na Jerusalem teruggekeer. **Maar hulle het van Perge af verder gegaan en in Antiochië in Pisidië aangekom, en hulle het op die sabbatdag in die sinagoge gegaan en gaan sit.** En ná die lesing van die wet en die profete het die hoofde van die sinagoge na hulle gestuur en gesê: Broeders, as julle 'n woord van opwekking vir die volk het, spreek dan! Toe staan Paulus op, wink met die hand en sê: Israeliete en julle wat God vrees, luister! Die God van hierdie volk Israel het ons vaders uitverkies en die volk verhoog toe hulle bywoners in Egipteland was, en met 'n hoë arm hulle daaruit gelei. En omtrent veertig jaar lank het Hy hulle in die woestyn verdra. En sewe nasies het Hy in die land Kanaän uitgeroei en hulle land deur die lot aan hulle uitgedeel. En daarna omtrent vier honderd en vyftig jaar lank het Hy rigters gegee tot op Samuel, die profeet. En van toe af het hulle 'n koning begeer, en God het aan hulle gegee Saul, die seun van Kis, 'n man uit die stam van Benjamin, veertig jaar lank. En nadat Hy hom afgesit het, het Hy Dawid vir hulle verhef as koning, van wie Hy ook gesê en getuig het: Ek het Dawid, die seun van Isai, gevind, 'n man na my hart, wat al my welbehae sal doen. Uit die nageslag van hierdie man het God vir Israel, volgens die belofte, Jesus as Verlosser verwek, nadat Johannes voor sy koms eers die doop van bekering aan die hele volk van Israel verkondig het. En toe Johannes aan die einde van sy loopbaan gekom het, het hy gesê: Wie dink julle is ek? Ek is dit nie; maar kyk, Hy kom ná my, wie se skoene ek nie waardig is om van sy voete los te maak nie. Broeders, kinders van die geslag van Abraham, en die onder julle wat God vrees, vir julle is hierdie woord van verlossing gestuur. Want die inwoners van Jerusalem en hulle owerstes het Hom nie geken nie, en deur Hom te veroordeel, het hulle die woorde van die profete vervul wat elke sabbat gelees word. En al het hulle niks gevind wat die dood verdien nie, tog het hulle van Pilatus gevra dat Hy omgebring moes word. En toe hulle alles volbring het wat oor Hom geskrywe is, het hulle Hom van die kruishout afgehaal en in 'n graf neergelê. Maar God het Hom uit die dode opgewek. En gedurende baie dae het Hy verskyn aan die wat saam met Hom opgegaan het van Galiléa na Jerusalem, en hulle is sy getuies by die volk. En ons bring julle die goeie tyding van die belofte wat aan die vaders gedoen is, dat God dit aan ons, hulle kinders, vervul het deur Jesus op te wek, soos daar ook in die tweede psalm geskrywe is: U is my Seun, vandag het Ek U gegeneer. En dat Hy Hom opgewek het uit die dode, sodat Hy nie meer tot verderwing sou terugkeer nie, het Hy só gespreek: Ek sal aan julle gee die heilige weldade van Dawid wat betroubaar is. Daarom sê Hy ook op 'n ander plek: U sal u Heilige nie oorgee om verderwing te sien nie. Want Dawid het ontslaap, nadat hy sy eie geslag volgens die raad van God gedien het, en is by sy vaders weggeleë en het verderwing gesien, maar Hy wat deur God opgewek is, het geen verderwing gesien nie. Laat dit dan aan julle bekend wees, broeders, dat deur Hom vergifnis van sondes aan julle verkondig word, en dat elkeen wat glo, deur Hom geregtig word van alles waarvan julle deur die wet van Moses nie geregtig kon word nie. Pas dan op dat daar nie oor julle kom wat deur die profete gesê is nie: **Kyk dan, julle veragters, en wees verwonderd en verdwyn! Want Ek gaan iets in julle dae doen, iets wat julle sekerlik nie sal glo as iemand julle dit vertel nie.** En toe die Jode uit die sinagoge gaan, het die heidene versoek dat daardie woorde op die volgende sabbat tot hulle gespreek sou word. En toe die sinagoge uit was, het baie van die Jode en die godsdienstige Jodegenote Paulus en Bárnabas gevolg. Dié het hulle toegesprek en hulle probeer beweeg om in die genade van God te bly. En op die volgende sabbat het byna die hele stad saamgekom om die woord van God te hoor. Maar toe die Jode die skare sien, is hulle met nydigheid vervul en het met lasterlike woorde weersprek wat deur Paulus gesê is. Maar Paulus en Bárnabas het vry-uit gespreek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie—kyk, ons wend ons tot die heidene. Want so het die Here aan ons bevel gegee: Ek het U 'n lig van die nasies gemaak, sodat U tot redding sal wees tot aan die einde van die aarde. En toe die heidene dit hoor, was hulle bly; en hulle het die woord van die Here geprys; en daar het gelowig geword almal wat verordineer

was tot die ewige lewe. En die woord van die Here is deur die hele land verbrei. Maar die Jode het die godsdienstige en aansienlike vroue en die vernaamste mense van die stad opgehits en teen Paulus en Bárnabas 'n vervolging in die lewe geroep en hulle buite hul gebied verdryf. Toe het hulle die stof van hul voete teen hulle afgeskud en na Ikónium gegaan. En die dissipels is vervul met blydskap en met die Heilige Gees.”(Hand 13:3-52)

“En op dieselfde wyse het hulle in Ikónium in die sinagoge van die Jode ingegaan en so gespreek dat 'n groot menigte Jode sowel as Grieke gelowig geword het. Maar die ongehoorsame Jode het die gemoedere van die heidene teen die broeders opgehits en verbitter. Hulle het toe 'n geruime tyd daar deurgebring en vrymoediglik gespreek in die Here, wat aan die woord van sy genade getuienis gegee het deur te beskik dat tekens en wonders deur hulle hande plaasvind. En die menigte van die stad was verdeeld, en sommige het met die Jode en ander met die apostels saamgegaan. Maar toe daar onder die heidene en ook onder die Jode, saam met hulle owerstes, 'n beweging ontstaan het om hulle te mishandel en te stenig, het hulle dit gewaargeword en gevlug na die stede van Likaónië, Listre en Derbe en die omstreke. En daar het hulle die evangelie verkondig.” (Hand 14:1-7)

“Maar daar het Jode van Antiochië en Ikónium aangekom, en hulle het, nadat hulle die skare omgepraat het, Paulus gestenig en hom buitekant die stad gesleep, met die gedagte dat hy dood was. Maar toe die dissipels hom omring, het hy opgestaan en in die stad gekom en die volgende dag saam met Bárnabas na Derbe vertrek. En nadat hulle aan daardie stad die evangelie verkondig en 'n aantal dissipels gemaak het, het hulle teruggegaan na Listre en Ikónium en Antiochië,” (Hand 14:19-21)

“En hy het in Derbe en Listre aangekom; en daar was 'n dissipel met die naam van Timótheüs, seun van 'n gelowige Joodse vrou, maar van 'n Griekse vader. Hy het goeie getuienis gehad van die broeders in Listre en Ikónium. Paulus wou hê dat hy saam met hom op reis sou gaan, en hy het hom geneem en besny ter wille van die Jode wat in daardie streke was; want hulle het almal geweet dat sy vader 'n Griek was. En op hulle reis deur die stede het hulle die verordeninge wat deur die apostels en die ouderlinge in Jerusalem vasgestel was, aan hulle oorgegee om te onderhou.” (Hand 16:1-4)

“Toe het hulle deur Amfípolis en Apollónië gereis en in Thessaloníka gekom, waar 'n sinagoge van die Jode was. En volgens sy gewoonte het Paulus na hulle gegaan en drie sabbatte lank met hulle gespreek uit die Skrifte en dit uitgelê en aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dode opstaan, en gesê: Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig, is die Christus. En sommige van hulle is oortuig en het hulle by Paulus en Silas aangesluit, ook 'n groot menigte van die godsdienstige Grieke en 'n groot aantal van die aansienlikste vroue. Maar die ongelowige Jode was afgunstig en het slegte manne van die leeglopers saamgeneem en die stad in opskudding gebring deur 'n volksoploop te bewerk. En hulle het die huis van Jason aangeval en probeer om hulle voor die volk te bring. Maar toe hulle hul nie kry nie, het hulle Jason en 'n paar broeders na die stadsowerhede gesleep en geskreeu: Die mense wat die wêreld in opstand bring, hulle het hier ook gekom, en Jason het hulle ontvang. En hulle almal handel teen die bevele van die keiser en sê dat daar 'n ander koning is, naamlik Jesus. En hulle het die skare in opskudding gebring en ook die stadsowerhede wat dit gehoor het. Maar toe hulle van Jason en die ander genoegsame waarborg ontvang het, het hulle hul losgelaat. Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was. Baie van hulle het dan ook gelowig geword, en van die aansienlike Grieke 'n groot aantal, vroue en manne. Maar toe die Jode van Thessaloníka verneem het dat die woord van God ook in Beréa deur Paulus verkondig was, het hulle gekom en die skare ook daar opgesweep. Die broeders het Paulus toe dadelik weggestuur om in die rigting van die see te gaan, maar Silas en Timótheüs het daar gebly. En die wat Paulus begelei het, het hom tot by

Athéne gebring, en nadat hulle opdrag ontvang het aan Silas en Timótheüs om so gou moontlik na hom te kom, het hulle vertrek. En terwyl Paulus in Athéne vir hulle wag, het sy gees in hom opstandig geword toe hy sien dat die stad vol afgodsbeelde was. Hy het toe in die sinagoge met die Jode gespreek en met die godsdienstige mense, en elke dag op die mark met die wat hom teëkom.” (Hand 17:1-17)

“En daarna het Paulus uit Athéne vertrek en in Korinthe gekom. **En hy het ‘n Jood gevind met die naam van Aquila, afkomstig uit Pontus, wat onlangs met sy vrou Priscilla van Italië gekom het, omdat Claudius beveel het dat al die Jode uit Rome moes vertrek. Na hulle toe het hy gegaan; en omdat hy van dieselfde ambag was, het hy by hulle gebly en gewerk, want hulle was tentmakers van ambag. En hy het elke sabbat in die sinagoge gespreek en Jode sowel as Grieke oortuig. En toe Silas en Timótheüs van Macedónië afgekom het, was Paulus ywerig besig om aan die Jode kragtig te betuig dat Jesus die Christus is. Maar toe hulle aanhou om teëstand te bied en godslasterlike dinge te spreek, het hy sy klere uitgeskud en vir hulle gesê: Julle bloed is op julle hoof. Ek is rein. Van nou af sal ek na die heidene gaan. En hy het daarvandaan weggegaan en in die huis gekom van iemand met die naam van Justus, wat ‘n godvresende man was, wie se huis naasaan die sinagoge gestaan het. En Crispus, die hoof van die sinagoge, het met sy hele huisgesin in die Here geglo; en ook baie van die Korintheërs het, toe hulle hom hoor, gelowig geword en is gedoop. En die Here het deur ‘n gesig in die nag aan Paulus gesê: Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie; want Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om jou kwaad aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad. En hy het daar gebly ‘n jaar en ses maande lank en die woord van God onder hulle geleer. En toe Gállio goewerneur van Acháje was, het die Jode eenparig teen Paulus opgestaan en hom voor die regterstoel gebring en gesê: Hierdie man haal die mense oor om God op onwettige wyse te vereer. En toe Paulus sy mond wou oopmaak, sê Gállio vir die Jode: As daar nou enige oortreding of kwaadwillige skelmstuk was, dan sou ek rede hê om julle te verdra, o Jode; maar as dit ‘n geskil is oor ‘n woord en oor name en oor ‘n wet wat vir julle geld, moet julle toesien, want daaroor wil ek geen regter wees nie. En hy het hulle van die regterstoel weggedryf. En al die Grieke het Sósthenes, die hoof van die sinagoge, gegryp en hom voor die regterstoel geslaan; en Gállio het hom aan niks van hierdie dinge gesteur nie. En nadat Paulus nog verskeie dae daar gebly het, het hy van die broeders afskeid geneem en na Síríë uitgesail, en saam met hom Priscilla en Aquila. En in Kenchréë het hy sy hoof geskeer, want hy het ‘n gelofte gedoen. En hy het in Éfese aangekom en hulle daar laat bly, maar self in die sinagoge gegaan en met die Jode gespreek.” (Hand 18:1-19)**

“En hy het in die sinagoge ingegaan en vrymoediglik drie maande lank met hulle geredeneer en hulle probeer oortuig van die dinge wat die koninkryk van God aangaan. Maar toe sommige hulle verhard en ongehoorsaam was en voor die menigte aanhou kwaadspreek van die Weg, het hy van hulle weggegaan en die dissipels afsonderlik geneem en elke dag in die skool van ‘n sekere Tiránnus samesprekinge gehou. En dit het twee jaar lank geduur, sodat al die inwoners van Asië die woord van die Here Jesus gehoor het, Jode sowel as Grieke.”(Hand 19:8-10)

“Maar ons verlang om van u te hoor wat u dink; want wat hierdie sekte betref, is dit ons bekend dat oral daarteen gespreek word. En hulle het vir hom ‘n dag bepaal, en baie het na hom in sy verblyfplek gekom. En in ‘n kragtige getuienis het hy vir hulle die koninkryk van God uitgelê; en van die môre vroeg tot die aand toe het hy uit die wet van Moses en uit die profete hulle probeer oortuig aangaande Jesus. En sommige het geglo wat gesê is, maar ander het ongelowig gebly. En toe hulle onder mekaar onenig was, het hulle uiteengegaan nadat Paulus hierdie woord gesê het, naamlik: **Tereg het die Heilige Gees deur Jesaja, die profeet, tot ons vaders gespreek en gesê: Gaan na hierdie volk en sê: Met die gehoor sal julle hoor en glad nie verstaan nie, en julle sal kyk en kyk, en glad nie sien nie. Want die hart van hierdie volk het stomp geword, en met die ore het hulle beswaarlik gehoor, en hulle oë het hulle toegesluit, sodat hulle nie miskien met die oë sou sien en met die ore hoor en met die hart verstaan en hulle bekeer en Ek hulle genees nie. Laat dit dan aan julle bekend wees dat die heil van God aan die heidene gestuur is, en hulle sal luister. En toe hy**

dit gesê het, het die Jode, onder groot woordstryd met mekaar, weggegaan. En Paulus het twee volle jare in sy eie gehuurde huis gebly en almal ontvang wat na hom gekom het, terwyl hy die koninkryk van God gepreek en onderrig gegee het aangaande die Here Jesus Christus, met volle vrymoedigheid sonder enige verhindering.” (Hand 28:22-31)

Soos u kan sien is daar amper nie ’n hoofstuk in Handelingte waar daar nie verwys word dat die Jode die boodskap van Christus gehoor het nie. So om nou te verkondig dat Jesus eers weer moet kom sodat hulle hom as die Messias moet sien is van alle waarheid ontnem.

Maar Jesus het geweet dat dit gaan gebeur en het Johannes dit vir ons soos volg opgeteken: ***“Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het. As Ek van Myself getuig, is my getuienis nie waar nie. Daar is ’n ander Een wat van My getuig, en Ek weet dat die getuienis wat Hy van My getuig, waar is. Julle het na Johannes gestuur, en hy het vir die waarheid getuig. Maar Ek neem die getuienis van ’n mens nie aan nie; maar Ek sê dit, dat julle gered kan word. Hy was die lamp wat brand en skyn, en julle was gewillig om julle vir ’n tyd in sy lig te verbly. Maar Ek het ’n groter getuienis as dié van Johannes, want die werke wat die Vader My gegee het om te volbring, die werke self wat Ek doen, getuig van My dat die Vader My gestuur het. En die Vader wat My gestuur het, Hy het van My getuig. Julle het nog nooit sy stem gehoor of sy gedaante gesien nie. En julle het sy woord nie as iets blywends in julle nie, omdat julle Hom wat Hy gestuur het, nie glo nie. Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig. En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie. Eer neem Ek van die mense nie aan nie. Maar Ek ken julle, dat julle die liefde van God in julle nie het nie. Ek het gekom in die Naam van my Vader, en julle neem My nie aan nie. As ’n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem. Hoe kan julle glo wat van mekaar eer aanneem, en die eer wat van die enige God kom, soek julle nie? Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal beskuldig nie. Daar is een wat julle beskuldig—Moses op wie julle gehoop het. Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskryfte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?” (Joh 5:30-47)***

Jesus vertel ook in die gedeelte dat iemand anders, die antichris, in Sy naam sal kom en dat hulle hom sal aanneem. Dit is die boodskap van die wegraping wat deur die antichris gebring word en wat die mense wat verlore gaan, met graagte aanneem. Net weer Jesus se woorde oor die antichris boodskap: ***“As ’n ander een in sy eie naam kom, hóm sal julle aanneem. Hoe kan julle glo wat van mekaar eer aanneem, en die eer wat van die enige God kom, soek julle nie? Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal beskuldig nie. Daar is een wat julle beskuldig—Moses op wie julle gehoop het. Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskryfte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?”***

Tot hier die gedeelte oor die eerste struikelblokke wat die mense tot vandag toe nogsteeds tot ’n val bring.

Na hierdie tyd het die mense al hoe meer begin om hulleself in hoë posisies probeer aanstel en vind ons dat die een aspek wat by elke Christen teenwoordig moet wees, nederigheid van hart, heeltemal van vergeet is. Dawid beskryf dit baie mooi vir ons: ***“Psa 51:17 (51:19) Die offers van God is ’n gebroke gees; ’n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie! Psa 34:18 (34:19) Kof. Die HERE is naby die wat gebroke is van hart, en Hy verlos die wat verslae is van gees.”***

Gedurende die vroeë kerk vind ons net briewe wat heen en weer geskryf is tussen die verskillende leiers figure van die Kerk, maar het dit ’n baie klein invloed gehad op die normale mense.

Tot en met die reformasie het die Roomse Kerk gegroei en het dit “almal” se Kerk geword. Politieke leiers het dit as die offisiële Kerk verklaar en is baie mense vermoor omdat hulle nie die Roomse Kerk se gesag wou aanvaar nie. Daar was al die kruistogte van die Roomse Kerk waar almal gedood is wat nie die Roomse Kerk se boodskap en die Pous se rol as hoof van alle kerke wou aanvaar nie

en is dit tot vandag toe nog 'n struikelblok vir mense aangesien hulle nie dink dat Christene so kan optree nie. Ons vind dat dit soos opium vir die volk geword het. Hulle het absoluut verslaaf geraak aan die leiers van die Kerk, en vind ons dat duisende mense gedood is omdat hulle nie wou aansluit by die Roomse Kerk nie.

Ons eie geskiedenis in Suid Afrika getuig daarvan dat seker meer as 90% van die mense wat oorspronklik na Suid Afrika gekom het, as vlugteling uit Europa weg is as gevolg van die vervolging deur die Roomse Kerk. So dit is eintlik nie moeilik om te sien hoekom ons as blanke Christene vandag nog partykeer nie kan saamstaan in Suid Afrika nie, want baie van ons onthou die rede hoekom ons hierheen gekom het en ander het al lankal vergeet. Maar, ongelukkig soos met sovele van ons ander beginsels, is ons seker die laaste geslag wat nog van die beginsels toepas en dit as ons padwyser gebruik, want die wat veronderstel is om die rigting aan te wys, die "kweekskole", het geval. Die verskille wat nog daardie tyd kop uitgesteek het vind ons al hoe minder vandag. Op politieke vlak was die partye gesplit tussen die wat in die Kaapse Republiek gebly het, en die wat in die Vrystaat as onafhanklike staat gebly het en so ook die Transvaalse Republiek. Die laaste twee republieke het juis ontstaan omdat die mense geglo het dat hulle nie onder die juk van die Britse regering wou inpas nie, en sover as moontlik hulle geloof wou behou waarvoor hul voorvaders na Suid Afrika toe gekom het. Tot vandag toe is daar nogsteeds binne die NG Kerk 'n skeiding tussen die Kaapse en ander sinodes, en geld sekere besluite net vir sekere sinodes. So vind ons dat die Boesak belydenis net in die Weskaap afdwingbaar is maar nie in die ander gedeeltes nie, en vind jy dat die mense van die Weskaap ook baie meer liberaal in hul uitkyk op die lewe is as die ander provinsies.

Net om te demonstreer of as voorbeeld wil ek graag die volgende gedeelte bespreek oor die huidige stand van ons as blanke Christene in Suid-Afrika. Hierdie is my persoonlike siening, so ek verwag nie dat baie mense saam met my gaan stem nie. Wat ek gevind en beleef het is dat die mense van die Weskaap baie maklik inval by baie standpunte wat ek nooit sal ondersteun nie aangesien hulle nooit moes veg teen die Engelse of die plaaslike stamme nie. Hulle het alles gelate aanvaar. Maar wanneer jy na die onderliggende probleme gaan kyk dan vind jy dat ek kom uit 'n geslag waar van my voorsate in konsentrasiekampe oorlede is, my een oupa het amper sy hele gesin verloor gedurende die boere oorlog, die ander moes noodgedwonge stad toe trek want hy was te oud om weer te begin. En dit was alles oor die Engelse hulle hande wou kry op die rykdom van die Transvaal en Vrystaat republieke. G'n wonder ek het nie altyd geduld met die Engelse nasie nie, veral die wat vandag nog dink hulle is "God's gift to mankind". My skoonpa self moes weggryp tydens die rebellie in 1922/4 al was hy maar 13 jaar oud, van my aangetroude familie, my een swaer, is van Louis Trichardt se afstammelinge en is hy nog steeds die voorsitter van die Trichardt stigting, en dié mense moes veg vir elke stukkie vooruitgang. In die veertigs moes die Afrikaanssprekende veg vir gelykheid in besigheid want die Jode en Engelse het alles oorheers. Dan was Hettie se een oom Johannes van der Walt die stoeier, en was hy ook 'n luitenant in die ou Ossewa Brandwag, en moes my skoonpa elke dag gaan help met sy versorging nadat hy deur die polisie in die rug geskiet is. En dit het hy gedoen tot Johannes se dood toe. Dan is my een dogter se skoonouers op hul plot buite Pretoria aangeval en is haar skoonma gedood en skoonpa gelos vir dood, en nou sit hulle in Australië.

So vir my is dit onmoontlik om saam met baie van die partye selfs buite die ANC saam te stem want ek weet hoe my voorsate moes veg vir dit wat hulle het, en al die ander reënboog partye het nie 'n idee wat dit gekos het om te kom waar ek vandag is nie. Ek was die eerste persoon in ons huisgesin van sewe kinders wat matriek kon skryf en moes self betaal vir my universiteitsopleiding, en dit deur deelyds te studeer. Werksure was van agt tot vyf in die middag en dan was klasse by die universiteit van kwart oor vyf tot twintig voor tien in die aand. En dan moes jy nog tyd maak vir leer en klas opdragte. Nie een van die vier kinders ouer as ek het die geleentheid gehad om verder as standaard 8 te studeer nie, maar almal het hulle self opgewerk om 'n staanplek in die lewe te kry. Die twee na my het dit baie makliker gehad want daar was 'n redelike gaping tussen my en my

jonger suster want sy was eintlik 'n "glips". Toe het my ouers besluit om maar nog 'n boetie of sussie vir haar te kry, en teen daardie tyd was hul geldelike posisie baie beter as toe ek groot geword het.

So ek is 'n "boer" in murg en been, en sal altyd een bly. Ek gun elkeen sy plekkie in die son, want snaaks genoeg het my pa later jare Indiër vennote in sy besigheid gehad wat hy ook van niks opgebou het tot hy die dag oorlede is, en sy voertaal by sy werk was meestal Engels. Ons het saam met Boesak, die plaaswerker van my oupa aan my ma se kant, se kinders op die plaas by oupa gespeel en het hy en sy vrou elke aand saam met almal huisgodsdienste gehou. Ek haat nie die Engelse nie al word ek partykeer warm onder die kraag as van hierdie Engelse wat dink die son skyn uit hulle uit al die skuld van ons politieke bestel op die Afrikaners probeer afdwing, terwyl hulle die persone is wat die meeste van die oorspronklike apartheidswetgewing ingestel het. Ek is groot gemaak met die Engelse koerante wat ons gekry het by die huis, die Rand Daily Mail en The Star. En dit is waar my fundamente gebou is dat ek later jare by baie werksplekke mense verbaas het wanneer hulle uitvind het dat my huistaal Afrikaans is. Vandag nog doen ek al my vertaalwerk self, en is my youtube kanaal in beide Afrikaans en Engels beskikbaar. Van ons Engelse vriende gesels ons lekkerder mee in Engels as Afrikaans, maar ek is verseker nie 'n "Afrikaanse" nie, maar 'n boer in murg en been.

Maar nou kyk ons na hoeveel partye staan vir dit wat ek in glo, en ja die verhaal in Genesis 11 oor Babel het vir seker 'n invloed op my sienswyse. Dan sien jy hoe skrik 'n omie in Jeffreysbaai toe ek hom die dag vertel daar is geen verskil tussen die ANC en die DA se arbeidsbeleid nie. Toe hy daar wegstap en sy kop skud en nie kan glo dat ek so iets vir hom kon sê nie, maar dit is die ware stand van sake. Almal wil die blankes, veral die Afrikaanssprekendes uit die ekonomie uitwerk deur hul standpunte wat hulle inneem, en dit sluit baie Afrikaanssprekende blankes in. Maar hulle het nie 'n idee van my agtergrond nie. Nou vind jy uit dat almal 'n weergawe van sosialisme volg wat die staatsdiens al groter maak en die mense al hoe meer afhanklik van die staat maak. En voor jy jou oë uitvee, dan is jou land en alles wat daar was, verwoes, en is anargie die enigste optrede soos ons maar daagliks in die koerante en nuus kanale sien en hoor. Waar het jy gesien dat ons die grootste hoeveelheid ministers en onderministers in die wêreld het in ons regering, al is ons nie eers een persent van Amerika se ekonomiese grootte nie. En hulle sit maar met minder as 25% van ons ministers en onderministers.

Al wat ek vra is dat ek dieselfde geleentheid gegun word as alle Suid Afrikaners, en nie moet hoor wanneer jy gevra word om vir besigheid te tender by die staat dat jy hierdie maatskappy as jou BEE vennoot moet gebruik nie. Dan maak jy soos ek gemaak het en loop weg en dan skarrel almal rond wat hulle weet hulle tender is rondom jou produk geskryf en probeer hulle selfs om direk met die verskaffers in Kanada te onderhandel, maar hulle word net terug verwys na my toe. Op die ou einde is alles gekanselleer en moes hulle maar nog 4 jaar sukkel voor hulle met hul volgende tender kon uitkom. En ja, my besigheid het sy alie gesien, maar ek weier om omkoopgeld te betaal.

So ek erken ek is volgens baie mense 'n rassie, maar ek beskerm net my regte. My hele lewe word bepaal deur die Bybel en hoe die HERE wil dat elkeen sal optree. Maar moenie met Matteus 5 kom en sê ek moet die ander wang ook hou nie, want dan verstaan jy nie waaroor die gedeelte gaan nie. Dit gaan daaroor dat niks wat ek ooit kan doen my in die hemel gaan kry nie, maar slegs Jesus as middelaar.

Maar terug na die oorspronklike onderwerp. Verder leer ons ook dat die RKK die Koran help skryf het en nie net Mohammed nie. Net 'n aanleiding om dit mee te bevestig: "To know your history is to know your future. Now Mohammed married Khadija, when he was 25 and she 40 years old, and she was a Catholic NUN. Her cousin Warhguah was a Roman Catholic meccan. Mohammed Mustafa was born in 570 A.D. died in 632 A.D. fled to Madina in 622 A.D. after Khadija's death. He marched on Mecca in 630 A.D. two years before he died, and 4 years before Omar become Caliph. The Koran

was compiled in 650 A.D. Mohammed could not read or write, so the Catholic side of things wrote he Koran, and has been used to deceive them ever since." Bron deel van die kommentaar op die volgende bladsy:

<https://hillsonchurchwatch.com/2014/03/17/brian-houston-the-muslim-and-you-we-actually-serve-the-same-god/>. Wanneer ons na die Bybel kyk is daar meer as 40 skrywers en bewys die geskiedenis en argeologie die egtheid van die Bybel, maar die Koran is deur "een" persoon geskryf, sonder dat daar enige bewyse is vir al die leuens wat daarin voorkom nie. Daardoor sal ons vind dat die Moslems tempels kan oprig in baie lande, net terwyl die land toelaat dat daar Roomse Kerke opgerig kan word. Vandag is Ciprus 'n duidelike voorbeeld van hoe dit gedoen word waar selfs die land in twee gedeeltes is aangesien beide partye gesien het hulle het nie genoeg soldate om die ander partye te oorwin nie. Gaan lees maar oor ander skrywers wat hul tyd spandeer het op die navorsing hier:

<http://www.remnantofgod.org/PopeKoran.htm> en hier :

https://www.bibliotecapleyades.net/vatican/esp_vatican33.htm

Daar is tot sprake dat Mohammed se vrou, wat 'n stoere Roomse ondersteuner was, hom die Bybel geleer het, en dat die Roomse Kerk hom aangesê het dat hy die verlosser vir sy mense sal wees. En dan moes hy die Kerk in Oos Afrika vernietig omdat hulle geweier het om die Roomse kerk as die enigste Kerk te aanvaar. Tog vind ons dat hulle juis, die Ethiopiese Kerk, soveel van die geskifte wat die RKK verwerp het oor die jare, nog steeds in hulle Bybel het. Een goeie voorbeeld is die boek van Henog, wat deur Jesus en 'n hele klomp ander skrywers aangehaal word in die Nuwe Testament.

Daar is boekdele oor die tydperk beskikbaar op die Internet, so ek stel voor dat u daardeur lees. Sover ek weet is daar iets soos 38 volumes, afhangende van wie dit saamgestel het, geskryf wat meestal briewe was wat tussen verskillende mense in die Kerk geskryf is om te probeer om vraagstukke op te los. Hier is een so 'n plek: <http://www.ccel.org/fathers.html>

So ek gaan nie meer oor die onderwerp sê nie, want ek weet te min van die struikelblokke wat hulle ingevoer het, behalwe die wat vandag nog selfs in Protestantse gemeentes gebruik word, soos die doop. Hulle het gelees dat Petrus gesê het dat dit die doop is wat jou red, en nou sonder om die onderliggende aspekte van wie en wanneer die doop van pas is, moet almal so vroeg as moontlik in hulle lewende gedoop word, anders eindig die kinders in die hel op. Wat hulle vergeet is dat Moses al vir die Israeliete gesê het dat die vaders die verantwoordelikheid sal dra van sy kinders tot hul mondigwording. So indien ons vandag daarna kyk behoort die ouers van mense onder 21 jaar deur hul gemeentes aangekla word wanneer die kinders verkeerd en teen die landswette optree, aangesien hulle nog verantwoordelik is vir die gedrag en optrede van hulle kinders. Die siening het selfs gemaak dat vir 'n tyd kon die RKK selfs dooies doop om hulle in die hemel te kry.

HOOFSTUK 3

NOU KAN ONS KOM BY DIE VOLGENDE STRUIKELBLOK, DIE REFORMASIE.

Die reformatie se groot draaipunt het gekom toe die Bybel aan die gewone mens beskikbaar gestel is. Mense soos Luther het dit in Duits vertaal en so kon die gewone Duitser dus ook lees wat die Bybel se boodskap was. Luther se grootste geskrif is seker sy 95 stellings wat hy teen die RKK ingebring het. Wat ek wel gevind het is dat die meeste van sy probleme gegaan het oor die gesag van die pous en sy teenwoordigers.

95 STELLINGS 31 OKTOBER 1517 AUGSBURGIN WIKIPEDIA, DIE VRYE ENSIKLOPEDIË.

Die volgende gedeelte is 'n aanhaling uit die bron soos hierbo genoem. Dit is 'n redelike lang gedeelte, maar ek dink dit gee vir enige leser al die inligting rondom Luther en sy 95 stellings wat hy in Wittenberg vrygestel het. Daar was baie kruisverwysings in die stuk maar terwille van eenheid het ek dit verwyder aangesien dit eintlik afbreuk doen aan die gedeelte. So byvoorbeeld is daar elke keer wat na Luther verwys word, 'n skakel na Luther op die vrye ensiklopedie gewees en elke Bybelvers weer na 'n ander webtuiste waar die vers dan volledig aangehaal is.

DIE EERSTE 25 VAN DIE 95 STELLINGS IN LATYN, WAT IN 1522 DEUR MELCHIOR LOTTER IN WITTENBERG GEDRUK IS.

Martin Luther het op 31 Oktober 1517, 'n dag voor die Feesdag van Alle Heiliges, die sogenaamde **95 stellings** teen een of meer kerkdeure in Wittenberg vasgespyker, en hierdie datum word gesien as die begin van die Protestantse Hervorming. Die 95 stellings het die Rooms-Katolieke leer oor saligheid in etlike verklarings weerlê, en Luther het dit gestaaf met redenasies en die aanhaal van Bybel tekste. Die dokument wat in Latyn opgestel is, was 'n uitnodiging tot 'n debat onder sy mede-akademici, getiteld: **Rede stryd oor die Krag en Doeltreffendheid van Aflate**. Hierdie debat het blykbaar nooit plaasgevind nie, omdat die stellings gou in die volkstaal, Duits, vertaal en versprei is, sodat die omstreke in beroering gekom het. Teen jaareinde het Caspar Nützel reeds gedrukte Duits talige kopieë van die stellings uit Leipzig, Neurenberg, Basel en moontlik Augsburg versprei.

ONTWIKKELING EN NAGEVOLGE

Die bekendmaking van die 95 stellings is aangehelp deur die drukkuns en was die eerste salvo van 'n bittere geloofstryd en 'n kettingreaksie van Wes-Europese omwentelinge.^[3] Die stellings het wel kerklike teologie aangespreek, maar as nuwe-effek is die kerk se finansieringspolitiek onder die loep gebring. Die Katolieke Kerk se reaksie was om die stellings en Luther se latere geskrifte met opbouende onverdraagsaamheid te verwerp. By Augsburg in 1518 en Worms in 1521 is Luther onder groot druk geplaas om sy corpus met inbegrip van die stellings terug te trek, en sy ekskommunikasie is kort daarop bekendgemaak.

Die publiek en hul leraars is geprikkel om aan uiteenlopende teologiese oortuigings uiting te gee, en etlike humaniste, het by die nuwe gedagtes aanklank gevind. Daar was egter ook Erasmus, Zasius, Reuchlin en Wimpheling wat nie van hul bestaande oortuigings afgewyk het nie. Prinse en keurvorste is genoop om nuwe alliansies te vorm soos die Schmalkaldiese bond, 'n teenvoeter vir Katolieke keiserlike magte wat die ou orde met geweld wou afdwing. Verskillende oorloë het uit die twispunt voortgevloei: die Kleinboer oorlog, Schmalkaldiese oorlog en uiteindelik die Dertigjarige oorlog, waar teologiese voor politieke oorwegings gewyk het.

Die humanisme wat daardie tyd bestaan het verskil geheel en al van die betekenis van die woord

vandag. Dit kan as volg opgesom word: **Die humanisme was 'n opvoedkundige beweging wat hom vir die herlewering van antieke geleerdheid beywer en sedert die 14de eeu vanuit Italië ook na ander gebiede uitgebrei het. 'n Grondbeginsel van humaniste was *Ad fontes* ("[Terug] na die bronne") waarvolgens die werke van antieke skrywers bestudeer en sodoende 'n kritieke houding teenoor die teenswoordige tyd ontwikkel is.** Een van die voorstanders van die beweging was Desiderius Erasmus, wat die Bybel in Latyn vertaal het sodat meer van die geleerdes toegang tot die Bybel gehad het.

Humanistiese gedagtes het groot invloed op destydse universiteite uitgeoefen en hul stempel op talle latere kerkhervormers afgedruk. Die Bybel is net soos die werke van kerkvaders ywerig bestudeer, en uit hierdie belangstelling sou hervormers later hul beginsel van Sola Scriptura ("Slegs die Heilige Skrifte") ontwikkel.

Nog 'n beslissende faktor was die uitvinding van die boekdrukkuns met los letters in die middel van die 15de eeu wat 'n ware revolusie in die destydse mediabedryf meegebring het. Met boeke en pamflette het die kerkhervormers oor nuwe massamedia beskik waarmee hulle hul gedagtes maklik aan 'n breë publiek kon bekend stel.

Die 95 stellings het nog nie 'n omvattende uiteensetting van Protestantse leer gebied nie. Die reformatoriese sleutelbegrip van "regverdiging uit geloof alleen" is wel by implikasie aangeraak, maar in hoofsaak het die stellings gewentel om Luther se vroeë sienings oor aflate en boetedoening. Die afskaffing van hierdie biegepraktyke onder Protestante het die weg gebaan vir die beëindiging van etlike ander gebruike van die middeleeuse Christendom.

In die sakrament van boetedoening het Christene hulle sondes beken en vrypraak daarvoor ontvang. Genoegdoening of restitusie was 'n inherente aspek van die sakrament, en het die betaling van boetes behels. Benewens kon 'n werklik berouvolle persoon wat sy sondes beken, deels, of selfs plenêre (d.i. volle) vrywaring van tydelike straf in die vagevuur ontvang deur die aankoop van 'n aflate. Dit het aankopers of hul gestorwe familieleden egter nie toegang tot die hemel belowe, of selfs vergifnis van sondes nie, maar sou slegs bestrawwing in die vagevuur verkort. Die kerk het dit toegestaan vir sekere goeie werke, en dit was nie altyd te koop nie. Die jubileum-aflate wat Luther se aandag getrek het, was van die plenêre soort.

ROLSPELERS IN DIE AFLAAT BEDRYF

Johann Tetzel het te Jüterbog, 40 km of sewe uur te voet van Wittenberg, aflate verkoop.

Albrecht en sy ouer broer Joachim I (keurvors sedert 1499) van die Brandenburgseprinsehuis het onder die vernaamste ondersteuners van die pousdom in die Heilige Romeinse Ryk getel. Reeds in 1513, op ouderdom 23, het Albrecht van Brandenburg die episkopale administrateur van Halberstadt en die aartsbiskop van Maagdeburg geword. In 1514 sou hy ook aartsbiskop van Mainz word, en vanaf 1518 was hy ook kardinaal. Pouslike instemming tot sodanige opeenhoping van kerkampste is teen groot onkoste verkry, 14 000 gulde vir verkiesing tot Maagdeburg en 10 000 vir Mainz, en volgens Angelus altesaam in die 30 000 gulde. Dit is deur die Augsburgse Fugger-bankiers voorgeskiet, en om sy skuld te delg het die aartsbiskop aan die sg. "Pietersaflate" deelgeneem. Dit was 'n aflate subskripsie vir finansiering van die nuwe Sint Pieterskerk te Rome, wat reeds in 1506 deur pous Julius II gepubliseer is. Van 1500 tot 1517 was daar vyf uitgifte van aflate in Duitsland, en dié van 1515 is deur pous Leo met 'n pouslike bul vir aflaathandel in die Mark Brandenburg en die kerklike provinsies Mainz en Maagdeburg gemagtig. Aan Albrecht is 'n oktrooi van agt jaar toegestaan waarvolgens die helfte van die inkomste uit die jubileum-aflate sy skuld sou delg, en die orige helfte die pous self toegeval het. Hierdie ooreenkoms is deur die prelaat Dr. Johannes Blankenfelde, seun van 'n voormalige koopman en burgemeester van Berlyn, bemiddel.

Nou het aartsbiskop Albrecht gesoek na 'n vernuftige en welsprekende "algemene onder

kommissaris van aflate" of *commissarii apostolici ethaereticae pravitatis Inquisitoris specialis*. Johann Tetzel, wat reeds kon terugkyk op 'n veelbewoë lewe, en reeds vanaf 1504 as aflaatprediker opgetree het, het hieraan voldoen. Aan hierdie Dominikaanse monnik en prediker is volmag verleen om die aflaatbriewe te bemark. Hy het toe al reeds die publiek aangevuur met die woorde: "Sodra geld in die kas klingel, spring 'n siel uit die vagevuur in die hemel." Veral waar hy die saak van gestorwe familieledede by sy bemarking betrek het, waar ook geen berou of boetedoening betrokke kon wees nie, het hy gewis die Katolieke leer te buite gegaan. Daar was verder gerugte dat hy aflate verkoop het vir kwytskelding van skuld en vergifnis van toekomstige sondes, maar Tetzel en sy ondersteuners sou dit ontken. Die pryslys vir enkele sonde aflate was nietemin bekend; vir kerkroof nege, doodslag sewe, hekserij ses, en ouer-, broeder- of sustermoord vier goud dukate.

Angelus sou Tetzel as 'n "losse booswig en egbreker" beskryf het, en Otto von Corvin (1812-1886) was eweneens baie onvleiend in sy "Pfaffenspiegel" van 1845, waar hy hom teken as 'n "onbeskaamde vet deugniet", "skurk" en "onwaardige monnik." Daar word vertel dat Tetzel in Innsbruck ter dood veroordeel is, en net danksy die voorspraak van Frederik die Wyse vrygelaat is.

DRIE DOKUMENTE

Mense van Wittenberg het die grens na Jüterbog oorgesteek om aflate te koop. Sommige het begin twyfel aan die waarde van hul aankoop, en het met hul terugkeer vir Luther gevra om sy mening daaroor uit te spreek. Hy het geweier om die aflate se waarde te beaam en het in stede voortgegaan om die stellings aan te bring waar die volgende dag baie mense vir 'n feesdag verwag is. Hierdie feesdag was een van twee dae per jaar waartydens keurvors Frederik se relikwieë in die kasteelkerk besigtig kon word. Dat Luther by al hierdie dokumente reeds sy familienaam van "Luder" na "Luther" verander het, getuig van sy nuutgevonde skriftuurlike en renaissance-humanistiese vrydenke (vgl. Joh 8:31-32, 1 Kor 9:19 en *Eleutherius*, d.i. bevry).

Geskiedkundiges aanvaar oorwegend dat Luther wel 95 handgeskrewe stellings op die veelbesproke dag, 31 Oktober 1517, teen die kasteelkerk se deur gespyker het, en hierdie datum word gevier as Hervormingsdag. Tog het geen oorspronklike, en baie min gedrukte weergawes behoue gebly. Alhoewel Hieronymus Hölzel se Latynse weergawe slegs die jaartal 1517 toon, het Luther se mede hervormer Philipp Melanchthon in 1546 geskryf dat dit wel op 31 Oktober vasgespyker is. Georg Römer, Luther se skriba, het in 'n nota aangedui dat Luther die stellings aan elke kerk se deur geplaas het, maar die katolieke Luther-avorser Erwin Iserloh sou in 1961 aanvoer dat die kerkdeur-weergawe niks meer as 'n gewilde legende is nie. Alternatiewelik sou die publikasie daarvan deur Luther se familieledede, die Nesens, tot die verspreiding daarvan aanleiding gegee het.

Luther wou die lys van stellings in Latyn oor die leer en praktyk van aflate gebruik as die grondslag vir 'n teologiese diskoers oor etlike kwelvrae rondom hierdie onderwerp. Die inhoud daarvan was nie sprekend van 'n radikale breuk met die Katolieke Kerk nie, en Luther het later selde daarvan melding gemaak. Luther het immers tussen 1516 en 1521 twintig verskillende stelle stellings vir redevoering voorberei. Ook het Andreas Karlstadt 'n stel van sulke stellings in April 1517 opgestel, wat meer radikaal as Luther s'n was.

Die stellings, alhoewel 'n besprekingsdokument, erken die pouslike instelling meer as 20 keer, en wel as deur Christus self geordineer. Die stellings doen egter afbreuk aan die pouslike waardigheid en gesag oor aflate. In stellings 25 tot 29 word die bestaan van die vagevuur erken alhoewel dit afwyk van tradisionele Katolieke leer. Alhoewel die 95 stellings die misbruik van aflate sterk aanval, was Luther nie in beginsel teen aflate gekant nie, aangesien sy stelling 73 lees: "Die pous bulder tereg teen diegene wat op iedere wyse strewe om die verkoop van aflate te ondermyn." Die bemarking daarvan, soos destyds deur Johann Tetzel aangevoer, het hy egter as 'n ernstige

misbruik uitgewys. Die aanvang stellings getuig van Luther se nuwe insig in die betekenis van *metanoia*, 'n geestelike boetvaardigheid (vgl. Matt 4:17).

BRIEF AAN AARTSBISKOP

Aartsbiskop Albrecht, in Halle gesetel, was Tetzl se opsiener en het 'n brief van Luther ontvang waarby die 95 stellings aangeheg was.

Op dieselfde dag het Luther nog twee dokumente die lig laat sien, wat wel gedateer is. Die bekendste hiervan is die eerbiedige, dog dringende brief of beswaarskrif wat Luther aan die aartsbiskop Albrecht van Mainz gestuur het. Hierin het Luther die wanbegrippe uiteengesit wat deur Tetzl gepredik is, en hy het die aartsbiskop plegtig versoek om nuwe instruksies uit te ryk wat Tetzl onder bedwang sou bring. Die aartsbiskop het die brief aan die Universiteit van Mainz voorgelê vir 'n mening, en ook 'n afskrif na Rome gestuur.

Hierin het Luther 'n bedekte stel afgetrap, want pous Leo en die aartsbiskop het soos reeds gemeld saam uit die verkope van aflate en kerkampste voordeel getrek. Die aartsbiskop was kronies by sy broers en bankiers in die skuld vir die aankoop van sy ampte, en die pous het 300 000 gulde of die helfte van die inkomste ontvang vir die verfraaiing van die pouslike hof en aanbou van die nuwe Sint Pieterskerk. Albei was ook prelate wat danksy hul invloedryke families vinnige opgang in die kerk gemaak het.

KORT VERHANDELING

Die derde dokument was 'n kort verhandeling, getiteld *Tractatus de indulgentiis per Doctorem Martinum ordinis s. Augustini Wittenbergae editus*, oftewel "'n Verhandeling oor Aflate gepubliseer deur Doktor Martin van die Orde van Sint Augustinus te Wittenberg. Aan aartsbiskop Albrecht van Mainz, 31 Oktober 1517." Hierdie langvergete verhandeling van Luther is in die argiewe van Mainz opgespoor "tussen die papiere wat die korrespondensie tussen aartsbiskop Albrecht en die Mainz-universiteitsfakulteit van Desember 1517 bevat het." Dit is in 1907 deur F. Herrmann in die Tydskrif vir Kerkgeskiedenis (ZKG) gepubliseer.¹ Die Jesuïet en Luther-kenner Jared Wicks glo dat hierdie vroeë verhandeling van besondere historiese belang is:

"Hierdie dokument is die kort verhandeling wat die hooftrekke weergee van 'n voorlopige teologie van aflate wat Luther aan aartsbiskop Albrecht van Mainz en Maagdenburg op daardie dag van 31 Oktober 1517 gestuur het. Dit het slegs beperkte aandag ontvang van historici en teoloë wat die ontstaan van die Hervorming ondersoek het. Dit is betreurenswaardig aangesien die verhandeling op ordelike en bondige wyse Luther se begrip van aflate in 1517 verklaar, en sy opvatting van die beperkte rol van aflate in 'n Christen lewe openbaar. Die verhandeling verskaf die teologiese standpunt vir Luther se ingryping, en toon in die klein die ryk Augustynse spiritualiteit van boetedoening en vordering wat hy in sy vroeë werke gesmee het. Dit word soms as 'n tragedie van die 1517-gebeure beskou dat die bitsige 95 stellings binne 'n kwessie van weke oor Duitsland versprei is, terwyl hierdie deurdringende klein verhandeling in vergetelheid stof vergaar het."¹

INHOUD VAN DIE STELLINGS - AANHEF

Uit liefde vir die waarheid en uit 'n verlange om dit te verhelder, moet die volgende stellings te Wittenberg krities gedebatteer word onder die voorsitterskap van eerwaarde vader Martin Luther, magister in vrye kunste en heilige teologie, en aldaar ook volle professor in teologie. Derhalwe versoek hy diegene wat nie vir 'n mondelinge debat teenwoordig kan wees nie, om dit wel skriftelik te doen. In die Naam van onse Heer Jesus Christus. Amen.

UITTREKSELS UIT DIE STELLINGS

Die Neurenbergse juris, diplomaat en humanis Christoph von Scheurl was een van die eerstes om die stellings te druk en versprei.

1. Wanneer ons heer en meester Jesus Christus sê: "Bekeer julle, terwyl die koninkryk naby gekom het," bedoel Hy dat die ganse lewe van die getroue mens een van boetedoening moet wees.

2. Hierdie stelling kan nie gestand gedoen word deur die sakrament van boetedoening – dit wil sê – deur bieg en genoegdoening, soos dit deur die priesteramp bedien word nie.

27. Hulle preek verdigsel wat voorhou dat 'n siel uit die vagevuur spring sodra geld in die koffer klingel.

28. Sekerlik word gierigheid en bedrieglikheid aangewakker wanneer geld in die koffer klingel; maar wanneer die kerk tussenbeide tree, is die uitkoms in Gods hande alleen.

32. Diegene wat veronderstel dat hulle by wyse van hul aflaatbriewe van saligheid verseker is, saam met hulle leraars verdoem wees.

36. Elke Christen wat daadwerklik tot inkeer kom, ontvang vryskelding van straf en volkome vergifnis van die skuld waarmee hy belaaï is, selfs sonder aflaatbriewe.

37. Elke ware Christen, lewend of dood, is deelagtig aan al die gawes van Christus en die Kerk, want dit word deur God toegestaan, selfs sonder aflaatbriewe.

45. Christene behoort geleer te word dat wie ook al 'n behoeftige persoon sien, en instelle om hom te help, sy geld aan 'n aflaatbrief spandeer, nie 'n aflaat van die pous verkry nie, maar die smaad van God.

51. Christene behoort geleer te word dat die pous uit sy eie vermoë aan die armes behoort te skenk, dieselfde vermoë waaruit sekere predikers van aflate hul onderhoud delg, selfs al sou die pous die Sint Pieterskerk moes verkoop om dit reg te kry.

52. Dis tevergeefs en nutteloos om verlossing deur aflate te verdien, selfs as die kommissaris, of inderdaad die pous self, sy eie siel as pand daarvoor sou gee.

71. Laat hom verban en vervloek wees wat die apostoliese karakter van die aflate ontken.

73. Die pous bulder tereg teen diegene wat op iedere wyse strewe om die verkoop van aflate te ondermyn.

81. Hierdie skaamtelose prediking van aflate, maak dit selfs vir geleerdes moeilik om die pous se eer te verdedig teen naamskending of om die skerpsinnige vrae van leke te beantwoord.

82. Byvoorbeeld: "Hoekom staan die pous nie vrylating uit die vagevuur ter wille van die heilige liefde toe nie? Laat hy nie immers tallose siele vry ter wille van die bedorwe geld wat tot die bou van 'n katedraal bygedra word nie? ..."

90. Om hierdie baie regverdige argumente van die leek met geweld te onderdruk, eerder as om hulle van voldoende antwoorde te verskaf, sou neerkom op die blootstelling van die kerk en die pous aan bespotting deur hul vyande, en sal Christene bedroef.

94. Ons moet Christene vermaan om Christus, hulle Hoof, te volg deur bestrawwing, dood en hel.

95. Laat die mense dan vertrou om die hemel in te gaan deur baie verdrukkinge, eerder as enige valse sekuriteit en vrede.

UITTREKSEL UIT DIE KORT VERHANDELING

Alhoewel aflate die ware verdienste van Christus en van Sy heiliges is, en as sodanig alle eerbied beskore is, het hulle nietemin 'n waarlik skokkende praktyk van gierigheid te beurt geval. Want wie soek eintlik die saligheid van siele deur aflate, en nie eerder geld vir sy koffers nie? Dit blyk duidelik uit die wyse wat aflate gepredik word. Want die kommissarisse en predikers doen niks anders as om aflate te verheerlik en die mense aan te moedig om by te dra nie. Jy hoor niemand wat die mense leer wat aflate naamlik is, of hoeveel hulle toestaan, of omtrent die doel wat hulle vervul nie. Insteede hoor jy net hoeveel jy moet betaal. Die mense word altyd in onkunde gelaat, sodat hulle dink dat met die verkryging van 'n aflaaf hulle meteens saligheid ontvang.

REPLIEK

Luther se bievader, Johann von Staupitz, het hom afgevaardig om te presideer oor die Algemene Gemeente van Duitse Augustyne in April 1518.

Binne twee maande het Johann Tetzel gereageer met 'n oproep dat Luther op die brandstapel geplaas moet word vir kettery. Tetzel het verder die teoloog Konrad Wimpina gevra om (106) teenstellings teen Luther se werk op te stel, wat ondermeer die volgende stelling ingesluit het: "Christene behoort geleer te word dat die pous, by magte van sy jurisdiksie, bo die hele Katolieke Kerk en sy rade verheerlik is, en dat al diegene in ootmoed aan sy statute gehoorsaam moet wees." Tetzel het hierdie stellings in Januarie 1518 in 'n rede stryd voor 'n groot versameling geestelikes en monnike by die Universiteit van Frankfurt aan die Oder verdedig. 800 gedrukte kopieë van hierdie rede stryd is na Wittenberg versend om daar verkoop te word, maar universiteitstudente het dit by die boekverkoper afgeneem en verbrand. In Februarie 1518 het Roomse kerkowerhede geëis dat Luther se kloosterorde hom die swye oplaë.

Luther het begin vrees dat die situasie buite beheer was en dat hy in gevaar mog verkeer. Om sy teenstanders te paai het hy in Maart 1518 die "Preek oor Aflate en Genade" (*Sermon von Ablassund Gnade*) gepubliseer, wat nie die pous se gesag uitgedaag het nie. Hierdie kort Duitstalige pamflet was vir leke toeganklik en is weens die sukses daarvan 20 keer herdruk. Tetzel het gereageer met 'n punt vir punt weerlegging daarvan, getiteld "Weerlegging van 'n Voorbarige Preek van Twintig Foutiewe Artikels," wat baie verwysings na die Bybel en belangrike teoloë bevat het. Sy pamflet was egter nie naastenby so gewild as Luther s'n nie. Luther se repliek op Tetzel se pamflet, getiteld "Rakende die Vryheid van die Preek oor Pouslike Aflate en Genade" was egter weereens 'n suksesvolle publikasie.

Die vinnige verspreiding van die 95 stellings het Luther onkant gevang, sodat hy vier maande later, op 5 Maart 1518, aan Christoph von Scheurl sou skryf:

Jy wonder hoekom ek jou nie daarvan vertel het nie. Dit was egter nie my wens dat die stellings wyd gesirkuleer word nie. Slegs het ek beoog om dit aan 'n paar geleerdes voor te lê ter bespreking, en indien dit afgekeur sou word, te onderdruk, of indien jy daarby byval sou vind, dit deur hulle publikasies bekend te maak. Maar nou word hulle buitelandse versprei en oral vertaal, wat ek nooit sou voorsien het nie, sodat dit my spyt dat ek aan hulle geboorte gegee het. Nié dat ek onwillig is om die waarheid manhaftig te beaam nie, want daar is niks wat ek meer hartlik begeer nie, maar omdat dit van min waarde is om die mense op hierdie wyse instruksie te gee. Tot op hede is ek nog onseker oor sekere punte, sou ander meer deeglik nagegaan het, en sekeres uitgelaat het as ek al hierdie dinge kon voorsien het.

Toe Luther hoor dat Tetzel op sy sterfbed was, het hy 'n troosbrief aan hom geskryf. Hierin het hy gevra dat Tetzel "nie onrustig moet voel nie, want die saak het nie om sy ontwil ontstaan nie, en het tewens 'n heel ander pa gehad." Tetzel is in 1519 dood in die Leipzige Dominikaanse klooster. Hy het lae aansien geniet en is deur die publiek vermy, deels weens klaarblyklike valse gerugte oor hom wat deur Karl von Miltitz versprei is.

Luther is deur sy Augustynse opsiener, Johann von Staupitz, afgevaardig om te presideer oor rede stryde wat in April 1518 by die Algemene Gemeente van Duitse Augustyne in Heidelberg gehou is. Die ontwikkeling van Luther se gedagtes tot 'n teologie sou hier belangrike blootstelling kry, en die toekomstige hervormers Martin Bucer en Johannes Brenz was in die gehoor. Hier het Luther 40 stellings (28 teologies en 12 filosofies) van sy sg. Heidelbergse Rede stryd verdedig. Die Katolieke Kerk het daarop vir keurvors Frederik gevra om Luther aan hulle uit te lewer, maar die keurvors het keiser en pous teëgegaan deur te eis dat Luther op Duitse grondgebied verhoor word. Von Staupitz het nou vir Luther vrygestel van sy eed van getrouheid aan die kloosterorde, sodat die keurvors voortaan sy enigste beskermheer was. Toe die Augsburgse verhoor (12-18 Oktober 1518) deur kardinaal Cajetan 'n dooie punt bereik, was Luther wel op die drumpel van arrestasie. Luther het egter middernagtelik weggeglip, en het presies 'n jaar na die vasgespykering van sy 95 stellings weer in Wittenberg gearriveer.

Die formele Katolieke teëwerping van Lutherse teologie en van sy siening oor boetedoening sou in die Teenreformasie met die Konsilie van Trente (1545–1563) bewoord word. Aldaar is boetedoening bevestig as een van die sewe Katolieke sakramente, en as waarlik en behoorlik deur Christus verordineer as die versoeningsproses vir gelowiges met God, so dikwels as hulle na hul doop in sonde sou val.

Tot hier die aanhaling oor Luther se 95 stellings.

So om saam te vat rondom Luther: Met hierdie instelling het die kerk veral in Duitsland vir hulle 'n onuitputlike bron van inkomste geskep. Luther se stelling spreek die misbruik van die aflaatstelsel aan maar die stelling is eintlik gemik op die kern van die boetedoenings en aflaatleer self. Luther het nog met die opstel van hierdie stelling geglo dat hy die pous met die vernedering van die aflaatpraktyk kon uithelp. Met die stelling het Luther nog vasgehou aan die noodwendigheid van die Absolusie, die toesegging van vergifnis deur die priester, al was dit nou nie meer so seer as deur die bemiddeling van die priester nie, maar deur die verkondiging van vergifnis deur die priester. Die geloof in die vagevuur het hy mettertyd bevraagteken. Nogtans het hy alreeds deur die 95 stelling die boetedoening uit die mag van die sakramentele en hiërargiese mag van die kerk bevry deur dit weer in die persoonlike verhouding van die enkeling met God toe te wys.

En dit is wat Luther teengestaan het.

LUTHER SE STRUIKELBLOKKE.

Ons almal hoor van Luther en sy stellings, maar min weet eintlik iets van Luther se lewe af. Hy is op redelike jong ouderdom oorlede en het hom in die begin baie toegespits om die boodskap van Christus vir die Jode te leer. Sy eerste probleem was dat hy met mense gepraat het wat “aangenome” Jode was, of soos hulle bekend gestaan het as Ashkenazi Jode. Hierdie mense het voor Luther se tyd gesit tussen die Roomse Kerk aan die eenkant en die Moslems aan die ander kant en toe om te verhoed dat hulle deur albei uitgeroei word, hulle gewend het tot die Joodse geloof. Hul hoof bron was dan ook die Talmud en nie die Torah nie en dit het Luther se aanslag gekniehalter. Luther kon uit die Torah wat nou in Latyns beskikbaar was vir meeste geleerdes nadat dit deur Erasmus vertaal is, die Evangelie van Jesus verduidelik, maar hulle het die Talmud wat die “ongesproke” woorde van die HERE was, so oorlewings en kon hy nie tot hulle deurdring nie. Dit is wat sy grootste probleem met die Jode was.

Dit het hom later so gekwel dat hy die boek “On the Jews and their Lies” geskryf het waar hy werklik teen hulle uitgevaar het en is die boek later na die tweede wêreldoorlog deur Julius Streicher in sy verweer in sy hofsaak as Nazi gebruik, waar Streicher verklaar het dat hulle net

gedoen het wat Luther vir hulle beveel het. Op Luther se verjaarsdag in 1938 het Streicher ook geskryf dat dit wat Luther gesê het, moet gebeur daardie dag gedoen word en is deur dat hulle sinagoges afgebrand is, hulle eiendom te onteien is en hulle as slawe wou gebruik.

So die antisemitisme van die Duitsers het ontstaan as gevolg van die boek van hom en eers in die 1990's het die Lutherse Kerk hulle gedistansieer van die boek. So dit is een van die struikelblokke wat ek in my soeke gevind het, is dat hy baie wraaksugtig teen sy opponente opgetree het.

Wat leerstellings aanbetref is sy bekendste werk seker sy kommentaar op Galasiërs wat deur baie mense gebruik word. Die hoofpunt wat veral deur die Calviniste gebruik word, is sy uitspraak oor genade alleen, maar wat ek later sal aanspreek, aangesien dit 'n tweeledige betekenis het.

As persoon en ook van sy leerstellings is vir my regtig kommerwekkend aangesien hy so oortuig was dat jy maar kan sondig want dan word die genade wat jy ontvang soveel meer. Dit is strydig met wat al die apostels se lewe gewys het en wat hulle geskryf het, naamlik dat wanneer jy jou tot die HERE bekeer, jy heiligmaking moet soek.

Daar word ook oor hom soos volg geskryf: "Indeed, he stated: "Even if the Church, Augustine, the doctors Peter and Paul and even an Angel of heaven should teach the opposite, my doctrine alone exalts the grace and glory of God and condemns human justice in its wisdom" (2). He pretended that any of his followers, even children, who studied his teachings knew more about religion and Christianity than all the Prelates of the past and all the Catholic teaching institutions (3). What a delirium of pride! Even more vivid examples of his frenetic state of mind are these words, unparalleled in the records of despotism and pride: "Whoever does not believe as I do is destined to hell. My doctrine and God's doctrine are the same. My judgment is God's judgment" (4). "I am sure that my dogmas come from heaven ... They shall prevail and the Pope shall fall, despite the gates of hell or the powers of the air, earth and sea" (5).

"We should not yield anything to the impious papists ... Our pride against the Pope is imperative. ... We shall give in to nobody, not to all the Angels of heaven, not to Peter or Paul, not to one hundred emperors, not to a thousand Popes, not to the whole world ... I cede nothing to no one" (6). "Does this Luther appear to you an extravagant man? I believe he is God. Otherwise, how could his writings and his name have the power to transform beggars into lords, donkeys into doctors, criminals into saints, and mud into pearls?" (7)

Is this a wild display of satanic pride or an extreme case of mental pathology?"

1. M. Luther, *Werke*, Weimar: Kritische Gesamtausgabe, 1883-1914, vol. XXX, p. 3, Abteilung 317;
2. *Ibid*, vol. XL, p. 1, Abteilung 132;
3. W.M.L. De Wette, *Briefe, Sendschreiben und Bedenken*, Berlin, 1825-1828, vol. IV, p. 21;
4. Weimar, vol. X, p. 2, Abteilung 107;
5. *Ibid*, Abteilung 184;
6. *Ibid*, vol. XV, p. 1, Abteilung 180-181;
7. Ed. Wittemb. 1551, vol. IV, p. 378;

Dit is ook interessant dat hy gereeld van siening verander het. Selfs sy stellings wou hy oorspronklik net as 'n agenda opstel vir verdere gesprekke, maar dit was toe alreeds te laat aangesien ander reeds duisende van die stellings gedruk het en uitgegee het. Luther self was van sekere van die stellings ook nie oortuig nie. Daar was gebeure waar hy sy standpunt binne 24 uur verander het. So 'n voorbeeld was opgeteken oor die doop waar hy gesê het dat 'n persoon indien hy nie geweet het wat doop beteken nie, nie gedoop hoef te word indien hy nou tot besef gekom het wat Christus kom doen het nie en dan die volgende dag weer gesê het die persoon moet weer gedoop word.

Ons moet ook onthou dat Luther reeds op 'n jeugdige ouderdom weggebreek het van die Roomse

Kerk en self nog nie 'n volle geloofsoortuiging kon neerpen nie. So hy het onderwerpe hanteer soos vroeë gekom het en het nie altyd die nodige leiding toegelaat van die Heilige Gees voordat hy van sy uitlatings gemaak het en dan noodgedwonge hulle weer moes hersien. Dit is duidelik in sy optrede teen die Jode te sien waar hy hulle eers wou leer en toe later vervloek het.

Indien ek die voorbeeld van Paulus kan gebruik het hy eers 12 of 15 jaar na sy Damaskuspad ondervinding met die ander apostels kennis gemaak, maar dat hy ook eers vir drie jaar alleen moes wees sodat die HERE sy geleerdheid kon gebruik om die evangelie van Jesus kon begin leer aan die Jode eers en daarna aan die heidene. Luther het dit nie gedoen nie en was regtig baie vol van homself gewees. Dan het hy ook seker die grootste leer oor die duiwel ingebring aangesien hy alles wat verkeerd was, aan die duiwel toegeskryf het. So is daar van sy geskrifte waar daar meer oor die duiwel praat as oor Christus. "In the essay against Duke Henry of Brunswick, the Devil is honored by being named 146 times; in the book on the councils he mentioned the Devil 15 times in four lines (17). He accused the adversaries of the Reformation of having "a satanist, super-satanist and hyper-satanist heart." 17. Erlangen, vol. XXXII, p. 89.

Verder het hy meestal net oor stellings gegaan wat gesag van Rome bevraagteken het, maar basiese beginsels soos ons leer in Hebreërs hoofstuk 6 se eerste twee verse, word nie na gekyk nie. So is die Roomse doop oorgeneem saam met die reformatie en alhoewel daar wel later onenigheid ontstaan het, het die meeste mense maar die "sterkste filosoof" se standpunt gevolg.

"The voice of conscience was, for Luther, not that of grace, but the voice of the Devil.

For this reason he wrote to a friend that a man tempted by the Devil should at times "drink more abundantly, gamble, divert himself, and even commit some sin out of hatred and defiance for the Devil, in order to not give him opportunity to disturb his conscience with trifles ... The whole Decalogue should be wiped away from our eyes and souls because we are so persecuted and molested by the Devil" (Luther, Briefe, Sendschreiben und Bedenken, ed. De Wette, Berlin, 1825-1828, in L. Franca, op. cit., pp. 199-200).

Along these lines, he also wrote: "God only obliges you to believe and to confess. In everything else, He leaves you free to do whatever you want, without any danger to your conscience. Further, it is certain that He does not care if you leave your wife, flee from your master, or are not faithful to any obligation. What is it to Him if you do or do not do such things?" (Werke, ed. de Weimar, 12, pp. 131ff., in *ibid.*, p. 446).

Perhaps even more categorical is this incitement to sin, written in a letter to Melancton dated August 1, 1521: "Be a sinner, and sin boldly (esto peccatore peccafortiter) but even more boldly believe and rejoice in Christ, the conqueror of sin, death and the world. **During this life we must sin.** It suffices that, by the mercy of God, we know the Lamb who takes away the sins of the world. **Sin will not separate us from Him, even if we were to commit a thousand murders and a thousand adulteries a day**" (Briefe, Sendschreiben und Bedenken, 2, p. 37, in *ibid.*, p. 439)"

"On July 13, he wrote to another Protestant leader, Melancton: "Here I find myself, mindless and hardened, established in idleness. Oh woe! Praying little and no longer wailing for the Church of God because I burn and blaze in my untaught flesh. In short, I who should have fervor of spirit, have fervor of the flesh, licentiousness, sloth, idleness and somnolence (*Ibid*, 2, p. 22, in *ibid.*, p. 198).

In a sermon preached in 1532: "**As for me, I confess – and many others could undoubtedly make the same confession – that I am as neglectful in discipline as in zeal, much more negligent now than under the papacy. Today, no one has the zeal for the Gospel that they used to have in the past**" (Saemtliche Werke, ed. de Plochman-Irmischer, 28 (2), p. 353, in *ibid.*, p. 441)"

Daar word vertel dat hy baie aande in die plaaslike kroeg deurgebring het en dat van die mense

daar gewoon was om hom huis toe te dra aangesien hy nie in staat was om self te loop nie, of alreeds geslaap het.

So ek wou net 'n bietjie agtergrond gee oor Luther as persoon en my vraag wat ek regtig kan vra en moet vra kom uit Hebreërs; *“Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.”* (Heb 13:7) Ek dink nie sy voorbeeld in navolgenswaardig nie.

HOOFSTUK 4

CALVYN

Oor Calvyn is daar baie geskryf in ons eie taal of Hollands en is meeste van die Susters kerke in Suid Afrika vandag nog Calviniste. Daar is wel 'n tendens by sommige van die gemeentes en groeperings te sien dat hulle al hoe meer begin afdwaal van waarvoor die reformiste geveg het en al hoe meer na die nuwe betekenis van menseregte begin beweeg. Waar menseregte in die vroeë reformatie beteken het om terug te keer na die oorspronklik bron, of Sola Scriptura, is die gemeentes meer besig om die wêreld te volg deur al hoe meer en meer sogenaamde liberale menseregte te volg. Die feit dat ons voorvaders vervolg en gesterf het om vry te wees van vervolging en vir dit wat hulle in geglo het, is lankal vergete. Vandag probeer ons om soveel moontlik van die regte van sondaars in die kerk se leer nie meer as sonde te laat lyk nie, maar dat ons verdraagsaamheid en liberalistiese sienings aan die dag moet lê en is dié verskynsel baie belangriker as om sonde nog sonde te noem.

Ek wil ook nie hierdie maar net nog 'n anti-Calvinistiese leerstellings dokument laat word nie, want daar is al sovele mense wat baie daarvoor geskryf het. My standpunt sal ek so kort en kragtig as moontlik hou en dan kan uself ondersoek instel of ek verkeerd is of nie. Die “of nie” gedeelte sal maar moeilik wees om te bewys aangesien selfs onder die Calviniste daar 'n tendens is om te sê ek is 'n twee of driepunt Calvinis, wat eintlik beteken jy stem nie saam nie, maar ter wille van jou stand wil jy dit nie hardop teenstaan nie.

Die grootste aspek wat ek gevind het in my soeke na waar ek sien Calvinisme gefaal het, is in die verstaan van die verbond. Aangesien Calvyn gevoel het dat sy volgelinge veilig moet voel, het hy dit wat Paulus vir ons oor skryf dat Israel as voorbeeld vir ons moet wees, soveel moontlik van probeer weg kom het, sodat hulle nie ook deur die HERE verwerp word nie. Hy wil dat soos so baie ander groepe dat indien jy eenkeer “gered” is jy altyd “gered” is vir die mense voorhou sodat hulle nie te veel aan Luther moes torring oor sy leer dat jy maar kan sondig nadat jy die HERE as verlosser gesien het.

NOU KOM ONS BY SY BEKENDE “TULIP” LEERSTELLING, WAT EK NET VINNIG GAAN AANRAAK.

Die T staan vir “total depravity”, met ander woorde ek is nie in staat om enige iets te doen om my met die HERE te versoen nie. Dit bots natuurlik met Jesus se standpunt in Johannes wat leer dat die Heilige Gees gaan kom om ons te oortuig van sonde. So eers wanneer ek besef dat ek verlore is, kan ek 'n verlosser soek. So ek is nie so dat ek niks daaraan kan doen nie, want die HERE is bewus van my stand, maar het reeds voorsiening daarvoor gemaak deur die Heilige Gees. Net om te bewys hoe verkeerd die redenasie is, kyk hulle nie na Adam se keuses voor die sondeval nie wat ek juis in die volgende paragraaf aanhaal. Ek haal aan van 'n webtuiste Calvinist corner. “Sin has affected all parts of man. The heart, emotions, will, mind, and body are all affected by sin. We are completely sinful. We are not as sinful as we could be, but we are completely affected by sin.” Ons moet onthou dat Eva gekies het om die Satan te glo al was sy in die Paradys by HERE. So dit al klaar bewys ek het nodig om te kies tussen reg en verkeerd.

Die U staan vir “Unconditional Election” en hier kom een van die grootste dwalings van Calvyn aan die lig. Hy beweer dat ek uitverkies is om die HERE te dien of nie. Maar dit neem my verantwoordelikheid weg as skepping om my Skepper te gehoorsaam. Voor die sondeval al het die HERE Adam gemaak en kon hy kies wat hy wou doen en dit was voor daar enige sonde gepleeg is. So om nou te verklaar dat die HERE verantwoordelik was vir Adam se val, omdat Adam nie verantwoordelik was vir sy keuse nie, is om Hom, die HERE ook die outeur van sonde en alles wat verkeerd loop, te maak. Maar die HERE sê tog in Genesis 3:22: “*Nou het die mens geword soos een*

van Ons deur goed en kwaad te ken.” Verder kan ons maar kyk in die geskiedenis. Dat sekere mense gekies is om sekere goed te doen, is verseker, maar om nou alles wat gebeur en almal wat nie kan besluit om die HERE te dien Sy besluit te maak, is onsin. Dit mag dalk by filosowe aanklank vind, maar nie by iemand met logiese denke nie.

Die L staan vir “Limited atonement”, of te wel dat Jesus net vir sekere mense gesterf het. So al Jesus se uitsprake dat Hy gekom het sodat elkeen wat glo dat Hy die Messias is gered kan word, is nie geldig nie. Dit is hoekom van hulle wel sendingwerk sal doen want hulle weet nie wie uitgekies is nie, maar die persone sal wel positief antwoord wanneer hulle die boodskap hoor. So indien ek sondig en nie daarvan kan loskom nie, is dit die HERE se skuld want ek is nie uitverkies nie. Dit sluit natuurlik aan by Luther se absurde lering dat jy ’n duisend maal ’n dag owerspel kan pleeg maar dit sal geen invloed op jou toekoms hê nie. Wanneer ek so deur die lering lees kan ek net my kop skud en sien dat ons vandag ook sulke filosowe het wat met die grootste klomp gemors kan weg kom, want niemand sal durf waag om hulle teen te staan nie. Wat weet jy nou as leek oor die onderwerp? So die gedeelte in Johannes wat ek vroeër ook na verwys het sal ek hier aanhaal sodat dit by u kan insink wat Jesus self gesê het: *“En Jesus het uitgeroep en gesê: Wie in My glo, glo nie in My nie, maar in Hom wat My gestuur het. En wie My aanskou, aanskou Hom wat My gestuur het. Ek het as ’n lig in die wêreld gekom, sodat elkeen wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie. En as iemand na my woorde luister en nie glo nie, Ek oordeel hom nie; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie, maar om die wêreld te red. Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My ’n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek. En Ek weet dat sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek—net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek.”* (Joh 12:44-50) ***“Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is. Nog baie dinge het Ek om aan julle te sê, maar julle kan dit nou nie dra nie. Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, omdat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig. Alles wat die Vader het, is myne; daarom het Ek gesê dat Hy dit sal neem uit wat aan My behoort, en aan julle verkondig.”*** (Joh 16:7-15) So ons sien dat die Heilige Gees elke persoon sal oortuig van sonde, maar ons het almal ’n keuse om na Hom te luister of nie.

Die I staan vir “Irresistible Grace”, wat weer beteken dat ek nie nee sal kan sê indien ek uitverkies is nie. So ek het net nodig om te glo dat dit wat iemand van die preekstoel af gesê het en ek is altyd gered. Die standpunt word in die volgende paragraaf bespreek. Soos alles word enige keuses wat ek in my lewe maak, uit my hande weggeneem en is dit die HERE se verantwoordelikheid. Hierdie is natuurlik die grootste strydpunt tussen die wat Calvyn se lering aanhang en die wat soos ek sê dat jy ’n keuse het om te wil deel aan dit wat die HERE beloof het. Nou verklaar hulle is die HERE ondergeskik aan my wil, maar wat hulle vergeet is dat die HERE al lankal in my werk deur Sy Heilige Gees om my by ’n punt te bring waar ek moet kies of ek Hom wil dien in my lewe of nie. Indien ek Hom wel wil dien, sal ek my lewe moet verander sodat die gedeelte in Maleagi bewaarheid kan word. ***“Toe het die wat die HERE vrees, met mekaar gespreek; en die HERE het dit opgemerk en gehoor, en daar is ’n gedenkboek voor sy aangesig geskrywe vir die wat die HERE vrees en sy Naam eer. En hulle sal My tot ’n eiendom wees, sê die HERE van die leërskaar, op die dag wat Ek skep, en Ek sal met hulle medelyde hê soos ’n man medelyde het met sy seun wat hom dien. Dan sal julle weer die onderskeidsien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie.”*** (Mal 3:16-18) Ek neem ook aan dat dit die boek is wat Jesus in Openbaring gaan oopmaak om te sien wie se name daarin geskryf is. Dieselfde geld vir wêreld

gebeure waar alles wat gebeur reeds deur die HERE goedgekeur is. So indien iemand vandag by my inbreek en my vermoor, was dit die wil van die HERE en is die moordenaar deur die HERE aangesê om dit te doen. So die hele keuse wat Adam al gehad het, is nie geldig nie. So die nuwe Suid Afrika is die gevolg van die HERE, en nie die van moordlistiges soos 'n Malema, Ramaphosa en hul kaders nie.

Die P staan vir "Perseverance of the Saints". Dit beteken dat jy nie jou saligheid kan verloor nie, maar dat indien jy eenkeer gered is dat jy altyd gered is. Jy kan wel deur toetse gaan maar jy weet dat jy nie te erg bekommerd moet wees nie, want jy sal nie as sondaar sterf nie. So dit maak nie saak wat jy ookal doen tydens die toetse of nie, jy kan nie verlore gaan nie. Die feit dat die HERE mense in die aarde laat wegsluk het, Israel verwoes het omdat hulle na Egipte teruggekeer het en dat Hy hulle neergevel het in die woestyn omdat hulle nie geloof gehad het nie, beteken niks nie. Ook seker die grootste teenkanting kom uit Esegïel 18: *"Tog sê julle: Die weg van die Here is nie reg nie. Hoor tog, o huis van Israel! Is my weg nie reg nie? Is julle weë nie onreg nie? As die regverdige afwyk van sy geregtigheid en onreg doen, dan sterf hy ten gevolge daarvan; deur sy onreg wat hy gedoen het, sterf hy. En as die goddelose hom bekeer van sy goddeloosheid wat hy gedoen het, en reg en geregtigheid doen—hy sal sy siel in die lewe behou; hy het dit ingesien en hom bekeer van al sy oortredinge wat hy begaan het; hy sal sekerlik lewe, hy sal nie sterwe nie. Tog sê die huis van Israel: Die weg van die Here is nie reg nie. Is my weë nie reg nie, o huis van Israel? Is julle weë nie onreg nie? Daarom sal Ek julle oordeel, o huis van Israel, elkeen volgens sy weë, spreek die Here HERE. Bekeer julle en wend julle af van al julle oortredinge, sodat dit nie 'n struikelblok tot ongeregtigheid vir julle mag wees nie. Werp al julle oortredinge waardeur julle oortree het, van julle af weg en maak vir julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees; want waarom wil julle sterwe, o huis van Israel?"* (Esg 18:25-31) Dan is daar ook Hebreërs 6: *"Want dit is onmoontlik om die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak en die Heilige Gees deelagtig geword het, en die goeie woord van God gesmaak het en die kragte van die toekomstige wêreld, en afvallig geword het —om dié weer tot bekering te vernuwe, omdat hulle ten opsigte van hulleself die Seun van God weer kruisig en openlik tot skande maak."* (Heb 6:4-6)

OPSOMMING

My persoonlike siening is dat sy leer aanklank vind by die persone wat filosofie verkies. Dan kan hulle baie filosofeer oor die saak, en by allerhande slot somme kom sonder om enigsins by die Bybelse antwoord uit te kom. En dan het Calvyn, soos sovele ander, die voorbeeld van Israel verwerp, want hulle is bang dat die HERE met hulle ook sal doen soos Hy met Israel gedoen het. Ek was eendag teenwoordig toe 'n dominee juis oor Israel as voorbeeld gepreek het, en is hy onmiddelik na die diens aangevat deur van die ouderlinge wat hom summier wou skors uit die gemeente omdat hy dit durf waag het om 'n parallel te trek tussen Israel en gelowiges. So Calvyn het sy hele filosofie en geloofstelsel gebou op slegs die Nuwe Testament en dele wat hy uit die Ou Testament kon gebruik om sy punt mee te bewys. Dit is wat gebeur as jy jou hele leerstellings bou op slegs die nuwe testament, soos die Katolieke, Luther met sy eie gesegdes en haat teenoor die Jode, en sommer 'n hele klomp ander bewegings ook, en dit geld seker vir die oorgrote meerderheid van groepe vandag. Onthou net dat beide Luther en Calvyn uit die Rooms Katolieke kerk gekom het, en slegs die gedeeltes van hulle standpunte verander het waarmee hulle nie saamgestem het nie. Die feit dat die apostels en dissipels net die Ou Verbond gehad het om met mense te deel en onderrig, is blykbaar nie belangrik nie. Handeling 17 leer ons juis die volgende: *"Daarop het die broeders dadelik in die nag Paulus en Silas na Beréa weggestuur. En toe hulle daar kom, het hulle na die sinagoge van die Jode gegaan. En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was. Baie van hulle het dan ook gelowig geword, en van die aansienlike Grieke 'n groot aantal, vroue en manne.(Hand 17:10-12)."* Ek neem aan die enigste skrifte wat hulle kon ondersoek was die wet en die profete. Wat Calvyn se leer nog verder negeer,

is dat hy persoonlik nie juis aan Hebreërs se voorskrifte voldoen nie. Heb 13:7 *“Gedenk julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het; aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na.”* Calvyn se eie uitspraak is as volg: *“Honour, glory, and riches shall be the reward of your pains; but above all, do not fail to rid the country of those scoundrels, who stir up the people to revolt against us. **Such monsters should be exterminated, as I have exterminated Michael Servetus the Spaniard.**”* Calvyn aanvaar hier dat hy moord gepleeg het, en ek wil sekerlik nie iemand volg wat ‘n self verklaarde moordenaar is en ander aanmoedig om te moor nie. Jesus het ook oor hierdie mense gewaarsku. *“Hierdie dinge het Ek vir julle gesê, sodat julle nie mag struikel nie. Hulle sal julle uit die sinagoges ban. Ja, daar kom ‘n uur dat elkeen wat julle om die lewe bring, sal dink dat hy ‘n diens aan God bewys. En dit sal hulle aan julle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie. Maar hierdie dinge het Ek vir julle gesê, sodat wanneer die uur kom, julle kan onthou dat Ek julle dit gesê het. Maar Ek het julle dit nie van die begin af gesê nie, omdat Ek saam met julle was”.* (Joh 16:1-4)

En dan wil hulle nie glo dat jy eers moet besef dat jy ‘n verlosser nodig het voordat jy kan dink om jou lewe neer te lê by die kruis en deel te word van die verbond nie. Met die uittog uit Egipte het die HERE nie die kinders gestraf omdat hulle vaders nie in die beloofde land wou gaan het nie. Nee, die Bybel stel dit so: Num 14:29 *“Julle lyke sal in hierdie woestyn lê, naamlik al julle geteldes, volgens julle volle getal, van twintig jaar oud en daarbo, julle wat teen My gemurmureer het.”* So die kinders moet eers mondig wees voordat hulle uit Egipte kan trek en self verantwoordelikheid neem vir hulle lewe. Baba doop het geen invloed op jou lewe nie en bly jy in Egipte. Dit is hoekom die Calviniste so maklik swig vir versoekings, want hulle staan nog onder die koningskap van die Farao. En omdat hulle nog onder die heerskappy van die Farao staan maak hulle bakstene vir hom, en bou hulle sy ryk uit. Hulle is wel deel van die verbond, maar dit is een rede waarom hulle nog na die dood eers sal moet leer wie die HERE werklik is. *“En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërskaare, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie.”* (Zec 14:17-19) Hoekom die huttefees? Want dit is die fees wat Israel moes vier om hulle te herinner aan die uittog uit Egipte. *“Spreek met die kinders van Israel en sê: **Op die vyftiende dag van hierdie sewende maand is dit sewe dae lank die huttefees vir die HERE.** Op die eerste dag moet daar ‘n heilige vierdag wees; géén beroepswerk mag julle doen nie. Sewe dae lank moet julle aan die HERE ‘n vuuroffer bring. Op die agtste dag moet daar vir julle ‘n heilige vierdag wees, en julle moet aan die HERE ‘n vuuroffer bring. Dit is ‘n feestyd; julle mag geen beroepswerk doen nie. Dit is die feestye van die HERE wat julle moet uitroep as heilige vierdae om aan die HERE ‘n vuuroffer te bring: ‘n brandoffer en spysoffer, ‘n slagoffer en drankoffers soos vir elke dag voorgeskrywe; behalwe die sabbatte van die HERE en behalwe julle gawes en behalwe al julle geloftes en behalwe al julle vrywillige offers wat julle aan die HERE gee. Maar op die vyftiende dag van die sewende maand, as julle die opbrings van die land insamel, moet julle die fees van die HERE sewe dae lank vier; op die eerste dag is dit rusdag, en op die agtste dag is dit rusdag. En op die eerste dag moet julle vir julle vrugte neem van sierlike bome, met palmtakke en takke van digte bome en rivierwilgers, en sewe dae lank voor die aangesig van die HERE julle God vrolik wees. En julle moet dit as fees van die HERE sewe dae in die jaar vier. **Dit is ‘n ewige insetting vir julle geslagte. In die sewende maand moet julle dit vier. Sewe dae lank moet julle in hutte woon; almal wat in Israel gebore is, moet in hutte woon, sodat julle geslagte kan weet dat Ek die kinders van Israel in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipteland uitgelei het. Ek is die HERE julle God.**”* (Lev 23:34-43)

Kinders wat nog nie mondig is nie moet die vader van die huis voor verantwoordelikheid doen by die HERE. *“Maar ek sê: So lank as die erfgenaam ‘n kind is, verskil hy niks van ‘n dienskneg nie, al is hy heer van alles; maar hy staan onder voogde en bestuurders tot op die tyd tevore deur die vader bepaal.”* (Gal 4:1-2)

‘n Verdere probleem wat ek met Calvin se standpunt het is dat Jesus nie vir alle mense gesterf het nie, maar slegs vir die wat Hy uitverkies het. **“en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie;”** (Joh 16:8-9) Volgens die gedeelte is dit juis die eerste rede waarom die Heilige Gees gekom het, om die wêreld, nie net die sogenaamde “uitverkorenes”, te oortuig van sonde sodat niemand met die oordeelsdag kan kla dat hulle nie geweet het nie. So dit vir my negeer Calvin se standpunt.

Dan wil ek ook net noem dat vanaf die 1983 vertaling van die Bybel, die teoloë en vertalers, wat ek aanneem meeste met ‘n Calvinistiese agtergrond, die begrip van en die woord geregtigheid heeltemal afgewater het of soos in die 2008 vertaling, die een vir die nuwe hervormers, heeltemal verwyder het. Die woord geregtigheid kom 322 keer voor in 305 verse in die 1953 vertaling, en slegs 40 keer voor in die 1983 vertaling. Lees gerus my gedeelte oor die [verbond van geregtigheid](#).

Esegiël het ook die volgende opgeteken: **“As Ek aan die goddelose sê: o Goddelose, jy sal sekerlik sterwe, en jy spreek nie om die goddelose vir sy weg te waarsku nie, dan sal hy, die goddelose, deur sy ongeregtigheid sterwe; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis. Maar as jy die goddelose waarsku vir sy weg, dat hy hom daarvan moet bekeer, en hy hom nie bekeer van sy weg nie, dan sal hy deur sy ongeregtigheid sterwe; maar jy het jou siel gered.”** (Esg 33:8-9) **En dit geld vir ALLE mense.**

In Korintiërs verklaar Paulus self die volgende oor Israel: **“Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het. Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie. Geen versoeking het julle aangegryp behalwe ‘n menslike nie; maar God is getrou, wat nie sal toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met die versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra.”**(1Kor 10:11-13)

Die grootste struikelblok en skeiding wat tussen die Calviniste en die Arminianisme is die van vrye keuse, of vrye wil. En dit geld byna by elke hoeksteen van Calvin se teologie, so ek plaas die gedeelte juis aan die einde omdat dit al die punte beantwoord. Die verskil is ook natuurlik dat die mense net die twee opsies sien, maar die derde opsie, die waar die Heilige Gees binne ons werk as volwasse mense en dan oortuig dat ons ‘n verlosser nodig het, nie raaksien nie en sodoende hulle stelling deur dit te probeer bevorder. Net weer wat die Heilige Gees se doel is soos opgeteken deur Johannes: **“Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.”** (Joh 16:7-11) Dit beteken dat ek ook eers gedoop kan word wanneer ek besef dat ek ‘n verlosser nodig het. Die dat Markus dit so stel in sy laaste hoofstuk van sy evangelie: **“En Hy het vir hulle gesê: Gaan die hele wêreld in en verkondig die evangelie aan die ganse mensdom. Hy wat glo en hom laat doop, sal gered word; maar hy wat nie glo nie, sal veroordeel word”.** (Mar 16:15-16) So die mense word nie geoordeel omdat hulle nie gedoop is nie, maar omdat hulle nie die boodskap van verlossing glo nie. Jy moet eers besef dat jy in slawerny gebore word en dan uitroep vir verlossing, dan kan die HERE jou uit Egipte, die plek waar satan heers, uitlei deur die doopwater. Daaroor ook dat Petrus dit stel dat dit die doop is wat ons red, want eers dan kom ons uit die plek waar satan heers.

Een van die groot Calvinistiese skrywers van die negentiende eeu, Lorraine Boettner het ook die volgende stelling gemaak wat absoluut absurd is. **“Omdat God alles wat bestaan geskep het, is Hy die absolute Eienaar van, en finale Besikker oor alles wat Hy gemaak het. Hy oefen nie maar net ‘n algemene invloed uit nie, maar heers werklik oor die doen en late van mense”** (Handelinge 4:24-28). Selfs die nasies is vir Hom soos ‘n stoffie op ‘n skaal in vergelyking met Sy grootheid (Jesaja 40:12-17). Te midde van al die oënskynlike neerlae en teenstrydighede van ons menslike lewens, beheer

God werklik alle dinge in onversteurde majesteit. **Selfs die mens se sondige handeling kan slegs gebeur met sy toestemming en met die krag wat Hy sy skepsel gee. Aangesien Hy gewillig, en nie onwillig nie, toelaat, moet alles wat gebeur - insluitend ons sondige dade en die mens se uiteindelige lot - in die een of ander sin in ooreenstemming wees met wat Hy in die ewigheid bepaal en beveel het.** In verhouding met die mate waartoe dit ontken word, word God uitgesluit uit die regering van die wêreld, en het ons slegs 'n eindige God. **Natuurlik ontstaan daar sekere probleme wat ons met ons huidige kennis nie volledig kan verklaar nie. Dit is egter nie 'n voldoende rede om dit wat deur die Skrif en die duidelike voorskrifte van die rede bevestig word, te verwerp nie.**" Dit is ook bevestig deur Kuyper: *"Selfs die mens se sondige handeling kan slegs gebeur met sy toestemming en met die krag wat Hy sy skepsel gee. Aangesien Hy gewillig, en nie onwillig nie, toelaat, moet alles wat gebeur - insluitend ons sondige dade en die mens se uiteindelige lot - in die een of ander sin in ooreenstemming wees met wat Hy in die ewigheid bepaal en beveel het. In verhouding met die mate waartoe dit ontken word, word God uitgesluit uit die regering van die wêreld, en het ons slegs 'n eindige God. Natuurlik ontstaan daar sekere probleme wat ons met ons huidige kennis nie volledig kan verklaar nie. Dit is egter nie 'n voldoende rede om dit wat deur die Skrif en die duidelike voorskrifte van die rede bevestig word, te verwerp nie."*

'n Ander standpunt wat deur Calvyn se standpunt in die Kerkorde opgeneem is en neer geopen is deur Kuyper, is die siening oor wat 'wedergeboorte' is. "C. Veenhof in sy boek 'Predik het Woord' analiseer Kuyper se doopsbeskouing, en toon duidelik aan hoedat hy die **grond** vir die kinderdoop sien in die 'veronderstelde wedergeboorte'. Kuyper se siening oor 'wedergeboorte' is bekend. **Die wedergeboorte is volgens hom die inplanting van 'n 'geloofskiem'**, die geloofshebbelikheid of geloofsvermoë in die hart van die kind in sy vroegste bestaansoomblikke. Dit vind plaas deur 'n direkte werking van die Heilige Gees. Hierdie 'kiem' kan sluimerend lê vir jare, en dan, deur die Woordverkondiging, ontkiem en as 'geloofsvermoë en die latere geloofswerksaamheid. Nou sê Kuyper: Die moontlikheid van so 'n genadewerk van God in die siel van ons kind, moet by al ons kinders aangeneem word. Wanneer nou die ouers werklik in die verbond lewe, dan is dit hulle plig om elkeen van hulle kinders wat vir hulle gebore word "in de onderstelling dat het genadewerk Gods reeds in hen plaats greep, in den Naam van God Drieenig te laten doopen".⁵ (A. Kuyper: E Votoll pag. 10, 11, 12). So hoe beskryf hulle hierdie wedergeboorte? Die wedergeboorte is volgens hulle die inplanting van 'n 'geloofskiem', die geloofshebbelikheid of geloofsvermoë in die hart van die kind in sy vroegste bestaans oomblikke.

Ek wil net weer herhaal wat Kuyper sê oor wedergeboorte: *"Die moontlikheid van so 'n genadewerk van God in die siel van ons kind, moet by al ons kinders aangeneem word. Wanneer nou die ouers werklik in die verbond lewe, dan is dit hulle plig om elkeen van hulle kinders wat vir hulle gebore word "in de onderstelling dat het genadewerk Gods reeds in hen plaats greep, in den Naam van God Drieenig te laten doopen".⁵ (A. Kuyper: E Votoll pag. 10, 11, 12).*

Sy skrywe het basies gegaan dat hy, Luther, verklaar het dat die Pous en sy gesante hulle hoër ag die leiers van die land en daarom kan hulle maak met hulle lidmate net soos hulle wil, sonder dat die staat enige iets kan opper om die uitbuiting te keer. Luther gee vir ons eers 'n inleiding wat daaroor handel dat hy nie die Duitse volk in 'n staat van rebellie teen die Kerk (RKK) wil bring nie, maar dat hy graag die hele praktyk wil hervorm van hoe Christene moet optree. Al die geestelikes het hul verantwoordelikheid probeer vermy, deur weg te kruip agter drie mure wat hulle sou beskerm teen die gepeupel. So sy enigste oplossing was dus om die gepeupel in te lig oor wat hierdie mure was waaragter die geestelikes wegkruip. Dit sou dan vir die groter publiek wees om te besluit of hulle nog onder die gesag van die pous en sy verteenwoordigers wou staan wat hulle self verheerlik het en of hulle die uitleg van die Bybel oor gesag wou volg. Hierdie verteenwoordigers het alles probeer verdraai sodat hulle alleen voordeel uit die insameling van fondse sou wees.

Luther se drie mure was soos volg:

DIE EERSTE MUUR – DIE GESAG VAN DIE KERK

Die eerste muur wat Luther gevind het, was dat hulle verkeerdlik verklaar dat geen tydelike gesag, so geen politieke gesag, hulle mag teenstaan nie.

Luther het hierdie mure as “papier mure” beskryf aangesien hulle nie 'n geboude muur kan wees wat op die hoeksteen, Jesus Christus, gebou kon word nie. So hy begin by hulle beskrywing van hooghartigheid, of geestelike eksklusiwiteit. Vir Luther is daar nêrens 'n spesiale eksklusiwiteit wat aan biskoppe, priesters of monnike verleen word nie. Hy haal 1 Korintiërs 12 vers 12 aan daarom mee te staaf: *“Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus.”* So ons is almal deel van een liggaam en een mag dalk 'n belangrike funksie vervul, maar hy kan hom nie self verhoog of beter ag as enige ander deel van die liggaam nie.

Ek wil graag Paulus se hele redenasie rondom die punt net ter versterking van Luther se uitspraak hier aanhaal, aangesien dit vir ons daaruit baie belangrik word dat geen persoon hom hoër mag ag as enige ander persoon in die liggaam van Christus nie. Die mense het almal 'n funksie om te vervul en ja daar is sekere gedeeltes van die liggaam wat baie belangrik is, maar die liggaam is deur die HERE saamgestel en ek kan nie myself aanstel in 'n hoër posisie nie, want ons is almal deel van een liggaam. *“Want net soos die liggaam een is en baie lede het, en al die lede van die een liggaam, al is hulle baie, een liggaam is, so ook Christus. Want ons is almal ook deur een Gees gedoopt tot een liggaam, of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne; en ons is almal van een Gees deurdronge. Want ook die liggaam is nie een lid nie, maar baie. As die voet sou sê: Omdat ek nie die hand is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie—behoort hy daarom nie aan die liggaam nie? En as die oor sou sê: Omdat ek nie die oog is nie, behoort ek nie aan die liggaam nie—behoort hy daarom nie aan die liggaam nie? As die hele liggaam oog was, waar sou die gehoor wees? As dit geheel en al gehoor*

was, waar sou die reuk wees? Maar nou het God elkeen van die lede in die liggaam gestel soos Hy gewil het. As almal een lid was, waar sou die liggaam wees? Maar nou is daar wel baie lede, maar net een liggaam. En die oog kan nie vir die hand sê: Ek het jou nie nodig nie; of ook die hoof vir die voete: Ek het julle nie nodig nie. Maar veel eerder is dié lede van die liggaam noodsaaklik wat die swakste lyk; en dié lede van die liggaam wat vir ons minder eerbaar lyk, beklee ons met oorvloediger eer, en so het ons onsierlike lede oorvloediger sierlikheid, terwyl ons sierlike lede dit nie nodig het nie; maar God het die liggaam saamgestel en aan die misdeelde lid oorvloediger eer gegee, sodat daar geen verdeeldheid in die liggaam mag wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra.” (1Ko 12:12-25)

Nou gebruik Luther die doop as ’n voorbeeld dat dit nie net sekere mense is wat mag doop nie, maar indien daar nie een op die vergadering is wat as leier optree nie, mag enige een van die lede die doop bedien. Want dit gaan nie oor wie jy gedoop het nie, maar dat dit gaan oor wie aangestel is binne die plaaslike gemeente om die doop waar te neem. So eksklusiwiteit het geen plek in die Kerk nie aangesien almal die doop mag bedien. So is dit ook oor alle funksies in die Kerk. Sekere persone is geroep om ’n funksie te vervul, maar dit lei nie tot eksklusiwiteit nie.

Ek kan net hier byvoeg wat Paulus so ’n paar hoofstukke vêrder in Korintiërs leer oor hoe die dienste moet geskied: *“Hoe staan die saak dan, broeders? Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle ’n psalm of ’n lering of ’n taal of ’n openbaring of ’n uitlegging—laat alles tot stigting geskied. En as iemand in ’n taal spreek, laat dit dan wees twee of hoogstens drie, en by beurte; en laat een dit uitleê. Maar as daar geen uitleër is nie, laat hy in die gemeente swyg, en laat hy met homself en met God spreek. Laat twee of drie profete spreek en die ander dit beoordeel. Maar as daar iets geopenbaar is aan ’n ander wat daar sit, laat die eerste swyg. Want julle kan almal een vir een profeteer, sodat almal kan leer en almal bemoedig word. En die geeste van die profete is aan die profete onderworpe; want God is nie ’n God van wanorde nie, maar van vrede, soos in al die gemeentes van die heiliges.” (1Ko 14:26-33)* In die gedeelte leer ons juis dat elkeen kan enige funksie binne die gemeente behartig.

Nou moet ek ook uit my eie hier opinie byvoeg dat die Kerk van vandag presies in dieselfde slagyster getrap het as die Roomse Kerk en net “hulle” leiers sal toelaat om sekere funksies te doen. Ons sien dit duidelik in ek wil amper sê 90% plus van gemeentes is dit die geval dat slegs uitgesoekte mense of leiers sekere funksies mag aanbied. So het ek die eenkeer ’n preek moes voorlees na die professor nie opgedaag het vir ’n diens nie en kon ek nie self my eie boodskap bring nie aangesien ek nie ’n dominee was nie, of dalk ’n student wat besig was met sy laaste jaar van studies nie. Maar dit is ook Jan en alleman se skuld, want sodra iemand bereid is om iets te doen, dan word hy of sy op ’n troon geplaas en dan verhewe ons die persoon bo die res van die mense.

Ek sien dit nou nog hier op die platteland waar van die onderwysers nog as meester bekend staan, of waar die een die ander onderwyser as meneer of mevrou sal aanspreek. Die mense ken mekaar vir jare, maar selfs wanneer hulle oor en weer kuier as huisvriende bly die een meester en die ander een meneer. En moet nou net nie dink dat jy na die predikant kan verwys as ’n gewone persoon en net sy voornaam gebruik nie, want dan is jy in die moeilikheid. Toe ek nog in staat was om te werk het ek ’n sekere maatskappy verteenwoordig wat uitsluitlik hul dienste aan professionele persone gelewer het en kon ek byvoorbeeld skakel en hoor of dokter van Greunen beskikbaar is en sal sy vrou vir my ’n afspraak maak om hulle by die huis te sien, en dan was haar antwoord dat sy seker sal maak dat sy dit by dokter sal uitklaar. Wanneer ek wel daar aan kom groet ons mekaar as Andre en Louwrens en sal sy vrou in die geselskap sit tot waar ons begin kuier en dan vra of ek dalk ’n bier of ’n glasie wyn saam met die dokter wil geniet. Dieselfde reaksie het ek gehad in Port Elizabeth waar ek by my een kliënt lekker op eerste naam terme gesels het en by sy huis gaan sien het, maar by sy werk en vir die mense was hy advokaat en nou later regter.

So ons sit vandag maar weer waar Luther oor gekla het en dit is dat daar sekere belangrike persone

is en dat die res maar eintlik net die gepeupel is. Die Bybel maak geen onderskeid nie, om die waarheid te sê het Paulus 'n hele brief daarvoor geskryf wat in die Bybel vir ons opgeteken is. Lees maar gerus die boek van Filemon. Dan is daar ook Johannes wat in sy laaste brief die volgende te sê het: ***“Ek het aan die gemeente geskrywe, maar Diótrefes, wat onder hulle die eerste wil wees, steur hom nie aan ons nie. Daarom, as ek kom, sal ek hom herinner aan die werke wat hy doen deur met slegte woorde teen ons uit te vaar; en hiermee nie tevrede nie, ontvang hy nie alleen self die broeders nie gasvry nie, maar verhinder ook die wat dit wil doen en werp hulle uit die gemeente. Geliefde, moenie navolg wat kwaad is nie, maar wat goed is. Hy wat goed doen, is uit God; maar hy wat kwaad doen, het God nie gesien nie. Van Demétrius is deur almal getuigenis gegee en deur die waarheid self; en ons getuig ook, en julle weet dat ons getuigenis waar is.”*** (3Jo 1:9-12)

Luther se verklaring wys daarop dat sodra jy uit die doopwater verrys jy alreeds in die priesteramp staan. Petrus beskryf dit so: *“Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus. Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie. Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling— vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is. Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.”* (1Pe 2:4-10)

En nou kom ons by die hoeksteen en en lewende stene uit. Maar voordat ons daarna kyk, net gou klaarmaak met Luther se drie mure.

DIE TWEDE MUUR – DIE GELEERDES

Die tweede muur wat Luther aanspreek is die van die mense wat net hulleself as die finale gesag oor die interpretasie van die Bybel sien. Hy noem selfs dat hy dit moeilik vind dat die mense so baie aan hulle standpunte vashou dat dit nie nodig is dat die gewone mens 'n Bybel hoef te besit nie, want net die geleerdes verstaan waaroor die Bybel gaan en kan dit interpreteer.

Hulle glo dat hulle so heilig is dat al die woorde wat hulle spreek is asof die Heilige Gees dit gespreek het aangesien die Heilige Gees net op hulle rus en nie op die gepeupel nie. Dan val hy die Roomse Kerk aan dat hulle Matteus 18 verkeerdlik interpreteer dat slegs die pous die sleutels het van die dood en doderyk en indien jy deur hom vergifnis ontvang het jy die ewige lewe sal beërf anders verdien jy die ewige dood. Hierdie funksie is dan ook afgewentel na die verskillende vlakke in die Roomse Kerk en kom die spreekwoord van daardie tyd vandaan dat die oomblik wanneer die muntstuk onder in die kassie val vir losmaking van die sonde, dit dadelik vergewe is. Dit is ook waar die aflatings leer van die Roomse Kerk vandaan gekom het, alhoewel Luther nooit heeltemal daarvan afgesien het nie.

So die tweede muur is maar die muur van absolute gesag wat die pous om hom gebou het dat slegs hy die Woord mag interpreteer en dat dit alles gebou is op die verkeerde verstaan van Matteus 18.

DIE DERDE MUUR – DIE INTERPRETASIE VAN DIE BYBEL

Die derde en laaste muur wat Luther aanraak in sy skrywe is die van die mag dat slegs die pous die mag het om raadsvergaderings te belê. Paulus wys daarop dat dit nie Petrus was wat die eerste

raadsvergadering bymekaar geroep het in Handeling 15 nie, maar eerder die apostels en ouderlinge van die tyd.

*“Toe daar nou geen klein stryd en woordewisseling van die kant van Paulus en Bárnabas teen hulle ontstaan het nie, het hulle besluit dat Paulus en Bárnabas en nog ‘n paar ander van hulle sou opgaan na die apostels en ouderlinge in Jerusalem in verband met hierdie vraagstuk. En hulle is deur die gemeente uitgelei en het Fenícië en Samaría deurgegaan en vertel van die bekering van die heidene, en aan al die broeders groot blydschap verskaf. En by hulle aankoms in Jerusalem is hulle ontvang deur die gemeente en die apostels en die ouderlinge; en hulle het verslag gedoen van al die dinge wat God met hulle gedoen het. Maar sommige gelowiges uit die party van die Fariseërs het opgestaan en gesê: Dit is noodsaaklik dat hulle besny word en bevel ontvang om die wet van Moses te onderhou. En die apostels en die ouderlinge het vergader om hierdie saak te ondersoek. En toe daar ‘n groot woordewisseling plaasvind, het Petrus opgestaan en vir hulle gesê: **Broeders, julle weet dat God lank gelede onder ons verkies het dat die heidene deur my mond die woord van die evangelie sal hoor en gelowig word. En God wat die harte ken, het vir hulle getuigenis gegee deur aan hulle die Heilige Gees te skenk net soos aan ons. En Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie, aangesien Hy hulle harte gereinig het deur die geloof. Nou dan, waarom versoek julle God deur op die nek van die dissipels ‘n juk te lê wat ons vaders en ook ons nie in staat was om te dra nie? Maar ons glo dat ons deur die genade van die Here Jesus Christus gered word op dieselfde manier as hulle ook. En die hele menigte het geswyg en na Bárnabas en Paulus geluister, terwyl hulle van al die tekens en wonders vertel wat God deur hulle onder die heidene gedoen het.**”(Hnd 15:2-12)*

Luther vergelyk die sameroeping van ‘n sinode met die uitbreek van ‘n brand. Hier verduidelik hy dat dit plig van die burgers is om almal in te lig en kan hulle nie wag totdat die administrasie van die gebied mense vra of oproep om die vuur te kom blus nie. Dit is die gewone mens se plig om ander mense in te lig. So is dit ook met die Bybel. Enige persoon kan ander inlig oor wat werklik daar staan en kan Rome hulle nie daarop beroep dat slegs hulle mag het asook die vermoë beskik om die Bybel te verklaar nie.

Hierdie is natuurlik vandag nog ‘n strydpunt in meeste gemeentes en groepe. Slegs die geleerdes en die wat aangestel is mag die woord verklaar, en die gepeupel moet maar inval met hul besluite en verduidelikings. Luther verwys hier spesifiek ook na 2 Korintiërs 10 vers 8: *“Kyk julle na wat voor oë is? As iemand by homself vertrou dat hy aan Christus behoort, laat hy dit by homself weer oorweeg, dat net soos hy self aan Christus behoort, ons ook so aan Christus behoort; **want al sou ek ook nog meer roem oor ons gesag wat die Here ons gegee het om julle op te bou en nie neer te werp nie, sal ek nie beskaamd uitkom nie— anders sou dit die skyn hê asof ek julle deur die briewe wil bang maak.**”* (2Ko 10:7-9) Ek het die ander verse ingesluit net sodat ons die hele sin binne konteks kan lees. Paulus skryf hier dat hy nie skryf om hulle bang te maak nie en dit is waaroor Luther ‘n probleem gehad het, dat die leiers die mense wou dwing om hulle te gehoorsaam in alles.

Luther verklaar hier dat dit die Kerk moet opbou en nie soos Rome dit doen dit nie. Vandag moet ons doen volgens wat die sinode besluit het, want alleen hulle het die mag om die uitlegging van die Bybel te kan bemeester. Ek ervaar dit baie dat mense my vra nou waar my gemeente is en dan verduidelik aan hulle dat my gemeente nie ‘n gebou of enigsins iets besit nie, maar wanneer ek na die besoeke op my webtuiste kyk, dan sien ek dat daar elke maand so tussen 65 en 200 mense my webtuiste gebruik en daar hulle leringe vandaan kom. Daar is bitter min gemeentes wat kan spog dat hulle elke maand soveel nuwe lidmate kry. Ek lag maar net wanneer ek na my trouprek kry en vind dat daar oor die troutydperk in Suid Afrika sowat 120+ afskrifte van my preek afgelaai word. Ek was eendag betrokke by ‘n troue waar die predikant my preek gebruik het, maar nie geweet dat ek een van die gaste is nie. Toe hy moes begin praat oor die eenheid wat die huweliks verbond vir ons beteken, toe sluit hy sy preek af, want sien sy geloofsbelydenis gebruik slegs een sinnietjie om die Heilige Gees te bely, en dit is: “Ek glo aan die Heilige Gees.” Punt. Ek het maar net geglimlag en die

onthaal na die troue geniet. Niemand behandel die gedeelte nie want hulle is bang hulle trap in 'n slagyster wat hulle nie weet hoe om van los te kom nie.

Luther kom tot die slotsom dat die wat die Kerk op so 'n manier probeer onder hulle beheer bring, hulle dit doen deur die krag van die antichris. Hy sien die Pous as die vervulling van tekse soos Mattheus 24:24 en 2 Tessalonisense 2 vers 9 wat daarop wys dat die werke wat hulle doen van die antichris afkomstig is. ***“Mat 24:24 Want daar sal valse christusse en valse profete opstaan, en hulle sal groot tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei.”**“2Ts 2:9 hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen”.*

So deur die gedeelte breek hy die skanse af wat Rome agter skuil en wys hy dat hulle hul mag misbruik, maar dat hulle daar is om 'n funksie in die liggaam van Christus te vervul, net soos elkeen wat in die Kerk geroep is om sy funksie te vervul en hulle nie hulle self moet hoër ag as die mense nie.

Hierdeur het hy nie alleen die misbruik van Rome sê, mag afgebreek nie, maar ook die ondersteuning probeer kry van die gewone mense gedurende die tyd van die reformatie. Baie interessant in die gedeelte ook is dat hy hulle sommer al daar begin beskuldig dat hulle die leer van die antichris verkondig. Dit was dan ook die ontstaan van baie groepe se interpretasie dat die Roomse Kerk die Antichris is. Nou kyk die mense ongelukkig vas in hierdie siening en kyk nie verder rond om te sien of daar nie ook ander antichristelike leerstellings vandag bestaan nie. En natuurlik is daar pragtige Christenne in die Roomse Kerk. Ek moes eenmaal 'n huwelik voltrek tussen 'n man en vrou, waar die man aan die Roomse Kerk behoort het, en die vrou aan die Sewende Dag se Adventiste gekoppel was. En daar ontrek haar pastoor oor die feit dat volgens hulle lering die RKK sien as die Antichris, en hy nie die huwelik mag voltrek nie want dit sal beteken dat hy teen die “gesag” van sy kerk sou optree.

HOOFSTUK 7

DIE NEGENTIENDE EEU

Die jare word gekenmerk deur baie verskillende groepe wat gedurende die tyd of weggebreek het van ander groepe, en dan ook nuwe groep wat begin is wat weer heeltemal nuwe interpretasies van die Bybel gebring het.

Die eerste en grootste groep wat gedurende die tyd begin is, was die wat ewe skielik nuwe betekenis gegee het aan die posisie van die Jode. Almal was gewoon teen die tyd dat die Bybel genoeg bewyse gehad het en dit wat al vroeër uitgewys is as struikelblokke vir die Jode dat hulle verwerp is en soos enige ander persoon net deur Jesus Christus gered kan word van die ewige dood. Ek wil net graag hier weer die teksgedeeltes kwoteer:

Psa 119:165 Die wat u wet liefhet, het groot vrede, en vir hulle is daar geen struikelblok nie". Die Psalm verklaar weer dat daar geen struikelblok sal wees vir die wat die HERE se wet lief het en Hom vrees nie.

Jes 57:14 En hulle sal sê: Vul op, vul op, berei die weg, verwyder die struikelblok uit die weg van my volk.

Jer 6:21 Daarom, so sê die HERE: Kyk, Ek gooi struikelblokke voor hierdie volk waaroor hulle sal struikel, vaders en seuns tesame; die buurman en sy vriend sal omkom.

Esg 3:20 En as 'n regverdige hom van sy geregtigheid afkeer en onreg doen, en Ek 'n struikelblok voor hom gooi, dan sal hy sterwe; omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy deur sy sonde sterwe, en aan sy geregtigheid wat hy beoefen het, sal nie gedink word nie; maar sy bloed sal Ek van jou hand eis.

Esg 7:19 Hul silwer sal hulle op die strate gooi, en hulle goud sal 'n voorwerp van afsku wees; hul silwer en hul goud sal hulle nie kan red in die dag van die grimmigheid van die HERE nie; hul siel sal hulle daarmee nie versadig of hul ingewande daarmee vul nie, want dit was die struikelblok tot hulle ongeregtigheid.

Esg 14:3 Mensekind, hierdie manne het hulle drekgode in hulle hart opgeneem en die struikelblok tot hulle ongeregtigheid voor hulle aangesig neergesit—sou Ek My dan werklik deur hulle laat raadpleeg?

Esg 14:4 Daarom, spreek met hulle en sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Elke man uit die huis van Israel wat sy drekgode in sy hart opneem en die struikelblok tot sy ongeregtigheid voor sy aangesig neersit en na die profeet toe kom—Ek, die HERE, sal hom daarvolgens, volgens die menigte van sy drekgode, antwoord gee;

Esg 14:7 Want elke man uit die huis van Israel en uit die vreemdelinge wat in Israel vertoef, wat hom afsonder en My nie navolg nie en sy drekgode in sy hart opneem en die struikelblok tot sy ongeregtigheid voor sy aangesig neersit en na die profeet toe kom, dat dié My vir hom kan raadpleeg—hom sal Ek, die HERE, self antwoord gee.

Esg 18:30 Daarom sal Ek julle oordeel, o huis van Israel, elkeen volgens sy weë, spreek die Here HERE. Bekeer julle en wend julle af van al julle oortredinge, sodat dit nie 'n struikelblok tot ongeregtigheid vir julle mag wees nie.

Esg 21:15 Ek het die slagbank van die swaard opgestel teen al hulle poorte, dat die hart kan smelt en die struikelblokke baie kan wees. Ag, dit is gemaak tot 'n weerligstraal, dit is glad gemaak om te slag.

Esg 44:12 Omdat hulle hul gedien het voor hulle drekgode en vir die huis van Israel 'n struikelblok tot ongeregtigheid was, daarom het Ek my hand teen hulle opgehef, spreek die Here HERE, sodat hulle hul ongeregtigheid moet dra.

Sef 1:3 Ek sal wegraap mense en diere, Ek sal wegraap die voëls van die hemel en die visse van die see en die struikelblokke saam met die goddelose, ja, Ek sal die mense uitroei van die aardbodem af weg, spreek die HERE.

Mat 13:40-41 Net soos die onkruid dan bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit wees in die voleinding van hierdie wêreld: die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande.

Mat 16:23 Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense.

Mat 18:7 Wee die wêreld weens die struikelblokke! Want dit is noodsaaklik dat daar struikelblokke kom, maar wee die mens deur wie die struikelblok kom.

Luk 17:1 En Hy het vir sy dissipels gesê: Dit is onvermydelik dat die struikelblokke kom, maar wee hom deur wie hulle kom.

Rom 11:9 En Dawid sê: Laat hulle tafel vir hulle wees 'n vangnet en 'n strik en 'n struikelblok en 'n vergelding.

Rom 14:13 Laat ons dan mekaar nie meer oordeel nie, maar besluit dit liever, om nie die broeder 'n hindernis of struikelblok in die weg te lê nie.

1Ko 1:23 maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke;

1Ko 8:9 Maar pas op dat hierdie vryheid van julle nie miskien 'n struikelblok word vir die wat swak is nie.

2Ko 11:29 Wie is swak en ek is nie swak nie? Aan wie word 'n struikelblok in die weg gelê en ek is nie aan die brand nie?

Gal 5:11 Maar ek, broeders, as ek nog die besnydenis verkondig, waarom word ek nog vervolgd? Dan is die struikelblok van die kruis vernietig!

Opn 2:14 Maar Ek het enkele dinge teen jou: dat jy daar mense het wat vashou aan die leer van Bileam wat Balak geleer het om 'n struikelblok voor die kinders van Israel te werp, naamlik om afgodsoffers te eet en te hoereer.

Nou vind ons skielik dat dit begin het met 'n Engelsman met die naam van John Nelson Darby wat weer nuwe betekenis aan sekere gedeeltes gekoppel het. Die grootste verandering in interpretasie wat hy gebring het en wat vandag bekend staan as die Dispensasionele leerstellings, is daarop gebaseer dat die Jode nie geweet het dat Jesus die Messias of die Christus was nie, want Hy het dit nooit vir hulle self gesê het nie. So omdat Jesus dit nooit direk vir hulle uitgespel het nie maar altyd met gelykenisse met hulle gepraat het, het die volgelinge van die leer skielik ook aan Daniël 9 gaan torring en gesê dat daar 'n skieding is tussen die nege en sestigste week en die sewentigste week, en dit staan bekend as die "kerk" of "genade" tydperk waarvan niemand geweet het nie.

Die rede vir die tydperk was nie voorheen bekend nie **want die Vader en Jesus het nie geweet dat die Jode vir Christus sou verwerp nie, en daarom het daar nou hierdie breek gekom.** Hulle voer aan dat Jesus moes fisies die regering van die land oorneem, as koning regeer, hulle bevry van hulle onderdrukking, en dat Hy 'n politieke figuur moes wees. Ons vind vandag nog hierdie leerstellings by mense soos John Haggee wat in sy boek *"The Four Blood Moons"* daarop wys dat daar 'n groot oorlog sou uitbreek tussen 2013 en 2015, en gedurende die tyd sou Irak en Rusland heeltemal verwoes word en sou die HERE self teen hulle oorlog voer.

Nou wag ek nog steeds vir 'n opvolg boek om te verklaar hoekom dit toe nie gebeur het nie. Die boek het miljoene Dollars in sy sak gebring en die opvolg sal sekerlik nog meer miljoene in sy sak bring. **So hy is een van die struikelblokke van vele Christene wat hom blindelings volg, en so die evangelie van die antichris ahang.**

Maar hy is nie al persoon nie. Dit het begin met John Darby Nelson, en toe verder geneem deur CI Scofield, en vandag word dit veral in Amerika as basies die enigste evangelie verkondig. Europa en die ander lande het meestal Luther en Calvyn gevolg, **maar met die pinkster beweging in Amerika het die leer van die wegraping internasionaal aanvaarding gekry en so word miljoene mense deel van die wat die lering van die antichris volg.** Ons moet onthou dat Paulus die volgende verklaar: *"Maar ons vra julle, broeders, met die oog op die wederkoms van onse Here Jesus Christus en ons vereniging met Hom, om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie—deur gees of deur woord of deur brief wat van ons afkomstig sou wees—asof die dag van Christus al daar is. Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van sonde geopenbaar word, die seun van die verderf die teëstander wat hom verhef bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is. Onthou julle nie dat ek dit altyd vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie? En nou, julle weet wat hom teëhou, sodat hy op sy tyd geopenbaar kan word. Want die verborgenheid van die ongeregtigheid is al aan die werk, net totdat hy wat nou teëhou, uit die weg geruim is; en dan sal die ongeregtige geopenbaar word, hy wat die Here met die asem van sy mond sal verdelf en deur die verskyning van sy wederkoms tot niet sal maak, hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen en met allerhande verleiding van ongeregtigheid in die wat verlore gaan, omdat hulle die liefde tot die waarheid nie aangeneem het om gered te word nie. En daarom sal God hulle die krag van die dwaling stuur, om die leuen te glo, sodat almal geoordeel kan word wat die waarheid nie geglo het nie, maar behaag gehad het in die ongeregtigheid."* (2Ts 2:1-12)

Ek wil nie graag baie hieroor skryf nie, want dit is basies al wat ek oor geskryf het in my lewe. Gaan lees maar enige van my ander boeke en begin sommer by Die Verbond van Geregtigheid en sien hoe hierdie euwel in die hoofstroom kerk ingesypel het. Weet u ek was in die begin nogal baie bekommerd oor die mense wat nie die agtergrond van die leer ken nie, maar het seker soos Luther geword. Hy het probeer om die Jode te wys dat Jesus die Christus is en ek probeer weer die Kerk wys dat Jesus die Christus is, maar ek gee regtig nie meer om oor die mense nie. Hulle het soos ek ook alles beskikbaar op die internet en hoef net so 'n paar ander beskouinge te lees en dan sal hulle agterkom hoe hulle met 'n slap riem gevang is.

Ek wil net graag hier beklemtoon waarop die hele wegrapingsteorie gebaseer is, en dit is dat Jesus en God die Vader en die God die Heilige Gees nie geweet het dat die Jode vir Jesus sou verwerp nie. So dit beteken dat indien jy die teorie volg, jy saam met hulle verklaar dat Jesus 'n leuenaar is omdat Hy aan die kruis verklaar het **"Dit is volbring"**. So Hy, Jesus, het geweet teen daardie tyd dat die Jode Hom nie aanvaar het nie, maar het gelieg deur te sê Hy het alles gedoen wat Hy moes. Teen daardie tyd moes Hy eintlik volgens hulle gesê het Hy het gefaal om die Jode te bereik en moet later terug kom om hulle weer te oortuig, en die keer sal Hy as 'n fisiese koning kom regeer en die mense dwing om Hom te sien vir wie Hy werklik is. Ek weet ook nie hoe dit kan gebeur nie want met die oopmaak van die sesde seël in Openbaring word die aarde en die heelal

soos ons dit nou ken heeltemal verwoes. Maar dit is maar net nog iets wat hulle 'n plan voor voorberei het om by die feite verby te kom. So daar is geen wetenskapsfiksie by betrokke soos wat die hele "Left Behind" reeks uitbeeld nie aangesien die skrywers self in die inhoud verklaar dat hulle hele skrywe fiksie is, en dit is ook waarvoor hulle bekroon is as die beste godsdienstige fiksie reeks van die twintigste eeu.

Ek wil ook nie dat jy nou skielik jou gemeente moet verlaat en 'n ander gemeente gaan soek wat nie hierdie leuen verkondig nie, want jy gaan jouself heel moontlik weer by 'n Calvinistiese gemeente bevind waar jy nou weer baie minder gaan leer oor wat die Bybel vir ons beteken, want die klomp sit nog in Egipte. So neem liewer standpunt in en bly waar jy is, maar indien jy nooit 'n preek oor die wegraping hoor nie en dit nie in jou keel afgedruk word nie, sal jy jouself na jou dood tog in die hemel bevind, miskien in Sidon of miskien in Tirus. Om hierdie twee gedeeltes te verduidelik stel ek voor dat jy my boeke [Ontwaak jy wat Slaap](#) en [Is Egipte in die Hemel?](#) gaan lees waar ek breedvoerig oor die twee gebiede uitbrei. Albei die boeke se skakels is op my webtuiste onder [die gratis boeke skakel](#) en ek het ook 'n skakel ingesit onder elkeen se naam wat ek hierbo genoem het, en is daar ook skakels aan die einde van hierdie boek in die afdeling "wie is ons".

Ek kan net noem dat ons seker vir sewe of meer jare in groepe was wat die wegrapingsteorie ondersteun het, maar ek het nie een keer 'n preek of verduideliking daar gekry nie. Maar indien jy vind dit word in jou keel afgedruk, soek maar na 'n gemeente waar dit nie net oor die wegraping gaan nie en waar jy geleer word van Jesus as middelaar. Ek weet van hoevele pastore/leraars wat noem dat die wegraping net om die draai is, maar wanneer jy hulle vra om dit te verduidelik hulle jou eerder na 'n boek sal verwys aangesien hulle self nie heeltemal hierdie teorie kan verklaar nie. So 'n pastoor of leraar sal jy dan ook kry dat hy nooit daaroor sal preek nie.

Maar heellaas, sal baie mense nie glo wat ek hier probeer deurgee nie en gaan jy mense kry wat gaan volhou om hulle vertrouwe op die wegraping te bou in plaas daarvan om dit op Jesus te bou. U sien jy kan nie in altwee glo nie, want of Jesus is 'n leuenaar soos ek hierbo uitgelig het, of die wegraping is 'n leuen. Daarom dat Jesus sê in Mattheus 25 dat sommer met die eerste skeiding tussen die bokke en die skape, 50% van alle mense wat hulself as Christene identifiseer, die dood as beloning sal kry. Daaroor maak Jesus ook die volgende verklaring: *"Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle eet die huise van die weduwees op, en doen vir die skyn lang gebede. Daarom sal julle 'n swaarder oordeel ontvang. Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, want julle trek rond oor see en land om een bekeerling te maak; en as hy dit geword het, maak julle hom 'n kind van die hel, twee maal erger as julle self. Wee julle, blinde leiers, julle wat sê: Elkeen wat sweer by die tempel—dit is niks nie; maar elkeen wat sweer by die goud van die tempel, hy is gebonde."* (Mat 23:14-16)

Gaan kyk maar weer van bladsy 35 af in hierdie boek net om weer seker te maak dat die Jode reeds die boodskap van Christus gehoor het en dit nogsteeds verwerp het. Hulle is soos enige persoon op aarde, waar die Helige Gees in gaan werk om hulle te oortuig van sonde en dat Jesus die antwoord is, maar hulle sal dit nie aanvaar nie.

Dit is maar soos die wegrapers, wat weer diere offers wil instel vir vergifnis van sonde, maar vergeet dat Jesus dit mee weggedoen het toe Hy gekruisig is. En dit kom terug na die grootste probleem en dit is dat mense nie weet waat Jesus kom doen het om die Ou Verbond te vervul het nie en die Nuwe Verbond kom vestig het nie. Ek het ook 'n volledige boek as addendum 1 aangeheg wat die hele CI Scofield en sy Bybel bespreek. Dit verwys na die hele "nuwe" teologie wat deur sovele mense aangehang word, as Christelike Sioniste. Ek dink dit is regtig die beste benaming wat ek nog van die groep gehoor het. En dan het die Left Behind reeks natuurlik nog miljoene mense deel gemaak van die antichris.

Maar daar was ander groepe wat ook hulle ontstaan gedurende die tyd gehad het, soos die Mormone wat deur Joseph Smith verlei is en nogsteeds verlei word, die Brits Israelvisie groep wat

glo dat hulle die tien stamme van Israel is wat nie in Jerusalem was tydens Jesus se koms nie, maar nie dink dat die rede hoekom hulle nie daar was nie is omdat hulle al lank voor daardie tyd hulle rug op die HERE gedraai het. So kan ons aangaan met die Jehovah Getuies, die Sewende Dag se Adventiste en vele ander groepe wat gedurende die tyd ontstaan het en selfs vandag nog nuwe groepe wat gevorm word.

Die probleem is dat elkeen dink hy het eksklusiewe inligting of openbarings wat maak dat net hulle die regte evangelie verkondig.

As ons maar net weer wil teruggaan na wat Moses en die profete geleer het, sal dit al baie beter gaan. Daarom dat Jesus gesê het: *“En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur— want ek het vyf broers—om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie. Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister. Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer. Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan.”* (Luk 16:27-31) En dit is presies wat gebeur het. Jesus het uit die dood opgestaan en die mense glo nogsteeds nie Sy verlossings boodskap nie.

Jesaja vat dit baie mooi saam in twee verskillende gedeeltes: *“Vir wie wil hy dan kennis leer, en vir wie wil hy die openbaring verstaanbaar maak? Vir die wat van die melk gespeen, wat van die moederborste weggeneem is? Want dit is gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier ‘n bietjie, daar ‘n bietjie. Ja, Hy sal deur lippe wat hakkelt, en deur ‘n vreemde tong met hierdie volk spreek, Hy wat aan hulle gesê het: Dit is die rus, gee rus aan die vermoeides, en dit is die verkwikking. **Maar hulle wou nie luister nie. Daarom sal die woord van die HERE vir hulle wees gebod op gebod, gebod op gebod, reël op reël, reël op reël, hier ‘n bietjie, daar ‘n bietjie, sodat hulle kan heengaan en agteruit struikel en verbreek en verstrik en gevang word.**”* (Jes 28:9-13) *“Bind die getuienis toe, verseël die wet in die hart van my leerlinge. En ek sal wag op die HERE, wat sy aangesig verberg vir die huis van Jakob, en op Hom hoop. Hier is ek en die kinders wat die HERE my gegee het—tot tekens en sinnebeelde is ons in Israel, vanweë die HERE van die leërskaar wat op die berg Sion woon. En as hulle vir julle sê: Raadpleeg die geeste van afgestorwenes en die geeste wat waarsê, wat piep en mompel—moet ‘n volk nie sy God raadpleeg nie; moet vir die lewendes die dooies gevra word? **Tot die wet en tot die getuienis! As hulle nie spreek volgens hierdie woord nie, is hulle ‘n volk wat geen dageraad het nie. Dan sal hulle deur die land trek, beswaard en honger; en as hulle honger het, sal hulle in toorn uitbreek en hulle koning en hulle God vloek; dan sal hulle na bo kyk, ook die aarde aanskou, en kyk, daar sal benoudheid en duisternis wees! In jammernag en donkerheid is hulle gedrywe.**”* (Jes 8:16-22)

HOOFSTUK 8

EN NOU KOM ONS BY DIE HOEKSTEEN.

Ek wil hierdie gedeelte net begin deur 'n definisie van 'n hoeksteen te gee. Dit is die WAT se definisie. (Woordeboek van die Afrikaanse Taal)

hoek'steen s.nw.

1 (*boukunde*)

a Netjies gekapte blok natuursteen wat in die hoek van 'n gebou ingemessel is of word; dit dien om die hoek af te sluit, maar veral om die twee mure met mekaar te verbind en gevolglik word dit beskou as een van die belangrike stene of die belangrikste steen in die gebou omdat dit stewigheid daaraan gee en, indien in die fondament ingebou, omdat dit die steen is waarop die gebou sou rus: *Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteengeword* (1 Pet. 2:7).

b Baksteen in die hoek van 'n gebou ingemessel om die hoek af te sluit en veral om die twee mure met mekaar te verbind: *Vir die hoekstene van 'n ongepleisterde muur moet 'n mens volmaakte stene* uitsoek.

2 Netjies afgewerkte, gew. gepoleerde en van 'n inskrip voorsiene blok natuursteen, as 'n soort gedenksteen ingemessel op 'n opvallende plek, gew. in 'n voorhoek, van 'n belangrike gebou soos 'n kerk, skool, hospitaal, ens., en meestal met 'n plegtige seremonie gelê: *Die hoogtepunt van die besoek is egter bereik toe die hoeksteen van die eerste sendingkerk ... gelê is* (Die Kerkbode). *Die administrateur het die hoeksteen van die hospitaal gelê.*

3 (*figuurlik*) Iets of iemand waarop alles rus, iets van fundamentele belang; grondslag, steunpilaar: *'n Hoeksteen van die geloof, 'n grondwaarheid. Terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is* (Ef. 2:20). *Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is* (Jes. 28:16). *Egipte is op 'n dwaalweg gebring deur hulle wat die hoeksteen van die stamme is* (Jes. 19:13).

En nou die Bybelverse wat die woord aanhaal:

- Job 38:6 *Waar is sy fondamentklippe op ingesink? Of wie het sy hoeksteen gelê?*
- Psa 118:22 *Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword.*
- Jes 28:16 *daarom, so sê die Here HERE: Kyk, Ek lê in Sion 'n grondsteen, 'n beproefde steen, 'n kosbare hoeksteen wat vas gegrondves is; hy wat glo, sal nie haastig wees nie.*
- Sag 10:4 *Uit hom sal die hoeksteen, uit hom die muurpen, uit hom die strydboog, uit hom die heersers almal saam uitgaan.*
- Mat 21:42 *Jesus sê vir hulle: Het julle nooit in die Skrifte gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword. Hy het van die Here gekom en is wonderbaar in ons oë?*
- Mar 12:10 *Het julle nie ook hierdie Skrifwoord gelees nie: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword?*
- Luk 20:17 *Maar Hy het hulle aangekyk en gesê: Wat beteken dan hierdie Skrifwoord: die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword?*
- Hnd 4:11 *Hy is die steen wat deur julle, die bouers, verag is, wat 'n hoeksteen geword het.*
- Efs 2:20 *gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is,*
- 1Pe 2:6 *Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie.*
- 1Pe 2:7 *Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling—*

DIE HOEKSTEEN

Al hierdie verse wat ek aangehaal het gaan oor een waarheid. En dit is dat Jesus die hoeksteen is waarop die Kerk gebou word. Daar is nie 'n verskydenheid van Kerke nie, maar slegs een Kerk, en dit is die Kerk van Jesus Christus, met Hom as die hoeksteen.

En dit is wat die probleme veroorsaak. Eerstens vind ons die probleem dat gemeentes verkondig dat net hulle lidmate in die hemel gaan wees, soos vroeër uitgelig in beide Calvyn en Luther se standpunte, en dan vind ons weer die wat alle mense wil insluit. Daar is sovele gelowe en selfs mense binne die Kerk wat verklaar dat mense wat nie van Jesus weet nie, of soos die Joodse geloof wat Hom verwerp, weer geleentheid gaan kry om Jesus as hoeksteen te sien. Maar nou lees ons in die laaste vers wat ek aangehaal het die volgende: ***“Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het ‘n hoeksteen geword; en: ‘n Steen des aanstoots en ‘n rots van struikeling”***

Hulle vergeet ook wat Johannes opgeteken het wat Jesus gesê het: *“Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is.”* (Joh 16:7-11) So uit die gedeelte sien ons duidelik dat die Heilige Gees in alle mense gaan werk, ***“sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel”***. So daar word nie weer 'n tweede kans gegee nie. Net so ook is daar nie verskillende hoekstene soos deur sommige Christen leraars verklaar nie. Jim Houston van Hillsong verklaar in een van sy boodskappe dat die Vader in ons Bybel gesien word as “ABBA Father” en in die Koran as Allah, so daar is dus geen verskil nie. Beide Ishmael en Isak het dan dieselfde pa gehad naamlik Abraham. Maar die verbond wat die HERE gesluit het, het Hy met Abraham gesluit met sy seun Isak en nie Ishmael nie. Die feit dat die Moslems Jesus sien as 'n profeet en dat hulle alle Christene moet doodmaak, en dat Mohammed die verlosser is, word uitgehaal en nie aan gesteur nie.

Dan kry ons nuwe gelowe soos Chrislam wat ontstaan en deur mense soos Rick Warren van Saddleback Church versprei word. Hy is ook die persoon wat “the purpose driven Life” geskryf het saam met sy atieis vrind Peter Drucker. Hier is 'n kort verwysing wat op www.exposingchrislam.com beskikbaar is met nog baie ander skakels na ander Christen predikers wat die standpunt huldig.

“RICK WARREN PARTNERING WITH MOSQUES TO TEACH THAT GOD AND ALLAH ARE THE SAME

Saddleback Church in Orange County, California, home to super-pastor Rick Warren (Obama inauguration, Purpose Driven Life, etc.) has joined forces with Southern California mosques to adopt a three-step plan for ending enmity between evangelical Christians and Muslims.

The plan's first step calls for Muslims and Christians to recognize they worship the same God. Interfaith reconciliation has been proceeding for years between Muslims and more liberal-leaning mainline Protestant denominations.

This is the first such effort I've heard of by an evangelical mega-church. Many evangelicals regard Islam as Christianity's number one enemy, and they do not at all agree that the two faiths worship the same God. This is likely to make waves.

The Rev. Rick Warren, pastor of Saddleback Church in Lake Forest and one of America's most influential Christian leaders, has embarked on an effort to heal divisions between evangelical Christians and Muslims by partnering with Southern California

mosques and proposing a set of theological principles that includes acknowledging that Christians and Muslims worship the same God.

The effort, informally dubbed King's Way, caps years of outreach between Warren and Muslims. Warren has broken Ramadan fasts at a Mission Viejo mosque, met Muslim leaders abroad and addressed 8,000 Muslims at a national convention in Washington D.C.

[Click here to read the full article...](#)

So hier vind ons maar een van die antichris predikers, en self erkende Chrislam leier. Dan is daar al die "name it en claim it" of voorspoed teoloë wat die geldgod aanbid en die aflatingsleer van die Roomse Kerk volg deur te verklaar hoe groter verwagting jy van die HERE het hoe groter moet jou saad wees wat jy in hulle bediening stort. Nie vêr agter hulle is die mormone waar elkeen na sy dood 'n god gaan word en dat huwelike net aangaan na hul afsterwe. En so kan hulle selfs dieselfde status as Jesus bereik.

Maar Jesus is die enigste hoeksteen en die wat Hom verwerp, sal verworpe wees tot in ewigheid. En dit is wat ons vind by die Joodse geloof dat hulle nie glo dat Jesus die hoeksteen is nie, maar dat hy nog moet kom. En nou word hulle ondersteun deur die wegrapings teorie wat leer dat die Jode weer 'n geleentheid sal kry om Jesus te sien as hul koning wanneer hy op die wolke kom, want ons as Christene sal dan in die Hemel wees en met ons vingers speel, terwyl Jesus vir 'n duisend jaar op hierdie aarde sal regeer en die Jode Hom dan as Messias sal erken. Dit druis vierkantig in met wat Jesus verklaar het in Mattheus 25 en Johannes in Openbaring 6. Om nie eers van Mattheus te praat nie: *"Maar pas op vir die valse profete wat in skaapsklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is. Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van distels nie! So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom ook geen goeie vrugte nie. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken. Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is. Baie sal in daardie dag vir My sê: Here, Here, het ons nie in u Naam geprofeteer en in u Naam duiwels uitgedrywe en in u Naam baie kragte gedoen nie? En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!"* (Mat 7:15-23)

Ons moet op hierdie aarde die keuse doen om Hom as verlosser te aanvaar en alhoewel daar onderlinge verskille gaan wees, kan dit in die hemel uitgesorteer word. *"En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom. En baie nasies sal heengaan en sê: Kom, laat ons optrek na die berg van die HERE en na die huis van die God van Jakob, dat Hy ons in sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem. En Hy sal oordeel tussen baie volke en regsprek vir magtige nasies tot in die verte; en hulle sal van hul swaarde pikke smee en van hul spiese snoeimesse; nie meer sal nasie teen nasie die swaard ophef nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te voer nie. Maar hulle sal sit elkeen onder sy wingerdstok en onder sy vyeboom, sonder dat iemand hulle verskrik; want die mond van die HERE van die leërskaie het dit gespreek. Want al die volke mag wandel elkeen in die naam van sy god, maar óns sal wandel in die Naam van die HERE onse God vir ewig en altoos."* (Mig 4:1-5)

Ons moet hieruit leer dat die Ou Testamentiese profete verskillende volke gesien het as volke wat die HERE dien, maar dat ons vind dat Johannes dit as Kerkgroepe sien in sy profesie in Openbaring. Daar sal ons van ons eie sienings gestroop word en slegs dit oorhou wat reg is. Die interessantheid van die verse is dat ons nogsteeds elkeen in ons eie groep sal wees, of soos Miga dit uitdruk, elkeen sal sit onder sy wingerdstok en sy vyeboom.

Sagaria beskryf een van die klomp mense baie goed, naamlik die baba dopers (Calviniste), so hulle sit nog in Egipte al het hulle nagmaal gebruik en dus deel van die verbond met Jesus geword. Die gedeelte speel af terwyl Sagaria die einde van die wêreld gesien het en die koms van die nuwe wêreld gesien het: *“En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot ‘n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. En julle sal vlug in die dal van my berge—want die dal van die berge sal loop tot by Asal—en julle sal vlug soos julle gevlug het vir die aardbewing in die dae van Ussía, die koning van Juda. Dan sal die HERE my God kom, al die heiliges met U! En in dié dag sal daar geen lig wees nie, die sterre sal duister wees. (vgl. Openbaring 6:12-17) En dit sal ‘n enige dag wees wat aan die HERE bekend is—geen dag en geen nag nie; maar teen die aand sal dit lig word. En in dié dag sal daar lewende waters uit Jerusalem uitvloei, die een helfte daarvan na die Oostelike en die ander helfte daarvan na die Westelike See; somer en winter sal dit so wees. En die HERE sal Koning wees oor die hele aarde; in dié dag sal die HERE een wees, en sy Naam een. Die hele land sal soos die Vlake word, van Geba tot by Rimmon, suid van Jerusalem; maar Jerusalem self sal hoog wees en woon op sy plek, van die poort van Benjamin af tot by die plek van die vorige poort, tot by die Hoekpoort, en van die toring Hanáneël tot by die parskuip van die koning. En hulle sal daarin woon, en daar sal geen banvloek meer wees nie, en Jerusalem sal in veiligheid woon. En dit sal die plaag wees waarmee die HERE al die volke sal tref wat opgetrek het om teen Jerusalem te veg: Hy sal hulle vlees laat wegteer, terwyl hulle nog op hul voete staan; en hulle oë sal wegteer in hulle holtes, en hulle tong wegteer in hulle mond. En in dié dag sal ‘n groot verwarring van die HERE onder hulle kom, sodat die een die hand van die ander sal gryp, en die hand van die een hom sal verhef teen die hand van die ander. En Juda sal ook in Jerusalem veg, en die rykdom van al die nasies rondom sal ingesamel word: goud en silwer en klere —‘n groot hoeveelheid. En soos hierdie plaag is, sal die plaag wees van die perde, die muile, die kamele en die esels en van al die diere wat in daardie laers is. **En almal wat oorbly uit al die nasies wat teen Jerusalem aangekom het, sal jaar na jaar optrek om te aanbid voor die Koning, die HERE van die leërske, en om die huttefees te vier. En wie uit die geslagte van die aarde nie na Jerusalem optrek om voor die Koning, die HERE van die leërske, te aanbid nie—hulle sal geen reën kry nie. En as die geslag van Egipte nie optrek en nie kom nie, op wie geen reën sal val nie, dan sal tog die plaag hulle tref waarmee die HERE die nasies tref wat nie opgaan om die huttefees te vier nie. Dit sal die straf van Egipte wees en die straf van al die nasies wat nie optrek om die huttefees te vier nie. In dié dag sal op die klokke van die perde staan: Heilig aan die HERE! En die potte in die huis van die HERE sal wees soos die komme voor die altaar. Ja, al die potte in Jerusalem en Juda sal aan die HERE van die leërske heilig wees; en almal wat wil offer, sal kom en daarvan neem en daarin kook; en in dié dag sal daar geen Kanaäniet in die huis van die HERE van die leërske meer wees nie”.** (Sag 14:4-21)*

So ons eerste plig is om seker te maak dat ons die regte hoeksteen het waarop ons bou. Daar is sovele predikers vandag wat nie wil praat oor die eerste stap om by die HERE uit te kom nie, naamlik bekering, want hulle wil dit maklik maak en gewild wees vir hul mooi motiverings boodskappe. Internasionaal kan ons kyk na mense soos Jim Houston van Hillsong en Joël Osteen van Lakewood Church wat verklaar dat hy nooit daaroor sal praat nie, want hulle is nie geroep om bekering te preek nie. En ek het vroeër al verwys na Rick Warren. Wat my regtig pla van Warren se standpunte is dat hy verklaar dat om seker te maak dat almal dieselfde boodskap hoor stig hulle nie ‘n afsonderlike gemeentes nie, maar stig hulle net nuwe kampusse sodat almal dieselfde doelstellings het, maak nie saak of jou plaaslike kampus in Pretoria of Engeland of Nieu-Seeland is nie. Ek wil nie graag predikers in Suid-Afrika uitwys nie, want ek wil dat elkeen self sal onderskei wie die regte boodskap bring en wie die “All accepting Jesus” of die voorspoed teologie verkondig. Dit is die Jesus sonder tande wat nooit sal vra dat jy na jou eie lewe sal kyk en introspeksie doen om te kyk of jy die regte Jesus volg nie, maar net sal vra dat jy jou tiende moet betaal anders kan die HERE jou nie seën nie. Dit is nou die Roomse aflatings leer.

Ek het ook ‘n ondervinding van predikers gehad waar ek baie gemeentes genader het om te hoor of

van hulle lidmate of hulle gemeente self my Bybelskool wou aanbied. Daar was twee insidente wat vir my uitgestaan het. Die een was dat by een van die gemeentes toe na die plek gegaan het wat ek verteenwoordig het en toe ek een aand daar instap by hulle diens die pastoor nie geweet het wat om te doen nie, want hulle het spesiaal die diens gebruik om hul Bybelskool aan te kondig wat toe deur sy seun aangebied sou word, teen pryse wat tot vierkeer hoër was as wat ek gevra het. Die ander gemeente het gevra of ek sal omgee om Moslems en Hindus in my klas te hê want die mense is welkom in hul gemeente net solank hulle hul tiende daar betaal, en ek hulle nie sal probeer ooreed dat slegs Jesus die enigste hoeksteen is nie.

Dan is daar die geval waar kinders wat in verskeie kerkgroepe grootword, net verdwyn wanneer hulle groter word. In die Calvinistiese gemeentes in Suid-Afrika kan die kinders nie wag om hul geloofsbelydenis te doen nie, want dan hoef hulle nie meer die dienste by te woon nie. Dan word daar sommer binne die gebou vir hulle deur die “hoof ouderling” gesê hulle het nou hulle drink lisensie gekry. Wat se skande dat so iets kan plaasvind. Die oomblik wanneer die kinders universiteit toe gaan of hul eie plekkie kry is dienste bywoon ook by die venster uit. Of ons kry die hernuwings gemeentes wat juis daar is om hierdie generasie nader te trek daardeur so maklik te maak om in die hemel te kom want jy moet net jou hand opsteek en dan met verskriklike somber musiek moet jy vorentoe gaan waar iemand vir jou gaan bid en jy ’n hand vol dokumente kry wat verduidelik wat nou verduidelik wat gebeur het en dat jy nou gered is. Of hulle bied sulke vertonings aan wat enige sanger of groep sal wens om aan te bied om die jonger geslag nader te trek. Want die jonges hou van die lekker atmosfeer wat daar is. Maar ons leer ook uit Eksodus dat Moses vier seuns gehad het en dat die eerste twee seuns deur Moses aangewys is om die diens vir die volk waar te neem. Later die dag het die twee besluit om hul eie offers te bring en lees ons die volgende: *“En die seuns van Aäron, Nadab en Abihu, het elkeen sy vuurpan geneem en vuur daarin gegooi en reukwerk daarop gesit en vreemde vuur voor die aangesig van die HERE gebring, wat Hy hulle nie beveel het nie. Daarop het daar vuur van die aangesig van die HERE uitgegaan en hulle verteer, en hulle het gesterwe voor die aangesig van die HERE. Toe sê Moses vir Aäron: Dit is dit wat die HERE gespreek het deur te sê: In die wat naby My is, wil Ek My as die Heilige laat ken, en voor die oë van die hele volk wil Ek My verheerlik. Maar Aäron het stilgebly. En Moses het Misaël en Élsafan, die seuns van Ussiël, die oom van Aäron, geroep en aan hulle gesê: Kom nader, dra julle broers van die heiligdom af weg, buitekant die laer uit. Toe het hulle nader gekom en hulle in hul rokke buitekant die laer uitgedra soos Moses gesê het. Daarop sê Moses aan Aäron en sy seuns Eleásar en Itamar: Laat julle hare nie loshang nie en maak geen skeure in julle klere nie, dat julle nie sterwe en Hy in toorn teen die hele vergadering losbreek nie. Maar julle broers, die hele huis van Israel, kan die brand beween wat die HERE aangesteek het. Julle mag ook uit die ingang van die tent van samekoms nie uitgaan nie, dat julle nie sterwe nie; want die salfolie van die HERE is op julle. En hulle het gehandel ooreenkomstig die woord van Moses.”* (Lev 10:1-7)

Wat ons vandag nie besef nie is dat ek nie soos Aaron se seuns my manier van aanbidding vir die HERE kan gebruik nie, want dit is vreemde vuur en sal jy geestelik sterwe. Ek het gesien hoe ’n persoon waarvoor ek ’n hoë agting gehad het verval het en saam met al die ander musiekleiers van ander gemeentes elke Maandag hul Harley Davidson’s gevat het om koffie in Cullinan te gaan drink en te gaan hoor hoe hulle die jongste treffers bespreek het wat hulle tydens hul opvoering gebruik het. En dan het hulle gespog oor watter een die beste invloed op die mense gemaak het. Maar hulle het vreemde vuur voor die HERE gebring, goed wat hulle nie aangesê is om te doen nie. Dan weet ek ook van mense wat vir jare al in homoseksuele verhoudings is die “worship” lei tydens dienste en daarna na hul kroeg toe gaan en verkondig dat Dawid en Jonathan ook homoseksueel was.

Waarvan jy gered is en die feit dat jy jou lewe moet gaan neerlê by die kruis en sterf aan jouself word niks van melding gemak nie en vind ons die mense glo nou hulle is gered maar weet nie eers waarvan hulle gered is nie. Daar word niks van die verbond wat Jesus kom vestig het gepraat nie en leef hierdie mense in hierdie skyn godsdiens wat nie gebou is op Jesus as hoeksteen nie.

Ek was ook in so 'n situasie en dan moet jy jou Bybel merk met al die verse wat hulle vir jou uitlig in 'n volgorde wat iemand vroeër al uitgewerk het en wanneer jy dalk twyfel kan jy weer hierdie verse gaan lees want elke vers het nou 'n skakel na die vers voor die een vers en dan 'n skakel na die vers wat op die vers volg. Dit maak ons versie Christene en nie kinders van die HERE nie. Dan sal jy sien dat hulle so oor die jare 'n hele biblioteek van versies opgebou het vir elke moontlike omstandigheid wat mense hulle self in mag bevind en dan het hulle mos hul versie om te gebruik om die persoon mee te ondersteun. Die feit dat ons geloof gebou moet word op Jesus as hoeksteen weet mense nie wat dit beteken nie, want hulle het nooit geleer hoe verlore ons as mense is nie en dat ons dan eers kan uitroep na die HERE. Die feit dat Jesus alleen jou Sy kind kan maak word jy nooit geleer nie, maar dan hoor jy net hierdie persoon het al soveel mense na die HERE gelei met sy versies dat jy skoon verbyster staan. Die feit dat wedergeboorte net deur Jesus kan geskied hoor jy nooit van nie.

Amos beskryf ook hoe die HERE voel oor al hierdie “vertonings” wat die gemeente in die regte bui moet kry voordat die leraar sy boodskap sonder tande kan verkondig. Ek haal net 'n kort gedeelte van Amos aan wat oor die spesifieke onderwerp handel. *“Wee die wat na die dag van die HERE verlang! Wat sal tog die dag van die HERE vir julle wees? Dit sal duisternis wees en geen lig nie. Soos wanneer iemand vlug vir 'n leeu, maar 'n beer loop hom raak; of hy kom in die huis en leun met sy hand teen die muur, en 'n slang byt hom! Is die dag van die HERE nie duisternis en geen lig nie, ja, donkerheid sonder 'n ligstraal? Ek haat, Ek versmaad julle feeste en het geen welgevalle aan julle feestye nie. Want al bring julle vir My brandoffers saam met julle spysoffers, Ek het daar geen welbehae in nie, en die dankoffer van julle vetgemaakte kalwers sien Ek nie met welgevalle aan nie. Verwyder van My die geraas van jou liedere! En na die geluid van jou harpe wil Ek nie luister nie. Maar laat die reg aanrol soos watergolwe, en geregtigheid soos 'n standhoudende stroom.”* (Amo 5:18-24)

Een van die groot organisasies wat destyds en vandag nog die “maklike” manier gebruik is Campus Crusade for Christ. Ek was ook by hulle betrokke en dit het gehelp dat ek die leerstellings kon ondersoek en vind waar die fout is. Ek het nogsteeds my VHS weergawe van die Jesus film wat ons gebruik het en dan opgevolg het met die vier geestelike wette. Dit beeld net die een kant uit naamlik wat Jesus kom doen het, maar ontbloom nooit die mens en sy sonde nie. Dit is sommers net so terloops wat dit aangeraak word, maar dit is juis die belangrikste gedeelte om kind van God te word. Indien ek nie besef hoe sondig ek is nie, gaan ek die stappe volg en 'n baie goeie mens maak wat dalk 'n baie goeie dissipel van Campus Crusade is, maar ek gaan nie sommers dissipels van Jesus maak nie. Ek moet eers besef dat ek die dood verdien en dat ek deel het aan daardie onverdiende dood van Jesus voordat ek Hom kan nader en vergifnis te vra. So was ek ook betrokke by die EE3 kursusse gewees en het Hettie, my wederhelf, selfs as 'n opleier gekwalifiseer. Maar weereens was dit kits oplossings vir 'n probleem wat nie ware dissipels van Jesus gemaak het nie. Ek is die ou wat almal graag wou saamvat as die een met die getuigenis want ek het toe net my eerste operasies deurgegaan vir kanker en dit was so dramaties genoeg om enige persoon se aandag te kry. Maar, na ons nie meer by EE3 betrokke was nie en ek self begin studeer het, was daar 'n persoon wat ek nogal baie by geleer het wat eendag vir my gesê het dat hy dink ek stel te hoë eise vir mense om kinders van God te word aangesien ek al die lekker dinge wat die mense altyd by Sun City kon gaan doen het, vir die spesifieke mense laat voel het of hulle sondig. En al wat die mense gaan doen het, was om te gaan dobbel het of halfnaak opvoerings gaan bywoon het. Nou wonder ek wat ek nou verkeerd gedoen het? Is dit wat die mense gedoen het dan nie sonde nie? En stel Jesus dit nie dat ons heilig moet word soos Hy heilig is nie? *“Soos U my gestuur het in die wêreld, het Ek ook hulle in die wêreld gestuur. En Ek heilig Myself vir hulle, sodat hulle ook in waarheid geheilig kan wees.”* (Joh 17:18-19) En hierdie woorde van Jesus is verwysings na Levitikus 11:44-45, *“Want Ek is die HERE julle God; toon dan dat julle heilig is en wees heilig, want Ek is heilig; daarom, verontreinig julle self nie deur enige ongedierte wat op die aarde kruip nie. Want Ek is die HERE wat julle uit Egipteland laat optrek het om julle God te wees. So moet julle dan heilig wees, omdat Ek heilig is.”* En ook

vêrder in Lev. 19:2 en Lev. 20:7.

Die volgende paar verse praat oor mense wat roem oor besnydenis van mense, maar in ons dag vandag is dit oor hoeveel mense jy na die HERE gelei het, so dit gaan oor een en dieselfde ding: *“Almal wat ‘n mooi vertoning in die vlees wil maak, dié dwing julle om julle te laat besny net om nie ter wille van die kruis van Christus vervolg te word nie. Want ook hulle wat besny word, hou self nie die wet nie; maar hulle wil hê dat julle besny moet word, sodat hulle in julle vlees kan roem. Maar wat my betref, mag ek nooit roem nie, behalwe in die kruis van onse Here Jesus Christus, deur wie die wêreld vir my gekruisig is en ek vir die wêreld. Want in Christus Jesus het nóg die besnydenis nóg die onbesnedenheid enige krag, maar ‘n nuwe skepsel. En mag daar vrede en barmhartigheid wees oor almal wat sal wandel volgens hierdie reël, en oor die Israel van God!”* (Gal 6:12-16)

Ek kan net noem dat ek die einde van 2017 ‘n kalender vir 2018 gemaak het spesifiek vir ons groep mense wat almal met Neuroendocrine tumors sit, of algemeen bekend is as NET kanker of Carcinoid en Carcinoid Sindroom, met Zebra’s as tema aangesien dit nie altyd perde is wat jy sien as jy hoewe hoor nie, maar dat dit Zebra’s ook kan wees en daarom dat dit ons kenteken is. Saam met die boodskap op Facebook het ek ook vir die mense moed ingepreke oor hul toestand omdat ek seker een van die langsliewende persone wêreldwyd is wat aan hierdie kanker ly. So kon ek gratis meer as ‘n duisend mense bereik en het my verkeer na my bedienings webtuiste so vermeerder dat ek nie kan glo hoeveel mense nou my boeke aflaai en lees nie. So ek kan nie roem oor hoeveel mense aangeraak word nie, want op my webtuiste is daar slegs ‘n internet “IP” adres. Wie daar agter sit sal ek seker nooit weet nie. Soos Hettie my maar altyd aan herinner as ek boos voel oor hierdie mense wat dissipels van hulleself maak en nie dissipels van Jesus nie, dan sê sy altyd vir my dat ek maar na die statistiek op my webtuiste moet kyk en oplet hoeveel nuwe besoekers ek elke maand kry en dit is gewoonlik so tussen 500 en 1000 besoekers. Haar vraag is dan altyd hoeveel gemeentes daar is wat elke maand soveel nuwe mense kry waarmee hulle die evangelie van Jesus mee kan deel. En dan kan jy ook oplet hoe iemand iets raakgelees het en skielik vind jy binne ‘n paar dae dat baie mense skielik die artikel of boek aflaai of sommer net op my webtuiste lees of laat uitdruk.

My gewildste artikel is my troupreke wat seker van die dag wat ek hom op my webtuiste geplaas het gemiddeld seker 200 of meer keer per maand na gekyk word. Dit het in twee jaar vermeerder van 20 per maand. En dan kry jy dit gewoonlik hier op ‘n Woensdag of Donderdag dat dit die gewildste dae is aangesien die huweliksbevestiging skielik ‘n preke moet kry wat hy by die troue die Saterdag moet gebruik en dek my troupreke basies alles wat nodig is om mense in ‘n trouverbond aan mekaar te verbind.

WIE IS DAN DIE VERKEERDE JESUS?

Die probleem natuurlik is dat indien jy die verkeerde hoeksteen aanhang en jou lewe daarop bou, jy nie staande gaan bly wanneer Jesus kom om die lewendes en die dooies te oordeel nie. En dit is wat tragies is dat mense ander mense se uitsprake glo, maar nooit gaan kyk of dit so is nie en dan eers glo nie. Dit het die mense met Paulus gedoen, so hoekom kan jy nie jou prediker se boodskap oordeel nie? Dit vat hande met die aanhaling wat ek vroeër gemaak het oor wat die mense vandag in glo. **“So, the early church writings do not support most of our modern end time theories.”** So vind jy dat jy na jou dood in Tirus of Sidon bevind en nie in Jerusalem soos jy gehoop het nie. Gelukkig sal jy daar die geleentheid kry om van jou verkeerde leerstellings gestroop te word.

So die verkeerde Jesus is die een wat net wil hê dat jy niks hoef te doen om na jou dood in die hemel te wees. So om uit te vind wie die verkeerde Jesus is, moet ons kyk na wie die regte Jesus is. Indien ons dit weet dan is dit maklik om die verkeerde Jesus te sien en te ontbloot.

Ek dink wat ek hier baie graag wil aanhaal om te verseker dat ons almal weet wie die regte Jesus is,

is 'n gedeelte uit my boek "Die Verbond van Geregtigheid" wat die verbond volledig bespreek. Ek wil net graag die stappe van die verbond hier uitlig sodat ons regtig almal op dieselfde golflengte is. So wat moes Jesus kom doen om die Ou Verbond te vervul en die Nuwe Verbond mee in te lui?

WAT BEHELS HIERDIE VERBOND?

Vir my moet ons begin by Abraham, die vader van alle gelowiges. Ons moet onthou Abraham het agt seuns gehad. Die oudste was Ismael, daarna Isak, en daarna nog ses seuns. *"En Abraham het weer 'n vrou geneem met die naam van Ketúra. En sy het vir hom Simran en Joksan en Medan en Midian en Jisbak en Suag gebaar"*. (Gen 25:1-2) Die Bybel leer ons oor een seun se toekoms waarmee die HERE 'n spesiale verbond mee gesluit het, die van Isak. *"Maar my verbond sal Ek oprig met Isak wat Sara vir jou anderjaar op hierdie tyd sal baar."*(Gen 17:21) Ismael en die ander seuns leer ons nie van in die Bybel nie, maar tog was hulle uit die nageslag van Abraham.

Behoort net Israel as nasie dan aan die HERE? Nee. *"Wat My aangaan, kyk, my verbond is met jou, en jy sal die vader van 'n **menigte van nasies** word. Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, **want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies**. En Ek sal jou buitengewoon vrugbaar maak: **Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom**. En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte **as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou**. En Ek sal aan jou en jou nageslag ná jou die land van jou vreemdelingskap gee, die hele land Kanaän, as 'n ewige besitting; en Ek sal vir hulle 'n God wees. Verder het God aan Abraham gesê: **Maar jy moet my verbond hou, jy en jou nageslag ná jou, van geslag tot geslag.**"* (Gen 17:4-9)

In Efesiërs 2 leer ons die volgende: *"Daarom, onthou **dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word, dat julle in dié tyd sonder Christus was, vervreemd van die burgerskap van Israel en vreemdelinge ten aansien van die verbonde van die belofte, sonder hoop en sonder God in die wêreld. Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus. Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak, die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis**, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het. En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. **So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God**, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees."* (Ef 2:11-22)

In Genesis 14 leer ons ook van iemand anders. *"En Melgisédek, **die koning van Salem, wat 'n priester van God, die Allerhoogste, was, het brood en wyn gebring en hom geseën en gesê: Geseënd is Abram deur God, die Allerhoogste, die Skepper van hemel en aarde. En geseënd is God, die Allerhoogste, wat u vyande in u hand gegee het. Toe gee hy hom die tiende van alles.**"* (Gen 14:18-20) So voor Isak was daar al ander nasies wat ook die HERE gedien het. Israel word vir ons as voorbeeld voorgehou soos in 1 Korintiërs 10 in die Bybel vir ons uitgelig word. *"**Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het.**"*(1Kor 10:11)

Die eerste verbond met Abraham is gevier met nagmaal tussen Abraham en Melgisedek, waar Melgisedek die wyn en die brood gebring het. Nou lees ons in Hebreërs die volgende: *"So het Christus ook Homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie, maar Hy het Hom verheerlik wat vir Hom gesê het: U is my Seun, vandag het Ek U gegenereer. Soos Hy ook op 'n ander plek sê: U is*

priester vir ewig volgens die orde van Melgisédek. Hy wat in die dae van sy vlees gebede en smeking met sterk geroep en trane aan Hóm geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs— Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, **het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword en is deur God genoem 'n hoëpriester volgens die orde van Melgisédek;**” (Heb 5:5-10)

Wat beteken dit? Melgisedek was 'n priester van die HERE en deur die HERE self aangestel. Hy het nie uit 'n stam gekom wat priesters was soos die Leviëte nie, om die waarheid te sê was hy nie eers enigsins aan Abraham verwant nie. Nou kom Jesus en word hy weer aangestel volgens die orde van Melgisedek, met ander woorde, deur die HERE self aangestel. Daarom ook dat Jesus weer die Nagmaal instel met brood en wyn, soos dit gevier is deur Abraham en Melgisedek. Verder was Melgisedek ook koning, en so word Jesus dus ook as koning van God se volk aangestel.

Maar wat is die verbond wat die Bybel van praat wat die HERE met Abraham aangegaan het? Kom ons kyk na 'n opsomming van die verbond. Die eerste punt wat ek wil maak is dat daar voordele en nadele in 'n verbond is. 'n Verbond het altyd twee kante, die een kant leer ons wat sal gebeur indien ons by die verbond hou, en dan die anderkant wat sal gebeur indien ons dit nie doen nie. Ek wil dit graag verduidelik aan die hand van Deuteronomium 30 vanaf vers 15: *“Kyk, ek het jou vandag voorgehou die lewe en die geluk, en die dood en die ongeluk. Wat ek jou vandag beveel, is om die HERE jou God lief te hê, in sy weë te wandel en sy gebooe en sy insettinge en sy verordeninge te hou, sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en die HERE jou God jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem. **Maar as jou hart hom afwend en jy nie luister nie en jy jou laat verlei, sodat jy jou voor ander gode neerbuig en hulle dien, dan verkondig ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom; julle sal die dae nie verleng in die land waarheen jy oor die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem nie. Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die seën en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae, sodat jy kan woon in die land wat die HERE aan jou vaders Abraham, Isak en Jakob met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee.**”* (Deu 30:15-20)

Die laaste gedeelte is vir my ontsettend belangrik. Ek moet kies om my kant van die verbond te hou, dan sal die HERE Sy kant hou. Die vermoë om te kies is al aan ons gegee in Genesis 3:22 **“Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken.”** Indien jou Bybel nie so sê nie, is dit omdat die vertalers dit verander het in die nuwe vertaling om by hulle dogma in te pas. En verder is dit die enigste vertaling wat dit so stel. Geen van die Engelse of ander vertalings stel dit soos dit in die nuwe verdwaling gestel is nie. Die mens het as deel van die sondeval die vermoë verkry om te weet wat is goed en wat is kwaad. So my hele lewe gaan dus oor keuses, keuses wat of goeie gevolge gaan hê, of wat kwade gevolge gaan hê.

STAPPE VAN VERBOND

Nou, met die tweede punt wil ek graag kyk wat die stappe van 'n verbond is. Dit word volledig vir ons beskryf met die uittog van Israel uit Egipte na die land Kanaän. Dit is immers wat die HERE vir Abraham beloof het waar sy nageslag hulle sal vestig. Dit is dan ook my rigtingwyser vir vandag, aangesien ek ook in Kanaän wil uitkom. Die enigste verskil is Israel het die fisiese tog gemaak, terwyl ons vandag die geestelike tog kan meemaak om by ons Kanaän uit te kom. Dit is die plek wat die HERE vir my bestem het. Ek sal eers beskryf wat Israel moes doen, en dan volg wat dit vir ons as Nuwe Verbondsgenote moet doen en wat dit beteken.

Maar hoekom het die HERE hulle uit Egipte laat trek? *“En in daardie lang tyd het die koning van Egipte gesterwe. En die kinders van Israel het gesug en geweeklaag vanweë die slawerny. En hulle geroep om hulp oor hulle slawerny het opgeklim tot God. **En God het hulle gekerm gehoor, en God***

het gedink aan sy verbond met Abraham, met Isak en met Jakob. En God het die kinders van Israel aangesien, en God het hulle geken.” (Exo 2:23-25) “En die HERE sê: Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat in Egipte is; en Ek het hulle jammerklagte oor hulle drywers gehoor, ja, Ek ken hulle smarte. Daarom het Ek neergedaal om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos en hulle te laat optrek uit daardie land na ‘n goeie en wye land, na ‘n land wat oorloop van melk en heuning, na die woonplek van die Kanaäniete en Hetiete en Amoriete en Feresiete en Hewiete en Jebusiete. **En nou, kyk, die jammerklagte van die kinders van Israel het tot by My gekom. Ook het Ek die verdrukking gesien waarmee die Egiptenaars hulle verdruk.**”(Eks 3:7-9) So hier vind ons alreeds die eerste struikelblok vir baie mense, en dit is om te besef dat hulle uit Egipte, hul sondige lewe, te kom en dat net die HERE jou daaruit kan red. Jy moet uitroep na Hom en besef dat jy n sondige lewe ly, en dat jy die ewige dood sal sterf indien jy daarmee aangaan.

Verder gee die HERE vir ons die rol van elkeen van die rolspelers in hierdie verhaal. “En die HERE het aan Moses gesê: **Kyk, Ek stel jou as ‘n god vir Farao, en jou broer Aäron sal jou profeet wees.** Jy moet spreek alles wat Ek jou beveel, en jou broer Aäron moet met Farao spreek, sodat hy die kinders van Israel uit sy land laat uittrek. En Ek sal Farao se hart verhard en my tekens en wonders in Egipteland vermenigvuldig. Maar Farao sal na julle nie luister nie; en Ek sal my hand op Egipte lê en my leërskaer, my volk, die kinders van Israel, deur groot strafgerigte uit Egipteland uitlei. Dan sal die Egiptenaars weet dat Ek die HERE is, as Ek my hand oor Egipte uitstrek en die kinders van Israel tussen hulle uitlei. Moses en Aäron het toe gedoen soos die HERE hulle beveel het; so het hulle gedoen.” (Eks 7:1-6). So in die hele verhaal verteenwoordig Moses dus die HERE, Farao die Satan en Aäron die profeet en dus die spreekbuis van die HERE.

Nou kan ons kyk na wat Israel moes doen om uit Egipte te trek, en wat Moses vir hulle voorgeskryf het.

1. BESNYDENIS

- Verbond voor Christus: **Besnydenis van die voorhuid.** Dit moes hulle herinner dat hulle deel is van God se uitverkore volk. “Verder het die HERE aan Moses en Aäron gesê: Dit is die insetting van die pasga: Géén uitlander mag daarvan eet nie. Maar elke slaaf wat ‘n man met geld gekoop het, dié moet hy besny; dan kan hy daarvan eet. Geen vreemde inwoner of huurling mag daarvan eet nie. In een huis moet dit geëet word; jy mag niks van die vleis uit die huis buitentoe bring nie; en julle mag geen been daarvan breek nie. Die hele vergadering van Israel moet dit hou. **En as ‘n vreemdeling by jou vertoef en tot eer van die HERE die pasga wil vier, moet by hom almal wat manlik is, besny word; en dan mag hy nader kom om dit te vier, en hy sal soos ‘n kind van die land wees.** Maar géén onbesnedene mag daarvan eet nie. **Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef**”. (Eks12:43-49) “As jou seun jou later vra en sê: Wat beteken die getuienisse en die insettinge en die verordeninge wat die HERE onse God julle beveel het? dan moet jy aan jou seun sê: Ons was slawe van Farao in Egipte; maar die HERE het ons deur ‘n sterke hand uit Egipte uitgelei. En die HERE het groot en onheilbrengende tekens en wonders voor ons oë in Egipte aan Farao en sy hele huis gedoen. En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders met ‘n eed beloof het.” (Deu 6:20-23)
- Verbond met Christus as Lam: **Besnydenis van die hart.** Alle mense word in Egipte gebore, ‘n lewe sonder die HERE, ‘n lewe waar ek onder die gesag van Satan(Farao) staan. Soos Israel moet ek uitroep na die HERE om my te bevry van Egipte. So my optrede moet verander. Ek moet besef dat ek niks kan doen om myself te red nie. Ek moet glo dat Jesus alles gedoen het om die verhouding tussen my en die Vader te herstel. Ek moet besef dat ek ‘n sondaar is en dat ek verlore sal gaan as ek volhou om my eie lewe te lei. Ek moet tot bekering kom. Ek moet soos ‘n kind van die HERE optree. Ek moet die liefde van die HERE

volgens 1 Johannes 3 begin uitleef op aarde. My optrede moet die bewys wees dat ek kind van God is. Geen uitwendige besnydenis is nodig nie. Maleagi 3:18: *“Dan sal julle weer die onderskeid sien tussen die regverdige en die goddelose, tussen die wat God dien en die wat Hom nie dien nie”*. Jer 31:33: *“Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: **Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle ‘n God wees, en hulle sal vir My ‘n volk wees’**”*.

“En Ek sal hulle een hart gee, en ‘n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit hulle vlees verwyder en hulle ‘n hart van vlees gee, sodat hulle in my insettinge kan wandel en my verordeninge kan hou en dit doen; en hulle sal vir my ‘n volk wees, en Ek sal vir hulle ‘n God wees. Maar hulle wie se hart agter die hart van hulle verfoeisels en hulle gruwels aan loop—hulle wandel laat Ek op hul hoof neerkom, spreek die Here HERE.” (Eseg 11:19-21)

*“Want in Hom woon al die volheid van die Godheid liggaamlik; en julle het die volheid in Hom wat die Hoof is van alle owerheid en mag; **in wie julle ook besny is met ‘n besnydenis wat nie met hande verrig word nie, deur die liggaam van die sondige vlees af te lê in die besnydenis van Christus**, omdat julle saam met Hom begrawe is in die doop, waarin julle ook saam opgewek is deur die geloof in die werking van God wat Hom uit die dode opgewek het”*. (Kol 2:9-12)

Wat sê Paulus oor ons as onbesnedenis na die vlees: *“Of behoort God net aan die Jode, en nie ook aan die heidene nie? Ja, ook aan die heidene, aangesien dit inderdaad een God is wat die **besnedenes sal regverdig uit die geloof en die onbesnedenes deur die geloof**. Maak ons dan die wet tot niet deur die geloof? Nee, stellig nie! Inteendeel, ons bevestig die wet.”* (Rom 3:29-31) *maar hy is ‘n Jood wat dit in die verborgene is, **en besnydenis is dié van die hart, in die gees, nie na die letter nie. Sy lof is nie uit mense nie, maar uit God.**”* (Rom 2:29)

2. BROOD

- Verbond voor Christus: Brood sonder suurdeeg moes geëet word. Suurdeeg was ‘n teken dat jy opgepof was en dat jy sonde gehad het. So hulle brood moes wys dat daar nie sonde was nie. Ons vind die volgende skrif in Korintiërs: *“Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat ‘n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle ‘n nuwe deeg kan wees—soos julle inderdaad ongesuurd is—want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid.”* (1 Kor 5:6-8)
- Verbond met Christus as Lam: Jesus is die brood van die lewe. Hy kon geen sonde hê nie, want Hy is ook God. *“Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe. Dít is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie. Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. **As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid**. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.”* (Joh 6:49-51) *“En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan sy dissipels en sê: Neem, eet, dit is my liggaam.”* (Mat 26:26)

3. LAM SLAG

- Verbond voor Christus: Hulle moes ‘n lam slag en eet. *“Spreek tot die hele vergadering van Israel en sê: Op die tiende van hierdie maand moet hulle elkeen ‘n lam neem volgens die families, ‘n lam vir ‘n huisgesin. Maar as ‘n huisgesin te klein is vir ‘n lam, dan moet hy en sy*

buurman wat die naaste aan sy huis is, dit neem volgens die sieletal; na wat elkeen gewoon is om te eet, moet julle die getal op die lam bereken. **Julle moet 'n lam hê sonder gebrek, 'n jaaroud rammetjie.** Van die skape of van die bokke kan julle dit neem. En julle moet dit in bewaring hou tot die veertiende dag van hierdie maand; en die hele vergadering van die gemeente van Israel moet dit slag teen die aand.” (Exo 12:3-6)

- Verbond met Christus as Lam: “En ek het gesien, en kyk, in die middel van die troon en die vier lewende wesens en in die midde van die ouderlinge **staan daar 'n Lam asof Hy geslag is**, met sewe horings en sewe oë, wat die sewe Geeste van God is wat uitgestuur is oor die hele aarde. Hy het gekom en die boek geneem uit die regterhand van Hom wat op die troon sit; en toe Hy die boek neem, val die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor die Lam neer, elkeen met sifers en goue skale vol reukwerk, wat die gebede van die heiliges is. Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop **uit elke stam en taal en volk en nasie**, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers”. (Open 5:6-10) Ek moet by die kruis van Jesus uitkom, waar ek besef wat dit beteken om te sterf. **Dat Jesus vir ons gesterf het sodat ons kan lewe.** Tot vandag toe voor ek enige vleis kan eet, moes die dier wat ek gaan eet sy lewe opgegee het sodat ek kan lewe, en dit is wat Jesus kom doen het. Hy het Sy lewe opgegee sodat ek en jy Sy lewe kan kry, 'n lewe waar die dood geen mag oor het nie. Selfs by Adam en Eva leer ons dat hulle vyblare geneem het om hulle skuld mee te bedek, maar die HERE slag 'n bok om vir hulle klere te maak om hulle naaktheid mee te bedek. Maar ook hier moes daar bloed vloei om vergifnis vir die sonde te bewerk.

4. BLOED VAN DIE LAM

- Verbond voor Christus: Hulle moes die bloed aan die deurposte smeer. Dit het beteken dat die dood by die huis verby gegaan het. “Want Ek sal in hierdie nag deur Egipteland trek en al die eersgeborenes in Egipteland tref, van mense sowel as van diere. En Ek sal strafgerigte oefen aan al die gode van Egipte, Ek, die HERE. Maar die bloed sal vir julle 'n teken wees aan die huise waarin julle is: **as Ek die bloed sien, sal Ek by julle verbygaan.** En daar sal geen verderflike plaag onder julle wees wanneer Ek Egipteland tref nie.” Eks 12:12-13)
- Verbond met Christus as Lam: Ons moet onder die bloed van Jesus kom. “Toe neem Hy die beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy dit aan hulle en sê: Drink almal daaruit. **Want dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes.**” (Mat 26:27-28) So indien ek nagmaal gebruik sal die doodsengel my nie kan aanraak nie, en verkry ek die ewige lewe.

5. WAAR WAS DIE WET?

- Verbond voor Christus: Wet op kliptafels geskryf soos opgeskrywe in Eksodus 20. Moses beskryf die gevolge ook daarvan verder: “En die HERE het groot en onheilbrengende tekens en wonders voor ons oë in Egipte aan Farao en sy hele huis gedoen. En Hy het ons daarvandaan uitgelei om ons in te bring, sodat Hy ons die land kan gee wat Hy aan ons vaders met 'n eed beloof het. En die HERE het ons beveel om al hierdie insettinge te volbring, om die Here onse God te vrees, dat dit met ons altyd goed mag gaan, om ons in die lewe te hou soos dit vandag is. **En dit sal geregtigheid vir ons wees as ons sorgvuldig al hierdie gebooie hou** voor die aangesig van die HERE onse God soos Hy ons beveel het.” (Deu 6:22-25) **So hul geregtigheid was uit onderhouding van die wet.**
- Verbond met Christus as Lam: Wet op die hart geskryf. Jer 31:33: “Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my wet in hulle

binneste en skrywe dit op hulle hart; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees." Die Hebreërs skrywer druk dit as volg uit: *"Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees."* (Heb 8:10) *"Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek vir Dawid 'n regverdige Spruit sal verwek, en as Koning sal Hy regeer en verstandig handel en reg en geregtigheid doen in die land. In sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID".* (Jer 23:5-6) So ons geregtigheid is Jesus as verlosser.

6. OP WIE WAS DIT VAN TOEPASSING?

- Verbond voor Christus: Beide Israel en buitelanders. ***"Een wet moet geld vir die kind van die land en vir die vreemdeling wat onder julle vertoef.*** (Eks 12:49) ***En 'n menigte mense van gemengde bloed het ook saam met hulle opgetrek, en kleinvee en beeste—'n groot hoeveelheid vee.***" So selfs in Moses se tyd was vreemdelinge deel van die verbondsvolk. Maar dit was ook die eerste gemeente op aarde. Moses gebruik hier die woord vergadering van Israel om na hulle te verwys. Wanneer ons die benaming van gemeente of vergadering van Israel na soek in die Ou Vertaling word dit 80 keer gebruik om na die kinders van die HERE te verwys. In die Engelse King James Version van die Bybel word die woord "congregation" 363 keer gebruik in 350 verse om na Israel as "congregation" of in Afrikaans gemeente, te verwys. Dit bevestig ook wat die HERE vir Abraham beloof het. ***"Daarom sal hulle jou nie meer Abram noem nie, maar jou naam sal wees Abraham, want Ek maak jou 'n vader van 'n menigte van nasies"***.
- Verbond met Christus as Lam: **Daar is geen verandering nie.** Want dit is nie nodig nie. Daar was reeds vir ons voorsiening gemaak. Jesus het net dit kom volbring wat nodig was sodat Hy dit wat op Hom gewys het gedoen het en alle sonde op Hom kon neem en ons in die regte verhouding met die Vader geplaas. Dit geld vir elke persoon wat glo dat Jesus die Lam is, Israel en vreemdeling. Nou kan ons in die geregtigheid van Jesus lewe, want Hy is ons geregtigheid. Soos Jeremia dit stel: ***"In dié dae sal Juda verlos word en Jerusalem veilig woon; en dit sal die naam daarvan wees: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID."*** Jer 33:16 Wanneer ons Sy geregtigheid besit dan kan ons met vrymoedigheid na die HERE gaan : ***"Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."*** Heb 4:16.

Noudat ons meer weet oor Jesus as die hoeksteen en wie Hy werklik is, en natuurlik die regte Jesus gevind het, kan ons aangaan met ons gebou en kyk hoe ons moet bou. Terselfde tyd weet ons nou ook indien jy nie dit geleer word nie, jy heel moontlik die verkeerde Jesus aanhang en van geleer word.

Iets om mee af te sluit vir die hoofstuk is die betekenis van die hoeksteen in bousterme: Die hoeksteen was vir die ou antieke bouers die heel belangrikste steen van die hele gebou. Dit was eerste gelê – in die Noord-Oostelike hoek van die erf/area waar die gebou opgerig sou word. Die Noord-Oostelike hoek was vir die Ou Nabye Ooste die hoek/rigting van voorspoed en guns. Hulle het baie moeite gedoen met die opmeet van hierdie steen, want dit het die hele gebou se rigting en opmeting bepaal. So nie net is die hoeksteen self belangrik nie, maar die presiese plek moet ook bepaal word voor dit gelê word. So is dit ook in ons lewens belangrik dat Die Hoeksteen op die regte plek in jou lewe is sodat jy ook die geestelike voorspoed en guns in jou verhouding met die HERE kan ervaar elke dag.

HOOFSTUK 9

PETRUS AS ROTS VAN DIE KERK

*“En toe Jesus in die streke van Cesaréa-Filippi kom, vra Hy sy dissipels en sê: Wie sê die mense dat Ek, die Seun van die mens, is? En hulle antwoord: Sommige Johannes die Doper, en sommige Elía, en ander Jeremia of een van die profete. Hy sê vir hulle: Maar julle, wie sê julle is Ek? **En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God.** Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is. **En Ek sê ook vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my gemeente bou, en die poorte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.** En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees. Daarop het Hy sy dissipels bevel gegee dat hulle vir niemand moes sê dat Hy Jesus die Christus is nie.” (Mat 16:13-20)*

Hier kom ons nou by die tweede gedeelte van die geestelike gebou wat ons besig is om te bou in ons lewens. Eerstens moes ons seker maak dat ons die regte hoeksteen het en dan kan ons na Petrus kyk wat Jesus van sê dat op hierdie rots sal Hy Sy Kerk bou. So indien ons nie glo dat Petrus die rots is waarop ons moet bou nie, bou ons verniet. Net so indien ons die verkeerde Jesus as Hoeksteen het. Die twee loop hand aan hand.

En hier begin die moeilikheid want die mense is bang om na Petrus te verwys. Nou lees ons ook dat Luther te velde getrek het teen die gesag van die Roomse Kerk omdat die pous nou kwansuis Petrus word sodra hy ingesweer word en net hy by magte is om die hemel oop te sluit vir gelowiges en toe te sluit vir die wat nie in die Roomse Kerk is nie. So nou vind ons dat al die mense maar bang is om oor dit wat Petrus geskryf en gepraat het te praat, want hulle is bang vir die koppeling wat die mense dan maak met die Roomse Kerk. Maar indien ons nie voortbou op Petrus nie, vind ons dat ons bouwerk nie volledig is nie, en dan gaan ons maar eerder na Paulus se briewe toe, want om oor Petrus te praat is nie die probleem nie, maar om na sy briewe te verwys is n probleem aangesien hy nogal baie oor werke te sê het. En dan het die hele reformasie beweging dan juis gegaan daaroor dat ons net uit geloof gered word. Van werke moes almal afsien, want dan het jy Roomse stellings ondersteun. Die rede vir werke word vir ons baie duidelik in Jakobus uitgelig: *“Wat baat dit, my broeders, as iemand sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dié geloof kan hom tog nie red nie? As daar nou ‘n broeder of suster naak is en aan die daaglikse voedsel gebrek het, en een uit julle sou vir hulle sê: Gaan heen in vrede, word warm, word versadig, maar julle gee hulle nie wat vir die liggaam nodig is nie—wat baat dit? Net so is ook die geloof, as dit geen werke het nie, in sigself dood. Maar iemand sal sê: Jy het die geloof en ek die werke. Toon my jou geloof uit jou werke, en ek sal jou uit my werke my geloof toon. Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder. Maar wil jy weet, o nietige mens, dat die geloof sonder die werke dood is? **Is Abraham, ons vader, nie uit die werke geregverdig toe hy Isak, sy seun, op die altaar geoffer het nie? Sien jy dat die geloof saamgewerk het met sy werke en dat die geloof volkome geword het uit die werke? En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is ‘n vriend van God genoem. Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie? En is Ragab, die hoer, nie ook net so geregverdig uit die werke toe sy die boodskappers ontvang en met ‘n ander pad weggestuur het nie? Want soos die liggaam sonder gees dood is, so is ook die geloof sonder die werke dood.”** (Jak 2:14-26)*

MAAR WAT IS PETRUS SE LERINGS?

Ek wil net begin met ‘n aanhaling uit die eerste hoofstuk van Petrus se eerste brief wat ek nie iets vêrder oor gaan uitbrei nie aangesien Petrus dit reeds vir ons in ‘n baie praktiese manier uitgespel

het. Die eerste paar verse sal ek volstaan by dit was ek in die voorafgaande hoofstuk reeds redelik volledig oor uitgebrei het oor wie die regte Jesus is. Nou kan ons kyk na Petrus se volgende standpunte, en soos die eerste paar verse glo ek nie ek het nodig om enigeiets verder oor die gedeelte te sê nie, want daar is nie 'n ander betekenis wat daaraan gekoppel kan word nie. *“Soos gehoorsame kinders moet julle nie jul lewe inrig volgens die begeerlikhede wat tevore in julle onwetendheid bestaan het nie. Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, omdat daar geskrywe is: **Wees heilig, want Ek is heilig. En as julle Hom as Vader aanroep wat sonder aanneming van die persoon oordeel volgens elkeen se werk, wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap; omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil, julle wat deur Hom glo in God wat Hom uit die dode opgewek en Hom heerlijkheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op God kan wees. As julle in gehoorsaamheid aan die waarheid julle siele deur die Gees tot ongeveerinsde broederliefde gereinig het, moet julle mekaar vurig liefhê uit 'n rein hart; want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly. Want alle vlees is soos gras, en al die heerlijkheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is.”** (1Pe 1:14-25)*

Nou kan ons aangaan na hoofstuk 2. *“Lê dan af alle boosheid en alle bedrog en geveinsdheid en afguns en alle kwaadpraterij; en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste melk van die woord, dat julle daardeur kan opgroei, as julle ten minste gesmaak het dat die Here goedertieren is. Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is, maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus. Daarom staan dit ook in die Skrif: Kyk, Ek lê in Sion 'n uitverkore en kosbare hoeksteen, en die wat in Hom glo, sal nooit beskaam word nie. Vir julle dan wat glo, is Hy kosbaar; maar vir die ongelowiges geld die woord: Die steen wat die bouers verwerp het, dit het 'n hoeksteen geword; en: 'n Steen des aanstoots en 'n rots van struikeling— vir dié wat hulle daarteen stamp, omdat hulle aan die woord ongehoorsaam is, waarvoor hulle ook bestem is. Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is. **Geliefdes, ek vermaan julle as bywoners en vreemdelinge om julle te onthou van vleeslike begeertes wat stryd voer teen die siel; en hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking.”** (1Pe 2:1-12)*

Petrus se eerste oproep hier is om weg te kom van alle bedrog en geveinsdheid, afguns en kwaadpraterij. So hier bevestig Petrus wat ons in die vorige gedeelte geleer het van die verbond, dat ek eers van alles wat skeiding maak tussen my en Hom moet agter my los en weggom daarvan. So ek moet my lewe verander en dit beteken bekering. Soos ek ook in die slotparagraaf van die vorige hoofstuk verduidelik het, moet ek Die Hoeksteen op die regte plek in my lewe plaas voordat ek kan begin bou aan my geestelike tempel.

Paulus druk dit as volg uit: *“Want ons is medewerkers van God; die akker van God, die gebou van God is julle. Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels— elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal*

elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen. Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie? As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle. Laat niemand homself mislei nie: as iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word; want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang; en verder: Die Here ken die gedagtes van die wyse mense, dat dit nietig is. Laat niemand dan op mense roem nie, want alles behoort aan julle; of dit Paulus is of Apollos of Céfas of die wêreld of lewe of dood of teenswoordige of toekomstige dinge—alles behoort aan julle; maar julle behoort aan Christus, en Christus aan God.” (1Ko 3:9-23)

So hieruit leer ons dat ons hele lewe 'n opleidings geleentheid is. Ons moet soos babas begin met melk te drink en dit is om te leer wie Jesus is en daarna kan ons aangaan na vaster spys. Hebreërs druk dit soos volg uit: ***“Want hoewel julle vanweë die tyd leraars behoort te wees, het julle weer nodig dat 'n mens julle die eerste beginsels van die woorde van God moet leer, en julle het weer behoefte aan melk en nie aan vaste spys nie. Want elkeen wat melk gebruik, is onervare in die woord van geregtigheid, omdat hy 'n kind is. Maar vaste spys is vir volwasse nes, vir die wat geestesvermoëns besit deur die gewoonte geoefen, om goed van kwaad te onderskei.”*** (Heb 5:12-14) En dan gaan die skrywer voort in hoofstuk 6 met: ***“Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van die handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.”*** (Heb 6:1-2)

So dit is waarna Petrus verwys, dat wanneer ons begin met ons pad saam met die HERE, ons eerste kos moet wees melk en soos dit aangedui word in Hebreërs beteken dit dat ons sal leer wat die ses basiese beginsels van ons geloof is en ons dan die ander beginsels kan leer en aangaan na sterker kos wat die HERE graag vir ons wil gee, maar ons moet eers die melkkos verstaan.

Dan kan ons begin bou aan hierdie geestelike gebou waarvoor ons geroep is in die lewe om soos Petrus lewende stene te wees vir hierdie gebou wat ons besig is om op te rig. Die Kerk van Jesus Christus. En hierdie volk bestaan nie uit 'n spesifieke klomp mense of net een nasie nie, nee dit bestaan uit alle mense en alle tale van hierdie wêreld. ***“Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.”***

Te veel mense se eerste assosiasie met die woord 'kerk' is met kerkgeboue; nie met diegene in daardie geboue nie. Ek is nie teen kerkgeboue gekant nie. Allermens. Maar ek weet kerkgeboue is niks heiliger as enige ander plekke nie. Nogtans hoor ek steeds hoe mense praat van kerkgeboue as die 'huis van die Here', al trek Jesus en Paulus 'n groot streep daardeur. In Johannes 2 en 4 het Jesus aardse heilige plekke finaal oorbodig verklaar.

Op sy beurt skryf Paulus drie keer in die Korintiër-briewe dat God nie in statiese geboue van klip en steen woon nie, maar in menslike tempels. Volgelingen van Christus is nou Sy aardse adres. God is nie staties en gebou gebonde nie, maar dinamies. Hy is aan die beweeg. Daarom is mense wat Jesus volg, Sy heeltjyds nuwe adres.

Kerkgeboue se funksie is om Sondae, wanneer die lewende huise van die Here daar besoek aflê, te verander in simfonie sale waar God geloof word. Dit moet dan gimnasiums wees waar mense se geloof sterk gemaak word. En dit moet dien as hospitale waar beseerdes se wonde deur die Gees en die Woord verbind word.

Maar kerkwees hou volstoom aan wanneer gelowiges gedurende die week in die Here se diens staan op elke plek waar hulle hulle bevind. Alle gelowiges is immers heeltydse geroepenes in die Here se aktiewe diens.

Die meetinstrument vir egte lewe in die kerk is nie geleë in die getal programme of aksies wat gemeentes aanbied om nog meer mense op hul perseel te kry nie, maar eerder in die vraag of diegene wat al hierdie aktiwiteite bywoon, eie bedienings het. Hiermee word bedoel: Hoeveel kerkgangers is deurlopend betrokke by verhoudings gedrewe aksies (wat nie noodwendig deur 'n leraar of kerkraad beheer word nie!), byvoorbeeld die versorging van armes en die ondersteuning van eensames, siekes, straatkinders, jong mense, bejaardes en soekendes?

Eers wanneer mense daaglik deur Jesus se volgelinge met liefde gedien word, maak al ons besoeke aan kerkgeboue regtig sin. Dan is kerkwees van Maandag tot Sondag een groot simfonie; 'n week lange erediens tot eer van God wat nooit ophou nie. Dan word die ganse lewe 'n simfonie saal, 'n gimnasium en 'n hospitaal tot eer van God. Dan werk die kerk daaglik daar waar dit saakmaak.

Dit beteken jy is spesiaal - die HERE het jou gekies. Dit was nie op grond van jou agtergrond of prestasies nie, maar as gevolg van die Lewende Steen en Fondament van die Kerk, Jesus Christus.

So ons eerste roeping is om Kerk te wees, en dit is 'n voltydse beroep van Maandag tot Sondag. Daar is nie kanse om n breuk te vat nie, ons moet elke dag van ons lewe so lewe dat almal om jou kan sien dat jy God se kind is.

Dan vind ons hoofstuk 3 wat baie mense nie altyd reg verstaan nie wat handel oor die doop en wat Jesus gedoen het na Sy kruisiging. *"Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring—Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis, wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is; waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete—deur die opstanding van Jesus Christus wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is."* (1Pe 3:18-22)

Daar is twee gedeeltes wat uitstaan in die aanhaling. Eerstens leer ons dat Jesus moes gaan preek het vir die wat voor die sondvloed gesterf het om hulle geleentheid te gee om deel van die verbond te word aangesien hulle nie in enige verbond met die HERE gestaan het nie. So die wat dit aanvaar het, is toe saam met Hom hemel toe.

MAAR WAT HET DIT BETEKEN DAT JESUS MOES STERF EN TOE WEER OPSTAAN?

Het u al ooit gewonder oor die onderwerp? Miskien weet u dalk presies hoekom dit moes gebeur. Iets wat vir my interessant was vanoggend toe ek die Bybel lees, is dat die dissipels altyd Jesus, en Hom as gekruisigde, maar meer nog dat Hy opgestaan het, verkondig.

Dit het my laat wonder of ons almal altyd verstaan wat dit alles vir ons as Christene beteken. Besef ons regtig wat die betekenis is? Hoekom moes dit gebeur? Wat was God se plan daarmee?

Ek wil graag begin by wat Jesus se eie woorde daaroor was. Markus 14:58 *"Ons het Hom hoor sê: Ek sal hierdie tempel wat met hande gemaak is, afbreek en in drie dae 'n ander een opbou wat nie met hande gemaak is nie."* Nou mag u dalk wonder hoekom ek juis hierdie gedeelte aanhaal, aangesien dit niks direk oor die kruisiging en opstanding noem nie. Ons weet wel almal dat dit op die dood en opstanding wys, maar nie vir ons die rede gee hoekom Jesus juis moes sterf, en hoekom Jesus weer moes opstaan nie.

‘n Ander gedeelte wat ek graag wil aanhaal is as volg: Lukas 12:50 *"Maar Ek het 'n doop om mee gedoop te word, en hoe benoud word Ek totdat dit volbring is!"* Dit is nogal snaaks dat Jesus die woord doop gebruik, want ons dink mos altyd dat ‘n doop net in water kan geskied. Jesus gebruik juis die woord doop, omdat Hy te kenne gee dat dit ‘n proses is wat Hy moet deurgaen, maar wil Hy ook vir ons te kenne gee wat die doop vir ons beteken.

Kom ons begin by die tempel.

Die tempel soos dit bestaan het in Jesus se tyd, is deur die persone gebou wat uit Babel teruggekom het. Dit is hoekom die mense ook gewonder het hoe Jesus iets wat ses en veertig jaar geneem het om te bou, in drie dae sou afbreek en opbou. Voor dié tempel, was daar Salomo se tempel. Ons kan die geskiedenis van die tempel nagaan in 1 Konings 6, 7 en 8. Maar voor Salomo se tempel was daar net die tabernakel. Die uitleg en bepalinge vir die tabernakel het Moses die instruksies voor in die woestyn gekry het.

"Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon. Volgens alles wat Ek jou laat sien—die voorbeeld van die tabernakel en die voorbeeld van alles wat daarby behoort—so moet julle dit maak." Exodus 25:8-9.

Wat was die hoofdoel van die tabernakel, en later die tempel? Dit was ‘n plek waar die mense heen moes gaan om boete te doen vir hulle sonde. Daar moes hulle afhangende van wat die oortreding was, hulle offers aan die Here bring. Daar was ook bepaalde voorskrifte aan verbonde, afhangende van die tipe offer. Indien dit ‘n sondoffer of skuldoffer was, het dit vergifnis teweeggebring. Die Israeliete kon ook vrywillige dankoffers en spysoffers of brandoffers bring. Al hierdie offers moes deur ‘n priester waargeneem word. Geen persoon wat nie van Levietiese afkoms was, kon offers aan die HERE bring nie. Indien jy dit self wou doen, het met jou gebeur wat met Saul gebeur het toe hy self wou offer omdat hy gedink het Samuel gaan laat wees. Vir Saul het dit beteken dat die HERE nie sy koningskap bevestig het nie. Daaroor is Dawid later deur die HERE aangewys en toe gesalf as koning.

Was daar nie iets voor die tabernakel nie? Nee. Ons lees dat die tabernakel juis ontstaan het omdat die Israeliete nie direk van die HERE wou opdragte kry nie. Toe Israel uit Egipte is, was daar ook nie ‘n ark nie, en ook geen Leviete nie. Elkeen, ons kan maar gaan lees in Genesis, kon self offer vir die HERE. Daar was geen voorskrifte aan verbonde oor waar, hoe, en wie mag offer nie. Daar was wel sekere uitsonderings soos Abraham wat aangesê is om op Horeb te gaan offer. *"En toe die hele volk die donderslae en die blitse en die geluid van die basuin en die rokende berg bemerk, het die volk dit gesien en gebewe en op 'n afstand bly staan. En hulle het vir Moses gesê: Spreek u met ons, dat ons kan luister; maar laat God nie met ons spreek nie, anders sterwe ons. Toe antwoord Moses die volk: Wees nie bevrees nie, want God het gekom om julle te beproef en dat sy vrees voor julle oë mag wees, sodat julle nie sondig nie. So het die volk dan op 'n afstand bly staan. Maar Moses het nader gegaan na die wolke donkerheid waar God was."* (Exo 20:18-21) Dan verklaar die HERE verder: *"Ook moet hulle vir My 'n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon. Volgens alles wat Ek jou laat sien—die voorbeeld van die tabernakel en die voorbeeld van alles wat daarby behoort—so moet julle dit maak."* (Exo 25:8-9)

Die belangrikste betekenis van die tabernakel is dat God die Vader werklik daar kom woon het. *"Toe het die wolk die tent van samekoms oordek, en die heerlijkheid van die HERE het die tabernakel vervul, sodat Moses nie in die tent van samekoms kon ingaan nie, omdat die wolk daarop gerus en die heerlijkheid van die HERE die tabernakel vervul het."* (Exo 40:34-35) Vandag kom maak Hy woning in ons deur Sy Gees. *"Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring, nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here. Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van*

Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees." (Heb 8:8-10)

Die tabernakel is besprinkel met bloed. Die Hoëpriester kon net een keer per jaar in gaan in die allerheiligste nadat hy ook skuldbelydenis gedoen en gereinig is. Daar moes verdere bloed besprinkel en geoffer word vir die volk. Net deur gestorte bloed van offerande kon die volk deel word van die verbond en so die dood vryspring.

In die tabernakel was daar verskeie afdelings en artikels tot verheerliking van die Vader en is die tabernakel in drie dele verdeel. Die buitenste voorhof was eerste. Die artikels wat in die buitenste voorhof gevind is was die koperaltaar en die koperwaskom. Daarna was dit die Heiligdom waar ons die goue kandelaar, die tafel met toonbrode en die reukaltaar aantref. Die laaste gedeelte was die allerheiligste. Hier was die verbondsark met die twee gerubs op die versoendeksel.

Eers na Abiram, Korag en Datan se opstandigheid, is die Leviëte aangewys om alleen te offer. Een aspek wat ons moet onthou is dat die gebeure in Numeri en Levitikus nie altyd kronologies opgeteken is nie, aangesien in hoofstuk 6 al opgeteken is hoe Aäron en sy seuns die priesterlike seën moet uitspreek, maar hulle word eers in hoofstuk 18 aangewys vir die diens.

U sien dat wat ons leer uit die geskiedenis van die Ou Testament, is dat die verhouding wat die HERE met die mense gehad het voor die uittog, so was dat die mense elkeen 'n pad met die HERE geloop het. Eers met die uittog en die opstandigheid van Israel, word daar voorskrifte gegee van hoe die HERE aanbid moet word. Voor die tempel en die tabernakel, was die mense vry van voorskrifte, maar daarna nie meer nie. Dit is wat Jesus bedoel het dat Hy binne drie dae die tempel sal afbreek en 'n nuwe tempel oprig.

U sien die ou tempel met al sy voorskrifte moes deur een offer wat Jesus gedoen het, vir altyd nietig verklaar word. Dit is hoekom Jesus geoffer moes word, om eenmaal 'n aanvaarbare offer vir ons sondes te doen. Dus is dit vandag nie meer nodig dat ons vir iemand anders moet vra om vir ons te offer vir vergifnis van sonde nie. Nee, Jesus het dit al 2000 jaar gelede gedoen. Al wat ek moet doen is my sonde bely. Maar dit is makliker gesê as gedaan. Dit is hoekom Hy moes sterf. Jesus moes die reëls en vereistes wat in die woestyn opgestel is, volbring. Hy moes weer die verhouding van Genesis kom herstel. Na Jesus se opstanding verklaar die Bybel dat ons liggame tempels van die Heilige Gees word. So ons moet ons soos tempels gedra. So sal ons ook sien dat in die nuwe tempel van Esegïël alles nog steeds daar is soos in die tyd van Israel, behalwe vir twee voorskrifte. Ons het nie nodig om eerste vrugte na die tempel te bring nie want Jesus was ons eerste vrugte by die Vader. Hy is die eersteling wat opgestaan het uit die dood. Die tweede voorskrif is die bring van tiendes na die Leviëte, aangesien ons nie meer nodig het om iemand te betaal om namens ons offers vir die Vader te bring nie, want Jesus was die volmaakte offer. Hebreërs stel dit juis dat Jesus nie uit die stam van Levi gekom het nie, maar uit Juda. *"Want dit is volkome duidelik dat onse Here uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie."* (Heb 7:14).

Dit bring my by die tweede skrifgedeelte wat ek aangehaal het. Jesus verklaar dat Hy 'n doop het wat Hy moet deurgaen, maar dat Hy self benoud is daarvoor. Hoekom was Hy benoud? Hy het geweet Hy moes gaan sterf. Hy het geweet Hy moet gaan veg teen Satan en hom oorwin. Hy moes die sleutels van die doderyk gaan kry. Hy moes die dood oorwin. Hy moes 'n einde maak aan alle menslike pogings om die HERE te dien, en 'n nuwe orde skep.

Weet u dat dit so 'n moeilike tyd vir Jesus was dat Hy bloed gesweet het in Getsemanè? Dat Hy later nie by magte was om Sy eie kruis te dra nie? Hoekom? Want Hy moes ons sonde dra. Dit is wat dit beteken vir ons om ons sonde te bely. Is dit hoe u gevoel het toe u aangeraak is deur die HERE en onder 'n sonde besef gekom het? Het u gevoel dat dit haas onmoontlik is om u pak te dra? Dit is wat gebeur wanneer ons tot 'n sonde besef kom. Dan besef ek eers dat dit wat ek in my lewe

gedoen het, net Jesus se las nog swaarder gemaak het. Nou kan u dalk verstaan hoekom Jesus self nie by magte was om Sy kruis te dra nie. Hy moes vir Simon van Sirene kry om te help. Dit is wat Hy bedoel het dat Hy 'n doop moet deurgaen wat Hom benoud gehad het. En, dit was maar net die begin.

U sien Hy moes toe nog gekruisig word. Dit was die wreedste dood wat daar was. Dit is gewoonlik opgelê vir moordenaars. Jesus moes vir ses ure aan die kruis gaan hang, van die tyd wat die brandoffer in die oggend hernu word, tot die tyd wanneer dit weer in die aand weer hernu word. U sien Hy moes dië voorskrifte ook eers volbring. Dit is ook hoekom Hy buite die stad geoffer is, want die offers wat die hoëpriester moes bring, moes buite die laer geslag word. Lees maar gerus Hebreërs 9. Dit is seker een van die mooiste hoofstukke in die Bybel wat vir ons verduidelik wat Jesus kom doen het. Hebreërs beskryf vir ons presies wat gedurende die tyd gebeur het: *"En nadat hierdie dinge so ingerig was, het die priesters wel gedurig in die eerste tabernakel ingegaan om die dienste te vervul, maar in die tweede die hoëpriester alleen, een maal in die jaar, nie sonder bloed nie, wat hy offer vir homself en vir die sondes van die volk uit onwetendheid begaan— waarmee die Heilige Gees dit duidelik maak, dat die weg na die heiligdom nog nie geopen is so lank as die eerste tabernakel nog standhou nie. Dit was 'n beeld met die oog op die teenwoordige tyd waarin daar gawes en offers gebring word, wat hom wat die diens verrig, na die gewete nie volkome kan maak nie, omdat dit net bestaan het in spys en drank en verskillende wassing en vleeslike verordeninge wat opgelê is tot op die tyd van herstelling. Maar Christus, wat opgetree het as Hoëpriester van die toekomstige weldade, het deur die groter en volmaakter tabernakel wat nie met hande gemaak is nie, dit wil sê, wat nie aan hierdie skepping behoort nie, ook nie met die bloed van bokke en kalwers nie, maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring. Want as die bloed van stiere en bokke en die as van 'n vers wat die verontreinigdes besprinkel, heilig maak tot reiniging van die vlees, hoeveel te meer sal die bloed van Christus, wat Homself deur die ewige Gees aan God sonder smet geoffer het, julle gewete reinig van dooie werke om die lewende God te dien. En daarom is Hy Middelaar van 'n nuwe testament, sodat, terwyl daar 'n dood plaasgevind het vir die verlossing van die oortredinge onder die eerste testament, die wat geroepe is, die belofte van die ewige erfenis kan ontvang."* (Heb 9:6-15)

Maar wat het gebeur na Jesus se dood en voor Hy opgestaan het? Daar is verskeie tekse wat vir ons lig werp daarop. Die eerste kom van Dawid uit Psalm 68 vers 19: *"U het opgeklim na die hoogte, U het gevangenes weggevoer, U het geskenke geneem onder die mense; ja, ook wederstewiges om daar te woon, o HERE God!"* Is dit nie merkwaardig dat Dawid geweet het wat met Jesus sou gebeur nie? Maar is ek seker dat dit is wat Dawid bedoel het? Kom ons kyk wat Petrus skryf. 1 Petrus 3 verse 18 tot 22 : *"Want Christus het ook eenmaal vir die sondes gely, Hy die Regverdige vir die onregverdiges, om ons tot God te bring--Hy wat wel gedood is na die vlees, maar lewend gemaak deur die Gees; in wie Hy ook heengegaan en gepreek het vir die geeste in die gevangenis, wat eertyds ongehoorsaam was toe die lankmoedigheid van God een maal gewag het in die dae van Noag, onderwyl die ark gereed gemaak is, waarin weinig, dit is agt, siele deur water heen gered is; waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete--deur die opstanding van Jesus Christus wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is."* Verder in 1 Petrus 4 vers 6 skryf hy die volgende *"Want daarom is ook aan die dode die evangelie verkondig, sodat hulle wel geoordeel kan word na die mens in die vlees, maar lewe na God in die gees."* Ook in Handeling 2 vers 24: *"Hom het God opgewek, nadat Hy die smarte van die dood ontbind het, omdat dit onmoontlik was dat Hy daardeur vasgehou sou word."*

U sien dit is wat Jesus gaan doen het. Hy moes die dood gaan oorwin. Hy moes die mense wat nooit deel gehad het aan die eerste verbond nie, gaan vertel hoekom Hy moes kom, sodat hulle ook deel kon word van die verbond. Dit is hoekom Hy moes heengaan na die doderyk, sodat Hy die dood se mag kon verbreek, en die verlostes kon gaan haal het.

Maar hoekom moes Hy drie dae lank dood wees? Jesus het die volmaakte tyd wat Hy self ook aangekondig het, in die doderyk deurgebring. *"Toe spreek sommige van die skrifgeleerdes en Fariseërs en sê: Meester, ons wil graag 'n teken van U sien. Maar Hy antwoord en sê vir hulle: 'n Slegte en owerspelige geslag soek na 'n teken, en geen teken sal aan hom gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona. Want soos Jona drie dae en drie nagte in die buik van die groot vis was, só sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte in die hart van die aarde wees. Die manne van Ninevé sal in die oordeel opstaan saam met hierdie geslag en dit veroordeel; want hulle het hul op die prediking van Jona bekeer, en—meer as Jona is hier!"* (Mat 12:38-41)

Verder is dit algemeen bekend in mediese kringe dat die vlees na drie dae alle kanse op herstel verloor het en dan begin vergaan. **Maar dan kom die groot aankondiging, Hy het opgestaan.**

Dit is wat Hosea oor dié dag geprofeteer het. Hosea 13:14 *"Uit die mag van die doderyk sal Ek hulle loskoop, Ek sal hulle verlos van die dood. Dood, waar is jou pestilensies? Doderyk, waar is jou verderf?"*

Verstaan u nou hoekom Jesus moes sterf en opstaan? Sodat u en ek deel kan word van Sy koninkryk. Dit is hoekom Jesus na die tydperk as 'n doop verwys het. Want dit is presies wat die doop vir ons doen. Ek moet beseft dat ek nie kan voortgaan in sonde nie. Ek moet 'n Getsemani ondervinding hê. Dan moet ek doen wat Jesus ons beveel het, naamlik om my kruis op te neem en Hom te volg. U sien, ek moet ook toelaat dat my lewe en my sondes aan die kruis gespyker word om te sterf. Op pad soontoe sal die Heilige Gees u help dat u by u kruis sal uitkom. Dan kan ek sterf. Wanneer ek dit doen bied Jesus 'n volmaakte offer aan vir my sondes by die Vader. Maar, weet u Jesus het opgestaan, en daarvoor sal ek ook opstaan uit die doopwater as 'n nuwe skepsel. Een wat nie meer kan sterf nie, want die dood het nie meer mag oor my nie. Dit is wat Hosea verklaar. Net soos Jesus die dood oorwin het, word die mag van die dood vir my gebreek. Nou kan ek weet dat die Satan nie meer 'n houvas op my het nie, want Jesus het ook vir my die volmaakte offer gebring, en is deur Vader aanvaar. Nou kan ek verklaar dat ek tot wedergeboorte gekom het. Dit is ook die betekenis van Johannes 3 verse 5 en 6 : *"Jesus antwoord: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie gebore word uit water en Gees nie, kan hy in die koninkryk van God nie ingaan nie. Wat uit die vlees gebore is, is vlees; en wat uit die Gees gebore is, is gees."* U sien in die voorbeeld van Jesus, leer ons dat dood altyd lewe vooruitgaan.

Dit ook wat Petrus verklaar het in 1 Petrus 3. *"waarvan die teëbeeld, die doop, ons nou ook red, nie as 'n aflegging van die vuilheid van die vlees nie, maar as 'n bede tot God om 'n goeie gewete--deur die opstanding van Jesus Christus wat heengegaan het na die hemel en aan die regterhand van God is, terwyl engele en magte en kragte aan Hom onderwerp is."*

Ons lees ook in die Bybel dat Jesus na die Kerk verwys as Sy bruid, en dat Hy die bruidegom is. In die geskiedenis vind ons dat wanneer iemand sou trou, die bruidegom moes weggaan om die huis vir sy bruid in gereedheid te bring. Dit is wat Jesus vandag doen. Dit is ook hoekom Hy verklaar het dat Hy moes weggaan om vir ons 'n huis in gereedheid te bring.

Een vraag vir u : Is u lewe skoon en sonder letsels, of het u ook al weg hoereer agter ander gode aan? Is u nog die maagd wat Jesus vermag?

SAMEVATTING VAN DIE GEDEELTE

So om saam te vat. Jesus het verklaar dat Hy die tempel sou afbreek in drie dae omdat Hy 'n nuwe tempel, in ons liggame, wou vestig. Al ons eie probeerslae om in verhouding met God te kom, is tevergeefs. Hy moet 'n nuwe orde daar stel. Die Heilige Gees moet kom woning maak in ons harte, en dit kan slegs gebeur as die sonde in ons lewe gebreek is deur die dood van Jesus. Verder moes Hy sterf om die mag van die dood te oorwin, sodat u en ek na wedergeboorte verseker kan wees

dat ons 'n ewigheid saam met Hom in die paradys sal deurbring.

En dan die gedeelte wat al soveel konsternasie veroorsaak het omdat mense nie verstaan wat Petrus bedoel het met die woorde dat dit die doop is wat jou red nie. Wanneer ons terug kyk na die stappe van die verbond wat ek in die vorige hoofstuk beskryf het, vind ons dat die mense uit Egipte, die plek waar die satan heers, moes trek deurdat hulle deur die see moes trek en Farao met al sy magte in die see verdrink het. Dit is presies wat in ons lewe gebeur wanneer ons die stappe van die verbond volg. Die laaste stap is om gedoop te word, want dan word die mag van satan in jou lewe gebreek en dit is wat Petrus hier van skrywe. En dit is ook sommer vir ons bewys dat ek eers moet beseef dat ek 'n verlosser nodig het, tot bekering kom, nagmaal gebruik en dan gedoop word voordat die Bybel vir my sal oopgaan. Babas kan verseker nie die besluite neem nie en dit is waarom Moses verklaar het dat almal van twintig jaar en jonger nie in die woestyn gedood sou word nie, want hulle kon nog nie daardie besluit neem nie. So ons toekoms tot op 21 jaar word bepaal deur wat ons vader gedoen het, het, want hy sal moet pa staan vir my tot ek mondig word.

En natuurlik is hierdie alles werke wat ek moet doen en dit wil die mense niks van weet nie, want dit beteken ek moet verantwoording aanvaar vir my eie lewe en nie soos Calvyn verklaar het dat die HERE net sekere mense wil red nie. Hierdie gedeelte weerspreek Calvyn se teologie heeltemal en dit is wat mense nie wil hê nie, want nou moet ek pa staan vir al my sonde en kan ek nie agter my teologie soos die van Luther en Calvyn wegkruip nie. Ek het keuses om te maak en nie soos die Calviniste beweer dat ek nou myself hoër as die HERE ag nie, maar dat ek moet luister wanneer die Heilige Gees binne my begin werk om my te oortuig van sonde en van geregtigheid. Dit is waaroor Johannes geskryf het toe hy Jesus aangehaal het: *"Maar Ek sê julle die waarheid: Dit is vir julle voordelig dat Ek weggaan; want as Ek nie weggaan nie, sal die Trooster nie na julle kom nie; maar as Ek weggaan, sal Ek Hom na julle stuur; en as Hy kom, sal Hy die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel: van sonde, omdat hulle in My nie glo nie; en van geregtigheid, omdat Ek na my Vader gaan en julle My nie meer sal sien nie; en van oordeel, omdat die owerste van hierdie wêreld geoordeel is."* (Joh 16:7-11)

Dan wil ek graag kyk na hoe Petrus ons leer om meer van die HERE te leer en om 'n heilige lewe te leef.

HOOFSTUK 10

DIE SEWE DEUGDE VAN DIE MEES SUKSESVOLSTE CHRISTENNE-GEBASEER OP DIE 2DE BRIEF VAN PETRUS

Ek wil graag in hierdie kort gedeelte kyk na die 7 deugde wat Petrus vir ons as Christenne uitlig en wat hierdie deugde vir ons beteken wanneer ons dit as ons waardestelsel gebruik. Maar voor ons daar kan kom moet ons eers kyk na wat beteken die woord sukses. Hoe definieër ons sukses?

Woordeboek betekenis: suk•ses s.nw. [~se; ~sie] vervulling van wat jy wou bereik/regkry; goeie gevolg/uitslag; welslae; geluk; voorspoed: Ná 'n lang gesukkel het ons eindelijk suksesbehaal. • Ons wens jou almal sukses toe in jou nuwe werk. • Die operasie was 'n sukses. • met sukses bekroon word. [Frans succes; Latyn successus] As ons na wêreldse suksesse kyk kry ons name soos Bill Gates, Bill Clinton, Donald Trump, Warren Buffet en dalk ook Nelson Mandela. Maar wat van Billy Graham? Meeste mense sal sê dat hy baie gedoen het om die boodskap van Jesus uit te dra, maar sal hom nie sommer as een van die suksesvolste persone beskryf nie.

Maar ek wonder altyd oor die volgende vers wanneer ek aan sulke persone dink: Markus 8:36
“Want wat sal dit ‘n mens baat as hy die hele wêreld win en aan sy siel skade ly?”

“Want ons ligte verdrukking wat vir ‘n oomblik is, bewerk vir ons ‘n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.” (2Kor. 4:17-18) So Jesus vertel ons dat ons nie moet let op die sigbare tekens nie, maar na die onsigbare tekens wat vir ons saligheid, siel en gees, sal waarde toevoeg. So dit gaan nie oor ons fisiese lewe nie, maar oor ons geestelike lewe waar ons op moet konsentreer en suksesvol moet wees. Ons moet konsentreer op dit wat ewigheids waarde het. Nou skryf Paulus ook die volgende aan Timotheus: *“Maar verwerp onheilige en oudwyfse fabels, en oefen jou in die godsaligheid. Want die liggaamlike oefening is tot weinig nut, maar die godsaligheid is nuttig vir alles, omdat dit die belofte van die teenwoordige en die toekomstige lewe het.”* (1Ti 4:7-8) Nou kom ons nader aan die waarheid, en iets om na te streef en te bereik wat ewigheids waarde het. Maar dit gaan oefening en dissipline verg om by die punt uit te kom waar dit nie net vir die lewe hierna nie, maar ook ons lewe nou gaan beïnvloed. Nou kom ons nader aan 'n definisie van werklike sukses vir Christenne. **‘n Gedissiplineerde najaag van ‘n godsalige lewe sal vir ons sommer ‘n dubbel dosis sukses inhou, beide fisies en geestelik.**

Paulus begin sy skrywe aan Korinte as volg: *“En toe ek by julle gekom het, broeders, het ek nie aan julle die getuigenis van God kom verkondig met voortreflikheid van woorde of van wysheid nie, want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde. Ek was ook by julle in swakheid en in vrees en in veel bewing; en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag, sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God. Tog spreek ons wysheid onder die volwassenes, maar ‘n wysheid nie van hierdie wêreld, of van hierdie wêreld se heersers, wat vergaan nie. Maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlikheid, wat niemand van die heersers van hierdie wêreld geken het nie—want as hulle dit geken het, sou hulle die Here van die heerlikheid nie gekruisig het nie— maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van ‘n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.”* (1Ko 2:1-9)

Bybelse sukses word dan gedefinieer volgens hoeveel godsaligheid ons bereik tydens ons lewe hier op aarde.

Nou het ons ons doel gedefinieer: om godsaligheid te bereik. So ons moet onself disiplineer om die doel te bereik soos wat ons vind atlete dit doen om sukses op hulle gekose vlak te bereik, of akedemiese persone wat hulle toewy om hul doel te bereik, of 'n besigheids persoon wat graag die hoogste sport in sy besigheid wil bereik. Hulle lewe en wy hulle self toe om hierdie doel van hulle te bereik, maar dit kos disipline en toegewydheid. Dit is hoe ons dit ook moet doen. Ons godsaligheid moet die hele tyd ons hoogste prioriteit wees, en dit is wat ons moet nastreef.

Dit is ook hoekom Jesus gesê het: *“Mat 6:24 Niemand kan twee here dien nie; want òf hy sal die een haat en die ander liefhê, òf hy sal die een aanhang en die ander verag. Julle kan nie God én Mammon dien nie!”* So ons moet ons godsaligheid najaag met dieselfde erns as wat jy jou besigheids sukses najaag. Ek sê verseker nie jy moet jou werk los en nou net jou godsaligheid najaag nie, maar jy moet dit in dieselfde lig sien soos jy jou hele lewe sien. Dit is nie net maar iets wat ek elke nou en dan aandag aan spandeer nie. Dit moet heeltyd iets wees wat ek nastreef.

DIE ANTWOORDE

Hoe benader ons nou hierdie doelwit van godsaligheid? Ons vind die antwoord op die vraag wanneer ons 2 Petrus 1 verse 1 tot 11 bestudeer. Ek wil graag dit op 'n vers by vers metode benader sodat ons die antwoorde in die regte perspektief kan plaas, en nie gedeeltes buite hierdie perspektief gebruik nie. Dit beantwoord ook sommer 'n hele aantal algemene vrae wat ek as Christen elke nou en dan oor wonder. Dit sal vir ons dan die vraag wat ons almal het van “Waarom is ek hier?”, ook beantwoord en betekenis aan gee.

Vers 1: *“Simeon Petrus, 'n dienskneg en apostel van Jesus Christus, aan die wat net so 'n kosbare geloof as ons verkry het deur die geregtigheid van onse God en Saligmaker, Jesus Christus:”* Ons vind nou wie die skrywer van die boek is. Die outeur is Petrus wat 'n apostel was en 'n dienskneg is van Jesus Christus. 'n Dienskneg van Jesus Christus was 'n kneg vir iemand anders gewees, en nadat hy vrygekoop is en nie meer nodig het om die persoon se kneg te wees nie, hom weer willens en wetens weer as 'n kneg vir iemand anders stel. Die Christen se vryheid is gekoop deur die bloed van Jesus Christus. *“omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,”* (1Pe 1:18-19). *“Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort.”* (1Kor 6:19-20) Ons almal was eentyd diensknegte van Satan, maar nadat Jesus ons met Sy bloed losgekoop het, moet ons nou weer onself as diensknegte van Jesus aanstel. Ek kan nie net verklaar dat ons nou vrygekoop is van die Satan nie, maar moet myself weer skaar by Jesus as Sy dienskneg. Ek moet dit uit myself doen en nie gedwonge voel om dit te doen nie. As Sy diensknegte sal ons Sy wil doen en Sy bevele gehoorsaam. Ons let ook op in die brief dat almal wat losgekoop is, geloof ontvang het. Romeine 12 vers 3 stel dit as volg: *“Want deur die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen wat onder julle is, dat hy nie van homself meer moet dink as wat 'n mens behoort te dink nie; maar dat hy daaraan moet dink om besadig te wees **na die maat van geloof soos God dit aan elkeen toebedeel het.**”* So elke Christen het alreeds sy gawe van geloof ontvang soos wat God aan hom toebedeel het. *“Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;”* Joh 1 vers 12. So Petrus skryf dus die brief aan ons, as kinders en diensknegte van God.

Nou kom vers 2. *“Mag genade en vrede vir julle vermeerder word deur die kennis van God en Jesus, onse Here!”* Ons genade en vrede kan vermeerder word. Die Engelse vertalings gebruik die woord “muliplied”. So daar word nie net bygevoeg nie, maar dit word vermenigvuldig. Maar hoe word dit gedoen? Deur kennis van God en Jesus, onse HERE. Die woord kennis word 7 keer genoem in hierdie kort brief, en maak dit die kern van hierdie boek. Baie valse leraars sê dat hulle God ken, *“Tit 1:16 Hulle gee voor dat hulle God ken, maar hulle dade weerspreek dit. Hulle is verfoeilik en koppig*

en deug vir geen goeie werk nie.", maar hulle dade spreek nie daarvan nie. En valse kennis en genade kan nie vermeerder nie.

Vers 3. *"Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag."* So ons het alreeds alles ontvang wat ons benodig omdat Hy dit alreeds vir ons geskenk het. Ek het dit nie verdien nie, maar Hy het dit geskenk. So ons weet dat ons geroep is deur Hom, deur Sy heerlikheid en krag. Dit dwing ons dan ook om Hom te dien, want ons lewe is in Hom.

Vers 4: *"Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeer kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur."* Nie alleen is ons deur Hom geroep nie, maar het ons die grootste gawe wat ons kan kry, verkry. Ons het Sy kind geword, en weet jy wat, Jesus is ook Sy, die Vader se kind, en het ons Sy natuur gekry. So ons het dieselfde natuur gekry as wat Jesus het. Nou kan ons wegvlug van alle begeerlikhede in die wêreld. Ons word nou seuns en dogters van die HERE. Ons het Jesus se natuur ontvang. As dit jou nie opgewonde maak nie, weet ek nie hoe om jou opgewonde te kry nie. Ons het al Jesus se mag alreeds in ons lewe. Wanneer ons kyk na Matteus 28, sê Jesus as volg: *"Mat 28:18 Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde."* Besef jy dat jy dieselfde mag gekry het, want Jesus het ons ook kinders van die Vader gemaak. Het jy al daardie krag geproe en gebruik jy dit elke dag?

DIE DEUGDE

GELOOF EN KENNIS

Vers 5. *"En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis,"*. Nou begin ons by die deugde van die mees suksesvolste Christen. Die drie verse, (5, 6 en 7) lig hierdie deugdes vir ons uit. Dit laat my altyd dink aan 'n leer of soos ons ook leer van Jesus, 'n gebou wat ons moet bou, waar jy onder begin by dit waar almal is en gekry het, naamlik geloof. So sodra jy die eerste trap of ry stene gebou het, lê die volgende ry vir jou voor. Jy kan ook nie sommer dink dat jy net vinnig dit kan bou nie, want jy moet met elke stap verseker dat die boustene nog stewig staan voordat jy na die volgende ry kan gaan. Val jou muur om, dan moet jy maar weer van vooraf begin, en stamp jy die ry om, moet jy maar net uithou en aanhou totdat jy bo kan uitkom. Ek weet nie een van ons hou van terugslae nie, maar miskien is daar nog iets wat jy op die vorige ry mis gekyk het en eers nog moet leer. Die ander eienskap wat ek by 'n gebou vind is dat iemand wat heeltyd afkyk nie maklik bo uitkom nie, want jy wil nie boontoe kyk nie. Maar jou hulp kom juis van bo af, want dan kan jy die res van die gebou nog sien wat voorlê, en gee dit jou moed en por jou aan om seker te maak dat jy bo kan kom. Die ander gedeelte wat ek hieruit leer is dat ons as Christenne geloof kry as 'n geskenk, en wanneer ons hierdie gebou begin bou verander ons morele standarde na Bybelse standarde. En dit is iets wat die wêreldse mense en die lig gelowiges nie van weet nie, omdat hulle nie geloof het nie. So slegs die persone wat geloof ontvang het, sal hierdie gebou kan bou. Ek hou nogal van die NASB(New American Standard Bible) se uitdrukking van "moralexcelence". Dit is wat die eerste ry is, en dit is om jou morele standarde te vestig. Indien die Bybel iets as verkeerd verklaar moet ons nie kom met slinkse stories om die gewoonte en sonde as niks af te maak nie. Dit is iets wat ons so baie kry by teoloë vandag wat die Bybel bevraagteken, of dit afmaak as iets wat nie meer vandag kan geld nie. Of hulle kom met voorstelle wat hulle met geen gedeelte in die Bybel kan vasmaak nie. Of hulle verskuif die klem na iets anders. So word byvoorbeeld gesê Sodom en Gomorra is verwoes omdat hulle nie na hul naaste omgesien het nie, maar Genesis 19 beskryf waarom dit verwoes is, oor seksuele immoraliteit. Ons kan maar net terug dink aan die afgelope paar maande hoeveel van hierdie standarde aangeval is. En dit is waar ons menseregte vandaan kom, want almal wil dat ons nie dit wat vir ons reg is meer mag toepas nie, want dit is "vernederend" vir die wat nie glo in die HERE nie. Ons het mos ons regte.

Die mense laat my dink aan 'n gelykenis van Jesus. *“Sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer. En die een wat die een talent ontvang het, kom ook en sê: Meneer, ek het u geken, dat u 'n harde man is wat maai waar u nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar u nie uitgestrooi het nie; omdat ek bang was, het ek gegaan en u talent in die grond weggesteek. Hier het u wat aan u behoort. Maar sy heer antwoord en sê vir hom: Jou slegte en luie dienskneg, jy het geweet dat ek maai waar ek nie gesaai het nie, en bymekaarmaak waar ek nie uitgestrooi het nie. Daarom moes jy my geld by die wisselaars gestort het, en ek sou by my koms wat aan my behoort, met rente ontvang het. Neem dan die talent van hom weg en gee dit aan die een wat die tien tamente het; want aan elkeen wat het, sal gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, van hom sal weggeneem word ook wat hy het. En werp die nuttelose dienskneg uit in die buitenste duisternis; daar sal geween wees en gekners van die tande.”* (Mat 25:23-30) Dit beskryf nogal vir my die mense wat sê hulle het geloof, en jou aanvat indien jy iets aanraak wat ander mense in 'n slegte lig sal plaas, want jy as gelowige “mag” mos nie oordeel nie. Die feit dat jy al van die rye van jou gebou het, sal hulle altyd afmaak as geestelike hoogmoed.

Die volgende ry wat ons moet baas raak is kennis. Hoe goed ken jy die Bybel? En die boodskap van die Bybel? Kan jy Christus aan mense bekendstel deur net die Ou Verbond te gebruik? Dit is waarvan Petrus hier praat. Ons moet weet wie die HERE is, in al drie vorme, Vader, Seun en Heilige Gees. Ons moet Hom intiem ken soos jy jou lewensmaat ken, indien jy wel jou lewensmaat liefhet, en nie net as 'n slaaf gebruik nie. So ons moet die Bybel en die verlossingsboodskap ken. Ons moet weet hoekom goed gebeur het, en mense kan leer. Dit is tog wat 'n dissipel is. Iemand wat soos sy meester geword het in alle aspekte. Iemand wat mense na kan opkyk en weet dat die persoon die HERE ken en liefhet. *“En die skrifgeleerde sê vir Hom: Goed, Meester, U het met waarheid gesê dat God een is en daar geen ander is as Hy nie; en om Hom lief te hê uit die hele hart en uit die hele verstand en uit die hele siel en uit die hele krag, en om die naaste lief te hê soos jouself, is meer as al die brandoffers en die slagoffers. Toe Jesus sien dat hy verstandig geantwoord het, sê Hy vir hom: Jy is nie ver van die koninkryk van God nie. En niemand het dit meer gewaag om Hom vrae te stel nie.”* (Mar 12:32-34) Dit is die kennis wat ons moet leer. Daardie opgewondenheid wat jy gehad het die eerste paar kere wat jy jou lewensmaat ontmoet het, met jou hart wat hier in jou keel geklop het en waar jy nie kon wag vir die volgende kuier nie. Jesus is immers ons bruidegom waarmee ons in die huwelik bevestig gaan word as Sy bruid. Het jy nog daardie uitkyk in jou lewe dat jy soveel van Hom weet dat jy nie kan wag om eendag voltyds met Hom te wees nie. En dan sal ons Hom eers ten volle kan ken, soos ons lewensmaat.

